

'N MODEL VIR DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS
IN SEKONDÊRE SKOLE

ingedien deur

JACOBUS MARTHINUS THEUNISSEN

BA Honneurs B Ed THOD

VERHANDELING VOORGELê TER VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER EDUCATIONUS

in

ONDERWYSBESTUURSKUNDE

in die

DEPARTEMENT ONDERWYSKUNDE

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOër ONDERWYS

Studieleier: Professor L P Calitz

Mede-studieleier: Doktor P C van der Westhuizen

Januarie 1985

DANKBETUIGINGS

Hierdie verhandeling sou nooit werklikheid kon word as dit nie was vir die hulp van die Here, die goeie Gewer van alles, nie.

Verder is dit vir my 'n opregte behoefte om dank te betuig aan:

- * Prof L P Calitz, my studieleier en Dr P C van der Westhuizen my mede-studieleier vir hulle voortreflike en inspirerende leiding,
- * die Direkteur van Onderwys van die TOD vir toestemming om 'n aantal vraelyste aan sekondêre skole vir voltooiing te stuur,
- * my vrou Adri vir haar lojale ondersteuning asook my dogters Alna en Hester van wie baie opofferings gevra is,
- * my ouers vir hulle aanmoediging en belangstelling al die jare van studie,
- * mev E Hibbert van die Departement Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir statistiese konsultasie verleen,
- * mnr Jack van Rensburg vir die taalkundige versorging,
- * mev Hetta Steenkamp vir netjiese tikwerk.

AAN PAPPÀ EN MAMMA

HOOFSTUK 1

ORIENTERING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 KONTEKS VIR DIE PROBLEEMSTELLING	2
1.3 PROBLEEMSTELLING	3
1.4 HIPOTESE	4
1.5 DOEL MET DIE ONDERSOEK	4
1.6 BESTAANDE NAVORSING RONDOM LEERLINGLEIERSKAP IN DIE RSA	4
1.6.1 Strydom, A.H. 1970. Die taak van die skool as samelewingsverband met betrekking tot die voorbereiding en toerusting van die jeugdige leier vir sy taak in 'n gedifferensieerde samelewing.	4
1.6.2 Bauer, G. 1974. An approach to leadership development in the context of secondary education.	5
1.6.3 Smith, J.A.J. 1982. Leieridentifikasie en 'n poging tot die ontwerp van 'n Christelik-gefundeerde leierontwikkelingsmodel vir die sekondêre skool.	6
1.6.4 Firmani, O.M. 1982. 'n Onderzoek na leerling-leierskapontwikkeling in sekondêre skole met spesiale verwysing na die rol van leerlinge.	7
1.7 METODES VAN NAVORSING	8
1.8 VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE NAVORSING	9
1.8.1 Vloeiagram van die navorsing.	9
1.8.2 Omskrywing van die verwysingsraamwerk.	9

HOOFSTUK 2

FUNDAMENTELE BEGRONDING VAN LEIERSKAP EN DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS	12
2.1 INLEIDING EN DOELWITTE	12
2.2 LEIERSKAP EN LEWENSBEKOUING	12
2.2.1 Inleiding	12

2.2.2	Religie en godsdiens	13
2.2.3	Hart en hartegerigtheid	13
2.2.4	Neutraliteit	13
2.2.5	Die leerlingleier en lewensbeskouing	13
2.3	KRITERIA VIR LEIERSKAP VOLGENS DIE SKRIF	14
2.3.1	Inleiding	14
2.3.2	Perspektiewe uit die Skrif vir leierskap	15
2.3.3	Perspektiewe uit die lewe van Jesus Christus	17
2.3.4	Samevatting	18
2.4	LEIERSKAP EN GESAG	19
2.4.1	Inleiding	19
2.4.2	Oorsprong van gesag	20
2.4.3	Die gesagsdraer besit slegs verleende gesag	20
2.4.4	Gesag stel sekere eise aan die gesagsdraer en sy gesagsonderhoriges.	20
2.4.5	Samevatting	23
2.5	LEIERSKAPSTEORIEË EN LEIERSKAPSTYLE	24
2.5.1	Inleiding en definiering	24
2.5.2	Die eienskapsteorie	26
2.5.3	Die situasieteorie	29
2.5.4	Die groepfunksieteorie	30
2.5.5	Die verskillende leierskapstyle	31
2.5.5.1	Outokratiese leierskapstyl	32
2.5.5.2	Demokratiese leierskapstyl	33
2.5.5.3	Vryeteuellerleierskapstyl	34
2.5.6	Implikasies van die leierskapsteorie en leierskapstyle vir die opleiding van leerlingleiers	35
2.6	LEERLINGLEIERSKAP	37
2.6.1	Inleiding	37
2.6.2	Die identifisering van leerlingleiers	38

	BLADSY
2.6.2.1	Inleiding 38
2.6.2.2	Voorkomssyfer van leerlingleiers 38
2.6.2.3	Van der Merwe se leierskapskeuringsprogram 39
2.6.2.4	Vereistes vir leieridentifisering 39
2.6.2.5	Leierskapidentifisering in praktiese situasies 40
2.6.2.6	Leierskapidentifisering in die Veldskole van die Transvaalse Onderwysdepartement 40
2.6.2.7	Samevatting 41
2.6.3	Soorte leerlingleiers aan die sekondêre skool verbonde 42
2.6.3.1	Inleiding 42
2.6.3.2	Soorte leerlingleiers 43
2.6.4	Die leerlingleier en die adolessente fase 44
2.6.4.1	Inleiding 44
2.6.4.2	Omskrywing van die begrip "adolessensie" 44
2.6.4.3	Omskrywing van die begrip "portuurgroep" 46
2.6.4.4	Belangrikheid van die sosiale ontwikkeling van die adolessent vir hierdie navorsing 46
2.6.4.5	Die beïnvloedingsmag van die portuurgroep op die leerlingleier 48
2.6.4.6	Die adolessent en leierskap 49
2.6.4.7	Samevatting 53
2.7	STEUNGEWING AAN DIE LEERLINGLEIER DEUR DIE VERANTWOORDELIKE ONDERWYSER 54
2.8	DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS 56
2.8.1	Inleiding en doelwitte 56
2.8.2	Bestaande opleidingsprogramme 57
2.8.2.1	Dienswerk-Metodiek : Kursus in leierskap deur die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 57
2.8.2.2	Bestuursbeginsels vir Kerkwerk soos deur die Nederduitse Hervormde Kerk geïdentifiseer 59
2.8.2.3	Bestuurswenke vir die Junior Rapportryer 59

2.8.2.4	Leierskapseminaar vir Wes-Randse Hoërskole deur die Departement van Nasionale Opvoeding	60
2.8.2.5	Jeugleierskursus van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge	60
2.8.2.6	Oriënteringskursus vir Hoofde van die Veldskole van die Transvaalse Onderwysdepartement	61
2.8.2.7	Samevatting en vooruitskouing	62

HOOFSTUK 3

EMPIRIESE ONDERSOEK : WEERGAWE, ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA		65
3.1	MOTIVERING VIR EN AKTUALITEIT VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	65
3.2	DOEL MET DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	66
3.3	HIPOTESE	66
3.4	TEIKENPOPULASIE	66
3.5	STUDIEPOPULASIE	66
3.6	METODE EN UITKOMSTE VAN DIE NAVORSING	67
3.7	WEERGAWE EN INTERPRETASIE VAN DIE VERKREEDE DATA	67
3.7.1	Inligting van die onderwysers	67
3.7.2	Inligting van die leerlingleiers	90
3.7.3	Vergelyking tussen die data verkry van die onderwysers met dié verkry van die leerlinge	106
3.7.3.1	Wyse van opleiding van leerlingleiers	107
3.7.3.2	Die soort opleiding wat leerlingleiers moet ondergaan	107
3.7.3.3	Persone wat die opleiding moet behartig	107
3.7.3.4	Geleenthede vir opleiding	108
3.7.3.5	Pligte en werksterrein van leerlingleiers	108
3.7.3.6	Beplanning as bestuursfunksie	108
3.7.3.7	Grondwet vir leerlingleiers	108
3.7.3.8	Akkommodasiegeriewe vir leerlingleiers	109

3.7.3.9	Funksionering van die leerlingraad	109
3.7.3.10	Vergadertye van die leerlingraad	109
3.7.3.11	Nominasieprosedure	109
3.7.3.12	Karaktervastheid en integriteit as eienskappe van leerlingleiers	109
3.7.3.13	Intellek en oordeelsvermoë van leerlingleiers	110
3.7.3.14	Entoesiasme en ondernemingsgees van leerlingleiers	110
3.7.3.15	Selfvertroue van leerlingleiers	110
3.7.3.16	Vermoë van die leerlingleier om aan te pas en samewerking te verkry	110
3.7.3.17	Organisasievermoë van leerlingleiers	110
3.7.3.18	Redenasievermoë van leerlingleiers	111
3.7.3.19	Delegeringsvermoë van die leerlingleiers	111
3.7.3.20	Beperkinge van die leerlingleier	111
3.7.3.21	Liggaamlike fiksheid en gesondheid as 'n voorvereiste vir leerlingleierskap	111
3.7.3.22	Die leerlingleier en sy geloofsoortuiginge	112
3.7.3.23	Leierskap is nie noodwendig 'n aangebore eienskap nie	112
3.7.3.24	Die leerlingleier en konflikthantering	112
3.7.3.25	Die leerlingleier moet 'n egte belangstelling in sy medeleerlinge hê	112
3.7.3.26	Die leerlingleier en die hantering van kritiek	112
3.7.3.27	Die leerlingleier en die persoonlike behoeftes van die groepslede	113
3.7.3.28	Die leerlingleier en die toepassing van self-insig	113
3.7.3.29	Die voogonderwyser en sy geloofsoortuiginge	113
3.7.3.30	Die voogonderwyser en sy ondersteuningsrol	113
3.7.3.31	Die voogonderwyser as skakel tussen die personeel en die leerlingleiers	114
3.7.3.32	Die voogonderwyser en oormatige werkbelading van die leerlingleier	114
3.7.3.33	Die voogonderwyser en evaluering	114

3.7.3.34	Toepassing van dissipline deur die leerling-leier	114
3.7.3.35	Die leerlingleier en vergaderingsprosedure	115
3.7.3.36	Toepassing van organisasie as bestuursfunksie	115
3.7.3.37	Toepassing van kontrole	115
3.7.3.38	Die leerlingleier en kommunikasiekanale	115
3.7.3.39	Die leerlingleier en probleemoplossing	116
3.7.3.40	Die leerlingleier en groepsdinamika	116
3.7.3.41	Die leerlingleier en beplanning	116
3.7.3.42	Die leerlingleier en openbare optrede	116
3.7.3.43	Ideale hiërargiese ordening van leerinhoude van 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers volgens die onderwyssers en die leerlingleiers	116
3.8	SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING	118

HOOFSTUK 4

'N MODEL VIR DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS	120
4.1 INLEIDING	120
4.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP MODEL	120
4.3 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP OPLEIDING	121
4.4 DIE OPLEIDINGSMODEL VIR LEERLINGLEIERS	122
4.4.1 Lewensbeskouing	122
4.4.2 Doelstellings met die opleiding van leerlingleiers	123
4.4.3 Taakanalise	124
4.4.4 Situasië-analise	125
4.4.5 Leerinhoude	126
4.4.6 Leergeleenthede en leerervarings	128
4.4.7 Evaluering	130
4.4.8 Die opgeleide leerlingleier	132
4.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING	133

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	134
5.1 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE	134
5.1.1 Bevindinge met betrekking tot Christelike leierskap	134
5.1.2 Bevindinge met betrekking tot leierskap en leierskapteorieë	134
5.1.3 Bevindinge met betrekking tot leerlingleierskap	135
5.1.4 Bevindinge met betrekking tot die sosiale ontwikkeling van die adolessent en die beïnvloedingsmag van die portuurgroep	136
5.1.5 Bevindinge met betrekking tot die voogonderwyser	137
5.1.6 Bevindinge met betrekking tot die opleiding van leerlingleiers	137
5.2 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	138
5.3 BEVINDINGE UIT DIE OPLEIDINGSMODEL VIR LEERLINGLEIERS	141
5.4 GEVOLGTREKKINGS EN HIPOTHESETOETSING	141
5.5. AANBEVELINGS	142
5.5.1 Aanbevelings vir die onderwys in die algemeen	142
5.5.2 Aanbevelings vir die opleiding van leerlingleiers	142
5.5.3 Verdere navorsing	143
5.6 SLOTOPMERKING	143
* LYS VAN TABELLE EN FIGURE	vi11
* SUMMARY	x
6. BIBLIOGRAFIE	145
7. BYLAE A: Vraelys A : Die Onderwysers Vraelys B : Die Leerlingleiers	

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

BLADSY

Tabel 2.1	Voorkomssyfer van leiers	38
Tabel 3.1	Opgawe van vraelyste uitgestuur en terugontvang	67

TABELLE MET BETREKKING TOT DIE INLICHTING VAN DIE ONDERWYSERS

Tabel 3.2	Geslag en ouderdom van die onderwysers	67
Tabel 3.3	Ligging, leerlingtal en onderrigmedium van die sekondêre skole	68
Tabel 3.4	Onderwyserervaring en graad van onderwyspos beklee	69
Tabel 3.5	Persentasie leerlingleiers, standerdverband en kultuurleiers	70
Tabel 3.6	Verwisseling van die rol van die voogonderwyser	70
Tabel 3.7	Leieridentifisering en verkiesingsprosedure	71
Tabel 3.8	Wyse van en soort opleiding van die leerlingleier	72
Tabel 3.9	Opleidingsinstansies en opleidingsgeleenthede	73
Tabel 3.10	Pligte en werkterrein, beplanning, grondwet en akkommodasiegeriewe van die leerlingraad	74
Tabel 3.11	Die leerlingraad en funksionering, vergadertye, nominasieprosedure en taak van die voogonderwyser	75
Tabel 3.12	Karaktervastheid, integriteit, intellek, oordeelsvermoë, entoesiasme en ondernemingsgees as eienskappe van leerlingleiers	77
Tabel 3.13	Selfvertroue en die vermoë om samewerking te verkry	78
Tabel 3.14	Organisasie-, redenasie-, en delegeringsvermoë asook kennis van sy eie beperkinge	79
Tabel 3.15	Liggaamlike fiksheid, toewyding aan sy geloofsoortuiginge en leierskap	80
Tabel 3.16	Konflikhantering, belangstelling in medeleerlinge, hantering van kritiek en persoonlike behoeftes asook die toepassing van selfkennis en selfinsig	81
Tabel 3.17	Die voogonderwyser en sy geloofsoortuiginge, funksies van ondersteuning, skakelwerk en voorkoming van oormatige werkbelading	83
Tabel 3.18	Dissipline, vergaderingsprosedure, organisasie, kontrole en kommunikasie as bestuursfunksies van die leerlingleier	84
Tabel 3.19	Probleemoplossing, groepdinamika, beplanning en openbare optrede as bevoegdhede van die leerlingleier	86
Tabel 3.20	Voorkeurorde vir 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers	87
Tabel 3.21	Ideale hiërargiese ordening van leerinhoud in die opleidingsprogram	88

TABELLE MET BETREKKING TOT DIE INLIGTING VAN DIE LEERLINGLEIERS

BLADSY

Tabel 3.22	Geslag en ouderdom van die leerlingleiers	90
Tabel 3.23	Ligging, leerlingtal en taalmedium	91
Tabel 3.24	Leiersposisie, wyse en soort opleiding	92
Tabel 3.25	Opleidingsinstansies en opleidingsgeleenthede	93
Tabel 3.26	Pligte en werksterrein, beplanning, grondwet en akkommodasiegeriewe	94
Tabel 3.27	Die leerlingraad en funksionering, vergadertye, nominasieprosedure en taak van die voogonderwyser	95
Tabel 3.28	Karaktervastheid, integriteit, intellek, oordeelsvermoë, entoesiasme en ondernemingsgees as eienakappe van leerlingleiers	96
Tabel 3.29	Selfvertroue en die vermoë om samewerking te verkry	97
Tabel 3.30	Organisasie-, redenasie- en delegeringsvermoë asook bewus wees van sy eie beperkinge	97
Tabel 3.31	Liggaamlike fikaheid en toewyding aan sy geloofsoortuiginge en leierskap	98
Tabel 3.32	Konflikhantering, belangstelling in medeleerlinge, hantering van kritiek en persoonlike behoeftes	99
Tabel 3.33	Die voogonderwyser en sy geloofsoortuiginge, sy funksies om te ondersteun, om skakelwerk te verrig, om oormatige werkbelading te voorkom en om te evalueer	100
Tabel 3.34	Dissipline, vergaderingsprosedure, organisasie, kontrole en kommunikasie as bestuursfunksies	102
Tabel 3.35	Probeleemoplossing, groepsdinamika, beplanning en openbare optrede as bevoegdheid van die leerlingleier.	103
Tabel 3.36	Voorkeurorde vir die opleidingsprogram vir leerlingleiers	104
Tabel 3.37	Ideale hiërargiese ordening	105
Figuur 4.1	Opleidingsmodel vir leerlingleiers	122

SUMMARY

This study is based upon the Christian practice of science, which implies, among other things, the usage of the transcendental empirical method of research. This means that the empirical data have been viewed and evaluated according to transcendental perspectives (Scripture perspectives).

Leadership plays an important role in society - generally as well more particularly in the school as a social phenomenon. Pupil leadership is essential for the direction of the school on a specific course. The researcher's problem lies in the absence of a model according to which pupil leaders may be trained towards the successful fulfilment of their task as leaders.

The objective of this research is therefore to create a model according to which pupil leaders may be trained adequately for their task as leaders in the Transvaal secondary schools.

To ascertain what has already been undertaken on the study of leadership, and more particularly pupil leadership, a study of literature was undertaken. A number of training programmes were studied to ascertain what has already been accomplished in practice, regarding the training of youthful leaders.

This was followed by empirical research : by means of a questionnaire concerning the position of pupil leadership at secondary schools the practice was examined. This questionnaire was completed by teachers as well as pupil leaders, the objective being the inclusion of the views of both teacher and pupil.

The training model consists of the following components:

- * The Christian-National philosophy of life is the foundation for the training model.
- * The training objectives must be stated explicitly, as this will determine the learning content.

- * The right learning opportunities must be created for the pupil leaders so that the learning content may be unlocked.
- * The training programme must be evaluated so as to ascertain whether the objectives have been realised or not.
- * When the pupil leader has completed a course in pupil leadership according to the training model, he should possess the characteristics required for the successful fulfilment of his task.

A number of important findings came to the fore:

- * The Bible supplies the Christian pupil leader with definite guidelines. The pupil leader must believe in God implicitly as this will influence his relationships regarding his followers as well as the goals set to them by the group.
- * The study of leadership theories and leadership styles indicates that the pupil leader must be aware of this, so as to lead his fellow-pupils towards goal attainment.
- * Pupil leadership is a distinctive leadership, as the pupil leader is a non-adult.
- * The pupil leader is part of a peer group whose values and norms must be respected. Nevertheless he must be able to make a definite stand, although this may get him into disfavour with his friends.
- * The guardian teacher must support the pupil leader and lead him towards the successful fulfilment of his task.
- * It appeared from the study of training programmes that the pupil leader must have knowledge of the application of administrative duties.
- * One of the most important findings of the empirical research was that all respondents feel that there is room for improve-

ment in the training of pupil leaders in the Transvaal secondary schools. Teachers are seen as the most suitable trainers of pupil leaders. In the training programme knowledge of the theory and practice of leadership is seen as the foundation for the training of pupil leaders.

To conclude it may be stated that pupil leaders in the Transvaal secondary schools may be trained by means of a preconceived leadership programme.

ooOoo

ORIENTERING

1.1 INLEIDING

Die lewe stel vandag besondere eise en uitdagings aan elkeen op 'n verskeidenheid terreine soos byvoorbeeld op die wetenskaplik-tegnologiese gebied, die sosio-ekonomiese gebied en die gebied van bilaterale volkereverhoudinge. Die snelle vooruitgang en veranderinge op hierdie gebiede stel besondere eise aan die leiers van 'n land.

Pasques (1976:1) verwys na die sosio-ekonomiese gebied wanneer hy sê dat die stede steeds groter word, die strate en die paaie al hoe voller, die lugruim al hoe rasiger en die lug wat 'n mens moet inasem, al hoe meer besoedel. Die wêreld is dus nie staties nie en elke dag is daar nuwe probleme om die hoof te bied.

Pretorius (1979:106) wys veral op die gevaar van die bevolkingsontploffing en sê dat teen die huidige groeitempo sal daar in die jaar 2 000 nagenoeg 21 miljoen kinders in Suid-Afrika wees. In 1970 was daar slegs 10 miljoen kinders. Hierdie statistiek het betrekking op al vier die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika. Uit hierdie statistiek kan daar afgelei word dat daar op die opvoedkundige terrein alleen geweldige eise gestel gaan word om hierdie kinders van die nodige fasiliteite en leerkragte te voorsien en om hulle voor te berei om hulle plek eendag in die samelewing te kan inneem.

Eise gaan nie net aan die opvoedkundiges gestel word nie, maar aan elke leier van vandag en van die toekoms, eise om die uitdagings wat van dag tot dag gestel word, te bowe te kom. Hier word gedink aan eise om die nodige ruimte en middels te verskaf om te kan oorleef.

'n Besondere soort leierskap word dus vereis. Pauw (1963:1) sluit hom hierby aan en sê dat positiewe en skeppende leierskap vandag - meer as ooit tevore - 'n groot behoefte in die

wêreld is. Dit is dus duidelik dat die gehalte van leierskap 'n beslissende rol sal speel, nie net om probleme op te los nie, maar om beter lewensomstandighede vir alle mense te skep.

Leierskap is dus 'n noodsaaklikheid op alle terreine van die lewe aangesien dit die proses is waardeur die aktiwiteite en behoeftes van daardie betrokke terreine beïnvloed word met betrekking tot doelstelling en doelbereiking. Leierskap is nie 'n handelsartikel wat net van die winkelrak afgehaal kan word om dan gebruik te word nie. Daarom sal daar met groot sorg daarop gelet moet word dat leiers van jongs af die geleentheid gebied moet word om leierskap te beoefen sodat hulle dit eendag effektief in die samelewing sal kan toepas.

Sedert Blake en Mouton in 1964 met hulle bestuursruut (Managerial Grid) en Fiedler met sy situasionele leierskapsmodel (Contingency Theory) nuwe vergesigte geopen het met navorsing in verband met die ontwikkeling van leierskapsmoontlikhede het dit ook neerslag in die onderwyspraktyk gevind waar daar tans groot belangstelling rondom die opleiding van die onderwysleier heers asook met betrekking tot die identifisering en opleiding van die leerlingleiers.

Huidiglik word daar baie aandag aan die opleiding van jeugleiers gegee, veral as daar gekyk word na die opleidingsgeleenthede wat deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, die Departement Nasionale Opvoeding en die Junior Rapportryerskorps aangebied word. Ook die leerlingleiers van die sekondêre skool word by hierdie kursuase betrek. Daarom is dit nie te vergesog om te beweer dat daar 'n behoefte aan 'n eiesoortige opleidingsprogram vir leerlingleiers aan sekondêre skole bestaan nie. So 'n opleidingsprogram kan daargestel word om hulle leierskapspotensiaal ten volle te kan benut.

1.2 KONTEKS VIR DIE PROBLEEMSTELLING

Die agtergrond van hierdie probleem lê vir die navorser daar.

in dat alhoewel die uitbouing van leierskap onder sekondêre leerlinge in Transvaal huidige besondere hoë prioriteit geniet, daar tog nog leemtes bestaan. Die volgende geleenthede bestaan aan die veldskole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement:

- * Die standaard 8-leerlinge se leierskapsmoontlikhede word ontwikkel tydens hulle besoek aan die veldskool. Hier kry alle leerlinge die geleentheid en word daar nie net op die leerlingleier gekonsentreer nie.
- * Leierskapskursusse word vir leerlingleiers van standaard 9-10 tydens die Aprilvakansie en vir standaard 6-7 leerlingleiers tydens die Julievakansie aangebied. Hierdie is 'n spesiale kursus slegs vir leerlingleiers.

Hoogsbegaafde leerlinge met positiewe leierseienskappe woon ook die buitekurrikulêre sentrums vir begaafde leerlinge by. Alhoewel daar in die toekoms voorsiening gemaak sal word vir leierskursusse volg hulle tans nog net hulle spesifieke vakbelangstellingsrigting.

Die leemte bestaan dus daarin dat die sekondêre skool nie oor 'n eiesoortige opleidingsprogram beskik waardeur hy sy leerlingleiers kan oplei nie.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die doel met hierdie navorsing is om te bepaal of leerlingleiers aan die sekondêre skool effektief opgelei kan word vir hulle leierataak aan die hand van 'n vooropgestelde opleidingsprogram.

Om die vraag of leerlingleiers opgelei kan word volgens 'n vooropgestelde opleidingsprogram sinvol te kan beantwoord, sal vasgestel moet word:

- * wat onder opleiding en onder opleidingsprogram verstaan word, en
- * watter vereistes gestel moet word om 'n leerlingleier op te lei.

1.4 HIPOTESE

Leerlingleiers in die sekondêre skole van Transvaal kan aan die hand van 'n vooropgestelde leierskapsprogram opgelei word. Daar is 'n verband tussen leierskapopleiding en leierskapuitoefening by leerlingleiers in die sekondêre skool.

1.5 DOEL MET DIE ONDERSOEK.

Die doel met hierdie ondersoek is:

- * om die bestaande praktyk rondom leierskap en die ontwikkeling van leierskap na te vors, en
- * om 'n opleidingsmodel vir die opleiding van leerlingleiers daar te stel.

1.6 BESTAANDE NAVORSING RONDOM LEERLINGLEIERSKAP IN DIE RSA

- 1.6.1 Strydom, A.H. 1970. Die taak van die skool as samelewingsverband met betrekking tot die voorbereiding en toerusting van die jeugdige leier vir sy taak in 'n gedifferensieerde samelewing.

Strydom ontleed leierskap vanuit die Christelik-Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing. Die verskillende samelewingsverbande naamlik die huis, staat en kerk, wat deur die opvoeding en onderwys 'n invloed uitoefen op die vorming van die leier word aan die orde gestel. Hy ondersoek elke samelewingsverband se spesifieke verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoedingstaak en onderwystaak van die leier.

Die opvoedkundige doelstellings van die skool met betrekking tot die toerusting en voorbereiding van die jeugdige leier word uiteengesit. Hierdie teoretiese taakstelling van die skool word by wyse van 'n vraelysondersoek aan die praktyk van die skool ondersoek. Hieruit het dit geblyk dat die gesin, staat en kerk onteenseglik na vore getree het as bepalende opvoedings- en onderwysinstellings in die lewe van die jeugleiers.

Op binnemuurse gebied beklemtoon Strydom dit dat die skoolleier hoofsaaklik saam met elke leerling van die skool sy basiese kennis van sekere lewensterreine deur verskillende vakwetenskappe moet verkry, terwyl hy ook karakterbou, lewens- en wêreldlike begronding en sosiale verkeer binne sy klas moet ervaar.

Op buitemuurse gebied kan daar verdere geleenthede geskep word om elke leerling en veral die skoolleier op te voed. In die verband kan van die hulp van die Departement van Sport en Ontspanning gebruik gemaak word in die voorbereiding van leerlingleiers op sportgebied.

Ten slotte volstaan Strydom daarmee dat daar egter geen eenvoudige geheime of spesifieke formule bestaan waarmee die jeug tot leierskap voorberei kan word nie. Daar bestaan ook geen voorskriftelike opvoedingsprogram waarvolgens die toekomstige leier vir sy taak opgevoed kan word nie.

- 1.6.2 Bauer, G. 1974. An approach to leadership development in the context of secondary education.

In sy navorsing ontleed Bauer die opvoedkundige implikasies van hoe om 'n bekwame leier te word. Vir hom is daar twee uitgangspunte by die opleiding van leerlingleiers.

Die een is daarop gemik om leerlinge vir leierskap op te voed, terwyl die ander een meer gespesialiseerd is, naam-

lik om leiers op te lei. Bauer is die mening toegedaan dat die eerste uitgangspunt verwaarloos word en aangesien opvoeding tot leierskap 'n integrale deel van die onderwysproses uitmaak, behoort dit sy regmatige plek in te neem. Die proses van opleiding is langsaam omdat die hele persoonlikheid van die leerling daarby betrokke is.

Om leierskap in die sekondêre skool tot sy reg te laat kom, beklemtoon hy die medeverantwoordelikheid van die leerlinge teenoor die organisasie van die skool en wys op die belangrikheid daarvan dat hulle deel moet hê aan die besluitnemingsproses. Hierdie beginsel mag nie uit die oog verloor word by die opleiding van leerlingleiers nie.

Hy wys ook op die konferensiemetode as wyse om leerlingleiers voor te berei en op te lei. Hy wys op:

- Die Burgerstrandhuis Jeugleierskursus, en
- The Eastern Province Youth Leadership Conference.

Hierdie kursusse het as doel die uitbou van leierskap op sekondêre skoolvlak.

Bauer se opleidingsprogram is daarop gemik om die leerling in praktiese situasies die geleentheid te bied om hulle leierskapsmoontlikhede te ontwikkel. Die leerlinge moet die verantwoordelikheid aanvaar om kampe te reël en te organiseer en hulle moet leierskap beoefen volgens die vereistes van die program, byvoorbeeld besprekings lei, groepstake verrig, doelwitte verwesenlik, ensovoorts.

- 1.6.3 Smith, J.A.J. 1982. Leieridentifikasie en 'n poging tot die ontwerp van 'n Christelik-gefundeerde leierontwikkelingsmodel vir die sekondêre skool

Smith probeer om vanuit 'n fundamenteel-pedagogiese perspektief leierskap aan die orde te stel en krities te beskou. Vanuit hierdie beskouing en besinning trag hy om 'n leierskapsmodel te ontwerp aan die hand waarvan die Christen-Afrikaanse jeugleier gesteun kan word tot die bereiking van leiervolwassenheid.

Inhoudgewing aan hierdie leierontwikkelingsmodel word vanuit 'n Christelike perspektief en met die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner as agtergrond gedoen. Die komponente van die leierontwikkelingsmodel word, sover moontlik, op 'n geestes- en fisieke vlak georden.

Aan die einde word daar oorgegaan tot die daarstelling van 'n konsep leierontwikkelingsillabus vir die sekondêre skool. Hierdie sillabus word daargestel met die eksplisiete doel om 'n raamwerk te verskaf waarbinne kontinue leierontwikkeling gedoen kan word.

- 1.6.4 Firmani O.M. 1982. 'n Ondersoek na leerlingleierskapontwikkeling in sekondêre skole met spesiale verwysing na die rol van leerlinge.

Firmani ontwikkel 'n omvattende voorbereidingsprogram om leerlingleiers binne skoolverband op te lei. Hy gaan van die standpunt uit dat die beplanning, beheer en koördinerings van leerlingleierskapontwikkeling op makro- en mesovlak gedoen moet word.

Die volgende riglyne vir die voorbereiding van leerlingraadslede word deur Firmani met die oog op opleiding neergelê.

- * die voorbereiding van leerlingraadslede moet oorhoofs beplan en gekoördineer word;
- * die voorbereiding moet tydens 'n naweek in die voorafgaande jaar op 'n plek weg van die skool geskied;

- * doelstellings wat by die leerlingraad se doelstellings aansluiting vind, moet vir die voorbereidingsprogram op skrif gestel word;
- * voorafleeswerk wat by die voorbereidingsprogram se doelstellings aansluiting vind, moet geselekteer word en vooraf deur deelnemers bestudeer word;
- * 'n program van aktiwiteite wat op doelverwesenlik afgespits is, moet geskeduleer word;
- * 'n verskeidenheid metodes en media wat met die leervermoë van die deelnemers rekening hou, moet benut word;
- * die aktiwiteite moet maksimale leerlingleierdeelname en -betrokkenheid verseker;
- * daar moet terugvoergeleenthede deur 'n makkergroep en seminaarleiers wees;
- * die program moet geëvalueer word.

Uit die bestaande navorsing is dit duidelik dat 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers 'n noodsaaklikheid is. Navorsers gaan onafhanklik van hierdie navorsing sy eie opleidingsmodel daarstel nadat bepaalde leemtes in die onderwyspraktiek geïdentifiseer is.

1.7 METODES VAN NAVORSING


- 1.7.1 'n Literatuurstudie sal van primêre en sekondêre literatuur onderneem word met die oog daarop om vas te stel wat navorsers oor die onderwerp leierskap en leerlingleierskap geskryf het.
- 1.7.2 Vanuit die literatuurstudie sal 'n geslote vraelys gestruktureer word om inligting by die sekondêre skole in Transvaal in te win oor leerlingleierskap en die op-

leiding van leerlingleiers soos wat dit tans in die praktyk bestaan.

- 1.7.3 Die inligting wat op hierdie manier ingewin word, sal statisties ontleed en geïnterpreteer word ten einde meer inligting te bekom vir die opleiding van leerlingleiers aan die sekondêre skole van Transvaal.

1.8 VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE NAVORSING

1.8.1 Vloeidiagram van die navorsing



1.8.2 Omskrywing van die verwysingsraamwerk

In hoofstuk 1 sal 'n oriëntering gegee word om die aktualiteit van die navorsing te beklemtoon.

In hoofstuk 2 sal die fundamentele begronding vir skap toegelig word. Daar sal vertrek word vanuit perspektiewe uit die Skrif wat vir leierskap gestel

ten einde tot 'n begrip van Christelike leierskap te kom. Daarna sal die verskillende leierskapsteorieë en -benaderings bestudeer word om die implikasies daarvan vir leerlingleierskap vas te stel. Daarna sal daar vasgestel word wat reeds oor die opleiding van leiers gedoen is en in die besonder oor leerlingleiers. Bestaande opleidingsmodelle soos deur die Jeugraad van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, die Departement van Nasionale Opvoeding, die Junior Rapportryerskorps en die kerke sal bestudeer word.

In hoofstuk 3 sal die bestaande opleidingspraktyk vir leerlingleiers in sekondêre skole deur middel van 'n empiriese ondersoek bestudeer word aan die hand van 'n geslote vraelys. Hiermee sal gepoog word om verdere inligting betreffende beskouinge oor leerlingleierskap sowel as oor die opleiding van leerlingleiers te bekom. Daar sal deur middel van 'n sistematiese steekproef 50 sekondêre skole in Transvaal getrek word. Daar sal 4 vraelyste aan elk van hierdie 50 skole gestuur word, naamlik een aan:

- * die skoolhoof,
- * die voogonderwyser van die leerlingleiers,
- * die hoofseun, en
- * die hoofdogter van die prefekte.

Indien 'n seun- of dogterskool geselekteer word, sal die onderhoofseun of die onderhoofdogter die vraelys as tweede leerlingleierrespondent voltooi.

Die data sal met behulp van rekenaarprogramme geanaliseer word en dit sal soos volg getabelleer word:

- * inligting van die onderwysers,

- * inligting van die leerlingleiers, en
- * vergelyking tussen die inligting van die onderwysers met die van die leerlingleiers.

In hoofstuk 4 sal daar kortliks verwys word na die begrippe model en opleiding. Daarna sal daar na aanleiding van die gevolgtrekking uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek 'n model vir die opleiding van leerlingleiers gestel word wat in die sekondêre skool geïmplementeer kan word.

In hoofstuk 5 sal die belangrikste bevindings, gevolgtrekkinge en aanbevelings weergegee word.

ooOoo



FUNDAMENTELE BEGRONDING VAN LEIERSKAP EN DIE OPLEIDING VAN LEER-
LINGLEIERS

2.1 INLEIDING EN DOELWITTE

Om tot 'n begronding van leierskap te kom, sal die volgende sake toegelig word:

- * 'n Lewens- en wêreldbeskouing sal bestudeer word, want hoe meer duidelikheid die leier oor sy lewens- en wêreldbeskouing het, hoe groter helderheid sal hy oor sy leiers-taak en oor sy doel as mens kan verkry.
- * Leierskap soos beliggaam in die Skrif sal bestudeer word om sekere skriftuurlike kriteria vir leierskap vas te stel. Die doel hiervan is om riglyne vir Christelike georiënteerde leierskap daar te stel.
- * Beoefening van leierskap impliseer die uitoefening van gesag, want leiers is gesagsdraers. Leierskap en gesag is nou aanmekaar verbonde en daarom sal 'n beskouing van leierskap nie volledig wees alvorens die begrip gesag ook bestudeer is nie.

2.2 LEIERSKAP EN LEWENSBEKOUING

2.2.1 Inleiding

Elke mens het 'n beskouing van die lewe. 'n Mens lewe in die wêreld en word gekonfronteer met probleme. Uiteinde-lik moet elke mens 'n finale keuse maak van waaruit hy dink en handel. Elke lewensuiting word beheers deur die reli-gie wat op die hart beslag lê en daarom spreek dit vanself dat daar nie so iets as neutraliteit bestaan nie. Vervol-gens sal die begrippe religie, godsdiens, hart en neutra-liteit van naderby beskou word.

2.2.2 Religie en godsdiens

Van Wyk (1973:5) sê dat religie nie dieselfde betekenis as godsdiens het nie. Met godsdiens word die direkte diens van God of dit (idool) wat afgodies in die plek van God gestel word, bedoel. Met religie word die omvattende diens van God of 'n idool deur die mens in al sy lewensuitinge bedoel. Religie is dus integraal en radikaal en geen lewensuiting van die mens kan daarvan geïsoleer word nie.

2.2.3 Hart en hartegerigheid

Volgens Spreuke (4:23) is die mens se hart die oorsprong van sy lewe. Van der Walt en Dekker (1982:7) sê dat dit hoegenaamd nie net op die mens se hart as fisiologiese orgaan dui nie, maar word gebruik om die mens in sy wese as persoon aan te dui, om te wys op die totaliteit van sy vermoëns. Volgens Van Wyk (1973:1) word onder hartegerigheid die koers wat die lewe sal inslaan, verstaan.

Die "hart" is dus die bron van die mens se lewensuitinge wat deur 'n bepaalde religie gegryp word. Die religie van die mens kan nie van sy aktiwiteite geskei word nie. Lewensbeskouing is dus ingebed in 'n bepaalde religie en religie is 'n fundamentele grondkeuse.

2.2.4 Neutraliteit

Neutraliteit is ook 'n standpunt - 'n grondkeuse gegrond in 'n bepaalde religie. Strydom (1977:612-613) sê dat niemand neutraal kan staan nie, selfs die godloënaar toon in sy standpuntkeuse 'n religieuse daad. Navorser vereenselwig hom met hierdie uitspraak.

2.2.5 Die leerlingleier en lewensbeskouing

Geen ware leierskap, ook nie leerlingleierskap nie, is

moontlik sonder die rigtende en steunende krag van 'n lewensbeskouing nie. Strydom (1977:612) bevestig dit deur te sê dat lewensbeskouing het sy ontstaan in die diepste kern van die persoonlikheid, dit setel in die hart en is religieus bepaald.

Niemand kan dus lei as hy nie 'n vaste gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing het nie. Die leerlingleier kom vandag voor 'n wêreld met sy eietydse problematiek te staan soos die weiering om gesag te aanvaar, misbruik van dwelms en drank, beoefening van vrye liefde en jeugmisdaad. Van Loggerenberg (1979:5-6) wys daarop dat die jeugleier hom nie in homself mag opsluit nie, anders beantwoord hy nie aan die roeping waartoe hy as mens deur God geroep is nie.

Van leerlingleiers word verwag om die leerlinge met die regte gesindheid te mobiliseer vir die behoud van die regte lewens- en wêreldbeskouing. Daarom is dit van die grootste belang dat die potensiaal van leerlingleiers wat die Christelike-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing bely, ontwikkel sal word om hulle volgelinge tot volgelingskap van Jesus Christus te lei.

Die leerlingleier is dus 'n mens met 'n hart wat onder andere toegerus is met 'n bepaalde beskouing oor die lewe, oor sy medemens (onderwysers en leerlinge) oor God (of die idool wat hy in God se plek stel) en sy Woord (of wat hy ookal as openbaring in die plek daarvan stel).

2.3 KRITERIA VIR LEIERSKAP VOLGENS DIE SKRIF

2.3.1 Inleiding

Hierdie studie word gebaseer op die Christelike wetenskapsbeskouing, dit wil sê daar sal gebruik gemaak word van onder andere die transendentale empiriese metode van navorsing wat meebring dat die empiriese gegewens in die lig van die transendentale perspektiewe (Skrifperspektiewe) beskou en geëvalueer sal word.

Daar sal nie uit die oog verloor word dat Stoker (1969:126) daarop wys dat die Heilige Skrif geen handboek vir die wetenskap is nie, maar slegs 'n voorwetenskaplike bron en norm van kennis is.

2.3.2 Perspektiewe uit die Skrif vir leierskap

- * God kies vir Hom leiers uit.
- * God roep mense om deel te hê aan sy raadsbesluite. So het God vir Moses geroep waar hy die kleinvee van sy skoonvader Jetro opgepas het om die volk Israel uit Egipteland uit te lei. God kies vir hom leiers uit en wel op 'n jeugdige ouderdom. So het God vir Gideon geroep toe hy nog baie jonk was. (Rigters 6:30). Ook Samuel was van jongs af in diens van die Here in die tempel. As die Here hom in sy vertroue neem en met hom praat (I Samuel 3), word na hom verwys as 'n seun. Ook Daniël was 'n jong seun toe hy en sy drie vriende in die Chaldeërskool van Babel opgeneem was en hy hom as leier onderskei het om namens sy drie vriende te praat. (Daniël 1:9).

Die gevolgtrekking is dus duidelik dat leiers geroep word, en daarom moet leiers 'n roepingsbesef hê.

- * God rus die leier toe vir sy leierstaak.

Moses het hom nie in staat gevoel vir die taak wat God aan hom opgedra het nie. Dit is God wat hom bemoedig deur te sê, dat dit Hy is wat hom stuur (Eksodus 3:12). God stel dit nog sterker deur vir Moses te sê al wat hy nodig het om hom in sy leiers-taak te sterk, is God (Eksodus 3:14).

Josua het hom as leier in 'n moeilike posisie bevind. Hy moes eerstens die plek van Moses, die groot profeet, inneem, en tweedens was hy en Kaleb deur die volk verwerp toe hulle die volk aanbeveel het om die

beloofde land Kanaän in te trek. (Numeri 14:6-19).
God rus Josua egter toe vir sy leierstaak deur vir hom
te sê dat soos Hy Moses bygestaan het, so sal Hy ook
met Josua wees (Josua 1:5).

Ook Gideon het hom in 'n moeilike situasie bevind. Israel was bedreig op politieke gebied deur die Midianiete en op geestelike gebied deur die aanbidding van die Baälafgodediens. God het Gideon as leier uitverkies. Gideon het homself nie in staat gevoel vir hierdie leierstaak nie, maar dit is die Engel van die Here wat hom vir sy leierstaak bemoedig (Rigters 6:12).

Samuel is ook nie deur die volk verkies nie, maar is deur God tot leierskap geroep. Soos Josua wat die plek van Moses moes inneem, so moes Samuel vir Eli opvolg. In I Samuel 3:19,20 staan dit opgeteken dat die Here met Samuel was en hom aanvaarbaar vir die volk gemaak het en dat die volk groot vertroue in hom gehad het.

* God stel sekere vereistes vir leiers

Die vereistes wat God vir leiers stel, is dieselfde as wat Hy van al sy mense verwag, naamlik:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Die tweede is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (Markus 12:30,31).

Die liefde vir God impliseer dat 'n mens sal lewe volgens die eise in sy Woord (Johannes 15:9,10).

God stel twee vereistes vir Josua om suksesvol as leier op te tree. Hy moet eerstens nougeset volgens die hele Wet handel (Josua 1:7) en hy moet vervolgens onwankelbaar in God glo (Josua 1:19).

- * 'n Goeie verhouding tussen God en die leier gee aanleiding tot 'n goeie verhouding tussen die leier en sy volgelinge.

Josua se verhouding met God vind ook neerslag in sy verhouding met sy volgelinge. Dit bepaal sy optrede en hy beïnvloed sy volgelinge vanuit sy verhouding met God (Josua 1:16).

- * 'n Leier moet lei vanuit sy lewens- en wêreldbeskouing.

Daniël is 'n voorbeeld van 'n tienerleier wat nie sy beginsels prysgee het nie en sterk vanuit sy lewens- en wêreldbeskouing gelei het. Hy het geweier om hom te verontreinig met die voedsel van die koning (Daniël 1:18) en later verontagsaam hy die bevel van die koning om net die koning te aanbid en dit ten spyte van die feit dat hy 'n vername gesagsposisie beklee het. (Daniël 6).

2.3.3 Perspektiewe uit die lewe van Jesus Christus

Jesus Christus was die grootste leier van alle tye. Jesus lê die volgende riglyne vir leierskap neer:

- * 'n Leier moet nie net bereid wees om voor te loop en te lei nie, maar hy moet ook bereid wees om te dien. Daarom het Jesus die gedagte dat 'n leier 'n dienaar moet wees, sterk beklemtoon:

"Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien." (Lukas 22:27) en verder:

"As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees." (Markus 9:35)

Die ware leier moet dus gevolg word vanweë sy gewilligheid om te dien en die wyse waarop hy dien. In Johannes 13:14-15 stel Jesus self die voorbeeld deur

die voete van sy dissipels te was.

- * Jesus het ook daarop gewys dat h leier opdragte moet kan gee soos in Matteus 4:19 waar Hy Simon Petrus en sy broer Andreas beveel het om Hom te volg. Jesus het met gesag gepraat en hulle kon sy roepstem nie verontagsaam nie.
- * Jesus het daarop gewys dat h leier sy volgelinge tevrede moet stel. Hy het sy volgelinge fisies gesond gemaak (Matteus 19:18-30) en Hy het hulle geestelik gevoed deur die gelykenisse (Matteus 13) asook fisies deur die vermeerdering van die brode (Matteus 14:14-21).
- * Jesus het nie net in hulle aardse behoeftes voorsien nie, maar Hy het hulle aandag daarop gevestig om die Christelike ideale uit te lewe (Markus 12:30,31).

2.3.4 Samevatting

Vir die Christelik-georiënteerde leier word die volgende riglyne neergelê:

- * God roep en kies leiers uit ongeag hulle ouderdom;
- * God maak leiers bekwaam vir hulle taak en rus hulle ook daarvoor toe;
- * die leier moet onwrikbaar in God glo, op Hom vertrou en Hom gehoorsaam;
- * die Christelik-georiënteerde leier moet beginselvas wees en lei vanuit sy lewensbeskouing;
- * h gesonde verhouding tussen God en die leier bewerkstellig h gesonde verhouding tussen die leier en sy volgelinge;

- * God bewerkstellig die vertrouensverhouding tussen die leier en sy volgelinge;
- * 'n leier kan nie net voor loop nie, hy moet ook bereid wees om te dien en soms te volg;
- * 'n leier moet sy volgelinge tevrede kan stel;
- * 'n leier moet met gesag kan praat en handel;
- * 'n leier moet sy Christelike ideale uitlewe;
- * 'n leier moet dapper wees en nie vir sy taak weifel nie;
- * leierwees beteken dat die leier sekere tegnieke soos motivering en beplanning sal moet kan implementeer in die uitoefening van sy leierskapsrol.

2.4 LEIERSKAP EN GESAG

2.4.1 Inleiding

Gesag verwys na 'n bepaalde aspek van die verhouding tussen mense. Die mens self het medeseggenskap oor mense op bepaalde terreine van die samelewing waar gesag uitgeoefen word. Van der Walt en Dekker (1982:240) sê dat oral waar mense saamlewe, soos in die ouerhuis of in die skool, daar 'n gesagsverhouding is en konstateer dan deur te sê dat waar daar nie gesag is nie, daar tree chaos (die teenoorgestelde van orde) en anargie (beheerloosheid) in. Hy wat dus leiding neem en beheer uitoefen in 'n besondere situasie is in 'n gesagsposisie.

Leierskap en gesag staan dus in 'n besondere verhouding tot mekaar. In die verband sê Littre soos aangehaal deur Marsall (1968:7):

"De leider is degene die aan het hoofd staat, die de

koers aangeeft en die het bevel voert: gesag is de macht zich te doen gehoorsamen."

Leierskap en gesag is dus vervleg met mekaar, die een veronderstel die ander.

2.4.2 Oorsprong van gesag

Die oorsprong van alle gesag is by God. Hy is soewerein en heers oor alles.

Coetzee (1973:271) wys daarop dat die hele skepping, die mens ingesluit, onder die gesag van God staan, soos neergelê in sy Wet. Die mens is altyd onderworpe aan die gesag van God, en sy gesag kan dus nooit absoluut wees nie, want hyself is onderdaan. Die mens is dus net 'n gesagsdraer.

2.4.3 Die gesagsdraer besit slegs verleende gesag.

Die vraag ontstaan nou in watter mate die mens met gesag bekleed word. Van Wyk, Stone, Engelbrecht en Grove (1969:256) wys daarop dat God nooit sy gesag aan enige mens oordra nie. Hy doen nooit afstand van Sy gesag nie. Hy gebruik mense as middele in die uitoefening van Sy gesag.

Botha (1973:5) sluit haar hierby aan en sê 'n gesagsdraer is iemand wat deur God geroep is om op die een of ander lewensterrein die gedragreëls te positiver, dus die norme daar te stel wat as't ware die grenslyne en die baken van die menslike lewe vorm.

2.4.4 Gesag stel sekere eise aan die gesagsdraer en sy gesagsonderhoriges.

Duvenage soos aangehaal deur Van der Walt en Dekker (1982:240) sê dat gesag nie bloot 'n saak tussen mens en mens (die horisontale verhouding) is nie, maar bo alles 'n saak tussen die mens en God (die vertikale verhouding) is.

Gesag stel dus sekere eise tussen mens en mens asook tussen mens en God:

- * Dit vereis dat die mens alle gesag wat oor hom gestel is, moet eerbiedig. Van den Berg (1977:8) sê dat eerbied h vereiste vir gesag is en wie gesag verwerp, weerstaan die wil van God (Romeine 13:1-7).

Heyns (1976:172-173) wys daarop dat dit in die vyfde gebod nie net om die gesagsverhouding binne die gesin gaan nie, naamlik die ouer-kindverhouding nie, maar dit kring wyer uit na alle gesagsverhoudings soos in die skool, kerk, staat, ensovoorts.

- * Gesag vereis dat die gesagsdraers aan God verantwoordelik is vir die wyse waarop hulle, hulle gesag beheer.

Gesag is altyd aan h posisie of h amp verbonde. Duvenage soos aangehaal deur Van der Walt en Dekker (1982:242) sê dat die gesagsdraer h amp beklee wat deur God aan hom toevertrou is, en dat hy in daardie amp geroepe is tot diens aan God en sy naaste.

Botha (1973:6) wys daarop dat die gesagsdraer aan God verantwoording moet doen oor die gebruik van die gawes, talente en geleenthede wat aan hom toevertrou is.

- * Dit vereis ook dat die gesag nie in stryd met God se wil mag wees nie. Dit beteken dat die gesagsdraer net van sy onderhoriges mag eis wat nie in stryd met God se wil is nie.

Heyns (1976:170) wys daarop dat gesag wat nie sy grense ken nie, h karikatuur geword het en h karikatuur gesag vernietig h menslike samelewing. Aan geen enkele gesagsinstansie word onbegrense en totalitêre gesag toegeken nie. Daarom mag ook van niemand onder geen omstandighede onverantwoordelike gehoorsamenheid geëis word nie. Dit kom aan God alleen toe.

Dit beteken dat die gesagsdraer net van sy onderhoriges eis wat nie in stryd met God se wil is nie. In Petrus se woorde is daar ook die plig en roeping tot verset (Handelinge 5:29).

- * Gesag vereis gehoorsaamheid van die onderhoriges teenoor die gesagsdraer.

Gesag beteken seggenskap. Die woord gesag is afgelei van die werkwoord "sê". Gunter (1967:137) wys daarop dat die gesagsonderhorige hom aan gehoorsaamheid moet onderwerp, hom moet laat gesê. Van hom word eerbied, vrywillige onderwerping en gehoorsaamheid geverg.

Wanneer die gesagsdraers volgens God se wil handel, moet die volgeling gehoorsaam wees. Van Wyk, et al. (1969:256) sê dat die gesagsdraers die verteenwoordigers van God is en deur aan hulle gehoorsaam te wees, bewys mens gehoorsaamheid aan God.

- * Gesag vereis beïnvloeding ten goeds.

Gesag vereis dat die gesagsdraer sy ondergeskiktes sal moet beïnvloed. Die aard van die beïnvloeding moet religieus-sedelik van aard wees.

Coetzee (1973:118) meen dat met die begrip religieus die mens se diepste verhouding tot God bedoel word en dit bepaal ook die verhouding van die mens tot die ander skeepsele. Vir die gesagsdraer beteken dit dat sy leierskap uit sy Christenskap moet voortvloei, nou daarmee verweef moet wees en nie as 'n aparte faset moet bestaan nie.

Met die sedelike sê Coetzee (1973:108) word die goeie deugde bedoel. Die ware deug eis dat die mens onder alle omstandighede gehoorsaam sal bly aan die wet van die Here, want dan alleen kan hy

innerlike geluk en bestendigheid verwerf en dan alleen kan hy lewe tot eer van sy God.

Vir die leier beteken dit dat sy etiese verhoudinge onbesproke behoort te wees, hy moet die model vir sy volgende daarstel en vanuit die voorbeeld leiding neem en gee.

- Gesag vereis strenge optrede deur die gesagsdraer.

Die gesagsdraer moet sy ondergeskiktes lei, dikwels deur streng op te tree soos in Romeine 13:4 opgeteken is:

"... want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf."

2.4.5 Samevatting

Vir die leerlingleier het die implikasies van gesag verreikende gevolge. Heyns (1976:173) verklaar dat wie tot die Goddelike huishouding behoort en burger van Sy koninkryk is, sal God self raaksien, nie net wanneer hy by sy vader en moeder verby kyk nie, maar ook agter die onderwyser en die predikant, agter die president en die offisier.

Hieruit spreek dit dus duidelik dat God ook die leerlingleier as middel in die uitoefening van Sy gesag gebruik. God skenk gesag in 'n verskeidenheid van situasies. So delegeer God ook gesag na die leerlingleier. Alhoewel alle mense voor God gelykwaardig is, is alle mense nie in hulle verhouding met mekaar voor God gelyk nie, want dit is God se wil dat daar gesagsdraers en ge-

sagsonderhoriges sal wees. Die leerlingleier word deur God geroep om in sy gesagsverhouding met sy medeleerlinge hulle volgens die Woord van God soos vergestalt in die Christelike gesagsbeskouing tot volgelingskap te lei.

2.5 LEIERSKAPSTEORIEË EN LEIERSKAPSTYLE

2.5.1 Inleiding en definiëring

Leierskap is 'n komplekse begrip, want dit veronderstel die aksie en interaksie van mense met mekaar en daarom sal geen enkelvoudige definisie van leierskap bevredigend wees nie. In die verband sê Fiedler (1971:1): dat daar byna soveel definisies is as wat daar leierskapteorieë is en dat daar byna soveel teorieë van leierskap is as wat daar sielkundiges is wat die onderwerp bestudeer.

Alvorens 'n definisie van leierskap gegee kan word, moet die begrip leierskap eers ontleed word.

Schoeman (1968:19) gee die volgende beskrywing van 'n leier na aanleiding van 'n samevatting uit die verklarende woordeboeke. Hiervolgens is 'n leier iemand wat lei; iemand wat bestuur; 'n aanvoerder; 'n voorman; 'n voorbok of voorperd; 'n gids; iemand wat die rigting of pad aandui; iemand wat andere aanspoor of oorrede om sekere dinge te doen en iemand wat rigting gee aan die optrede of opinies van andere.

So 'n beskrywing lê klem op die selfstandige naamwoord, naamlik leier, aanvoerder, ensovoorts en andersins dui dit op die werkwoord, naamlik lei, bestuur, ensovoorts. So 'n beskrywing van leierskap is egter baie eng aangesien dit slegs na die leier en sy leiding verwys.

Die mens is egter 'n groepsweese wat nie in afsondering bestaan nie en daarom kan die leier hom slegs laat geld binne 'n groep. 'n Leier kan nie sonder volgelinge bestaan nie. Knickerbocker soos aangehaal deur Stogdill (1974:8) meen

dat leierskap gestalte aan die behoeftes van 'n groep in 'n bepaalde situasie gee, en dat dit op die spesifieke verhouding tussen 'n individu en die res van die groep gebaseer is.

Leierskap impliseer dus volgelingskap en kan nie afsonderlik daarvan bestaan nie. Die besondere doel wat die groep nastreef, is die bindende faktor wat leier en volgelinge aanmekaar bind en dit veroorsaak dat 'n leier na vore tree en van die ander volgelinge maak. Hollander (1978:2) vat dit treffend saam as hy sê dat leierskap die wisselwerking van verhoudings tussen die leier en die groep behels, en dit het ten doel die daarstelling van oplossings en die bevrediging van gemeenskaplike behoeftes wat in die groep of organisasie ontstaan.

In leierskap is daar dus drie hoofkomponente aanwesig, naamlik die leier, die groep en die taak om te verrig.

Fiedler (1971:2) haal 'n aantal definisies oor leierskap aan om aan te toon hoe verskillend navorsers die begrip leierskap definieer:

Vir Hemphill dien leierskap as die katalisator om gemeenskaplike probleme op te los wanneer hy sê dat leierskap pogings insisier om doelstellings te bereik, en dit lei tot konstante wisselwerking en interaksie wat ten doel het om gemeenskaplike probleme op te los.

Cowley aksentueer die persoonlikheid van die leier as hy sê dat die leier die persoon is wat daarin slaag om ander te inspireer om hom te volg.

Vir Stogdill is leierskap die beïnvloedingsmag om die groepsaktiwiteite in 'n besondere rigting te stuur as hy sê dat leierskap die kanalisering van groepsaktiwiteite behels, sodat dit tot die bereiking van gesamentlike doelstellings aangewend kan word.

Bester (1970:9) gee h baie volledige definisie van leierskap wanneer hy sê dat dit h persoonlikheidsvermoë is waardeur die leier op skeppende endisnende wyse groepsinteraksie en groepsaktiwiteite binne bepaalde maatskaplike situasies stimuleer, rig en koördineer op grond van die groepsdoelstelling, met die oog op die uiteindelijke verwesenliking daarvan.

Vir die doel van hierdie navorsing sal die leier dus beskou word as daardie individu binne die groep wat die groepsaktiwiteite volgens die groepsdoelstellings koördineer en laat verwesenlik.

Uit die voorgaande blyk dit dat leierskap nie net afhanklik van persoonlikheidseienskappe fungeer nie, maar dat dit ook afhanklik is van die situasie. Die leier is daardie persoon wat in staat is om doelwitte te formuleer asook om andere te inspireer om te volg. Omdat daar gedurige wisselwerking tussen die verskillende groepslede plaasvind, beteken dit dat die meeste groepslede op een of ander tydstip die leiersfunksies verrig. Die een wat die meeste invloed in h groep uitoefen is die werklike leier. Vir die leier is daar twee aspekte wat hy nie uit die oog mag verloor nie.

Eerstens kan hy nie sonder mense funksioneer nie en tweedens moet hy die taak op so h wyse struktureer dat die groep se ideale verwesenlik sal word.

Leierskap is daardie navolgingswaardige eienskappe wat deur h persoon uitgeoefen word wat oor die skeppende vermoë beskik om die groepslede se aktiwiteite te koördineer ten opsigte van doelstelling en doelbereiking.

2.5.2 Die eienskapsteorie

Hierdie benadering gaan van die standpunt uit dat sekere persoonlikheidseienskappe h leiersposisie veronderstel en dat die leier se bevoegdheid op daardie besondere

eienskappe berus.

'n Groot aantal persoonlikheidseienskappe is deur navorsers geïdentifiseer wat met leierskap geassosieër word. Hierdie resultate het mekaar egter weerspreek en het glad nie daarin geslaag om die universeel-geldende eienskappe vir leierskap daar te stel nie.

Bird soos aangehaal deur Adair (1968:11) wys daarop dat slegs 5% van hierdie eienskappe deur vier ondersoekers as algemeen bevind is. Hurlock soos aangehaal deur Schoeman (1968:34) wys op die feit dat die leiers en volgelinge nie van mekaar verskil wat die aard van die eienskappe betref nie, maar wel in die kwantiteit daarvan. Daaronder word nie verstaan dat die leiers begaafd is en die volgelinge minder begaafd is nie, maar wel dat die leiers bietjie meer begaafd as hulle volgelinge is.

'n Belangrike deurbraak is deur Stogdill soos aangehaal deur Fiedler (1971:4) gemaak toe hy die eienskappe waarmee leierskap geassosieer is, in die volgende vyf kategorieë ingedeel het:

- * vermoëns, waaronder voorkoms, vlotheid van spraak, intelligensie, gesonde oordeel, insig en oorspronklikheid;
- * prestasies, waaronder 'n beter student, gespesialiseerde kennis en die vermoë om dinge gedoen te kry;
- * verantwoordelikheid, waaronder betroubaarheid, integriteit en selfvertroue;
- * deelname, waaronder aanpasbaarheid, maatskaplike en fisiese aktiwiteit en moraliteit, sosiaal-wees, koöperatief wees en die vermoë om samewerking te verkry;
- * status, waaronder gewildheid.

Stogdill het nie net op die eienskappe wat 'n leier van 'n volgeling onderskei gewys nie, maar ook op die eienskappe wat 'n suksesvolle leier van 'n onsuksesvolle leier onderskei gewys, soos deur Jones (1969:114-115) aangehaal. Hiervolgens het die suksesvolle leier:

- * 'n sterk begeerte om te presteer of sukses te behaal;
- * 'n sterk begeerte om op sosiale gebied vooruit te gaan;
- * 'n affiniteit teenoor sy seniors;
- * beslistheid;
- * die vermoë van die individu om homself te laat geld;
- * die vermoë om besluite uit te voer.

Alhoewel die vooratanders van die eienskapsteorie met mekaar verskil in hulle navorsingsresultate, moet daar egter sekere grondvereistes wees waarvoor 'n leier moet beskik, anders sal hy nie 'n suksesvolle leier kan wees nie.. Cawood en Swartz (1979:9) beklemtoon die volgende grondvereistes vir ware leierskap:

- * opregtheid met die integriteit en onomkoopbaarheid wat daarmee saamhang;
- * dienswilligheid en diensbesieling;
- * verantwoordelikeheidsin: gewilligheid om verantwoordelijkheid te dra;
- * selfbeheer, veral in die vorm van die inhou wat uithou moontlik maak;
- * betrokkenheid, die belange van die groep op die hart dra.

2.5.3 Die situasieteorie

In teenstelling met die eienskapsteorie gaan die situasionele benadering van die standpunt uit dat leierskap die produk van sosiale verhoudinge binne die groep is.

Leierskap word uitgeoefen om die doel wat die groep in die oog het, te verwesenlik. Hollander (1978:32) sê in hierdie verband dat dit die leier is wat oor die bevoegdheid beskik om die taak te verrig. Alhoewel ander groepslede ook oor die vermoë beskik om die taak te verrig, oortref die leier hulle in bevoegdheid.

Leierskap is dus relatief tot die situasie waarin dit voorkom. Soos die situasie verander en nader soort bevoegdheid vereis word, kan die leierskapsrol verwissel na die persoon wat oor daardie bevoegdheid beskik en na wie die volgelinge opkyk vir leiding om die betrokke doel te bereik. Jenkins soos aangehaal deur Adair (1968:14) verklaar dat daar een eienskap is wat algemeen voorkom en dit is dat die leier sy volgelinge moet oortref betreffende die kennisbevoegdheid wat die betrokke situasie vereis.

Volgens hierdie teorie bepaal die situasie dus die leier, wat die aard van die leiersoptrede sal wees en hoe die groep daarop sal reageer.

Fred E Fiedler het heelwat navorsing oor situasionele leierskap gedoen en dit het gelei tot die ontwerp van sy "contingency model" (situasionele leierskapsmodel) in 1964 en 1967 (Fiedler 1971:10). Die onderliggende veronderstelling van die situasieleierskapsmodel is dat verskillende tipes situasies verskillende tipes leierskap vereis. Fiedler (1971:11) identifiseer drie hoof faktore wat werksaam is in situasionele leierskap:

- * die magposisie van die leier wat verwys na die invloed wat die leier kan uitoefen op sy groepslede in

die bereiking van die doel

- * die taakstruktuur wat verwys na watter mate die taak duidelik of onduidelik gespesifiseer is; en
- * die leier-groepverhouding wat verwys na die interpersoonlike verbinding tussen die leier en sy groep.

Soos die situasie verander sal die leier hierdie faktore in aanmerking moet neem om hom te handhaaf. Dit kan moontlik van hom vereis word om goeie verhoudinge te handhaaf ten einde die doel te bereik of om sy magposisie aan te wend om te beloon of te bestraf, of om te besef dat die taak nie duidelik genoeg gespesifiseer is nie.

2.5.4 Die groepsfunksieteorie

Hierdie benadering gaan van die uitgangspunt uit dat 'n begrip van leierskap alleen verkry kan word deur die pligte en funksies te bestudeer wat vervul moet word vir die verwesenliking van die groepsdoelstelling.

Volgens Cawood (1976:38) word die klem hier op groepsvorming en groepdinamika laat val en op die leier se vermoë om die groep as werkepan effektief te laat funksioneer.

Vir Cawood, Strydom en Van Loggerenberg (1980:138) is leierskap volgens hierdie teorie 'n funksie van die groep en nie noodwendig 'n eksklusiewe eienskap van net een individu in die groep nie. Leierskap is dus nie aan 'n bepaalde persoon verbonde nie en daarom kan daar verskeie persone wees wat leiergedrag openbaar en leierpligte kan vervul.

Pieterse (1980:6) wys daarop dat 'n leier se gedrag in 'n bepaalde situasie altyd verband hou met die wyse waarop sy taak- en mensoriëntasie gekombineer is. Blake en

Mouton (1977:10) se "Managerial Grid" (bestuursrooster) is gebaseer op die groepsfunksieteorie. Dit is 'n grafiese voorstelling wat die leier se besorgdheid oor taakvervulling en die instandhouding van goeie menseverhoudinge onder sy volgelinge voorstel. Die bestuursrooster kan gebruik word om 81 moontlike variëssies in bestuursstyle af te lei met besondere klem op vyf basiese of kenmerkende style:

- * in die 1.1-leierskapstyl word die minimum moeite gedoen om die werk gedaan te kry en die behoeftes van die volgelinge te bevredig;
- * in die 9.1-leierskapstyl word die werksomstandighede so gereël dat die menslike elemente so min moontlik inbreuk maak op bestuur;
- * in die 1.9-leierskapstyl word die klem daarop gelê om die volgelinge gelukkig te hou maar hier is die produktiwiteit baie laag;
- * in die 5.5-leierskapstyl is genoegsame organisasieprestasie moontlik omdat 'n hoër moreel van die mense wat die werk moet verrig deur dié leierskapstyl bereik is.
- * in die 9.9-leierskapstyl word taakvolvoering verkry deurdat mense 'n gemeenskaplike aandeel in die funksionering van die organisasie kry.

Alhoewel laasgenoemde styl die ideale is, wys Pieterse (1980:7) daarop dat dit in die praktyk moeilik aangetref sal word. Eienskappe van die ander style kan onder bepaalde omstandighede noodsaaklik wees vir doeleë bereiking. 'n Bepaalde styl sal dus selde in absolute sin aangetref word.

2.5.5 Die verskillende leierskapstyle

2.5.5.1 Outokratiese leierskapstyl

Hierdie leierskapstyl is leiergesentreerd. Vir Bernard (1981:59) is daar twee belangrike elemente in hierdie leierskapstyl teenwoordig:

- * die posisie wat die leier beklee, en
- * die mag wat aan hom toegeken word.

Dit gaan vir die leier om homself en die aktiwiteite van die groep word so gestruktureer dat dit tot sy prestige bydra. Cawood en Swartz (1979:10) sluit hulle hierby aan as hulle konstateer dat die outokratiese leier die middelpunt van die groep vorm. Hy neem self die besluite en bepaal self die beleid. Hy is alleenheerser en sy volgelinge is onderhoriges.

Omdat die outokratiese leier die middelpunt van die groep vorm, word kommunikasie beperk. Schoeman (1968:68) wys daarop dat alle kommunikasie deur die outokratiese leier gaan en daar bestaan geen ruimte vir wisselwerking tussen die groepslede nie.

Die leiersposisie van hierdie leierskapstyl word weerspieël in die werkwysse. Bernard (1981:60) gee 'n raak beskrywing van hierdie leier as hy sê:

- * hy beheers die toekoms deur slegs een stap op 'n keer aan te kondig;
- * hy beheers die werk deur al die taak- en spanopdragte te maak;
- * hy beheers personeeltevredenheid deur geen inisiatief of besluitneming toe te laat nie en gebruik te maak van persoonlike kritiek en aanprysinge, en

- * hy beheers verhoudinge deurdat elke lid afhanklik van sy besluite is.

Hierdie leierskapstyl is nie noodwendig nadelig nie. Bauer (1974:23) sê dat dit ook effektief kan wees omdat besluite dikwels vinnig en sonder raadpleging van die groep geneem moet word.

2.5.5.2 Demokratiese leierskapstyl

In teenstelling met die outokratiese leierskapstyl is die demokratiese leierskapstyl groepgesentreerd. Bernard (1981:61) wys daarop dat hier onmiddellik sprake is van erkenning van die individu as 'n unieke wese en dus ook van die groep as 'n geheel.

Die werkwyse word hier gekenmerk deur medebesluitneming en as gevolg daarvan sal die groep groter ondersteuning aan die leier gee. Cawood en Swartz (1979:10) wys op die volgende drie eienskappe:

- * samewerking en samehorigheid is hier die hoofsaak;
- * besluite word in groepsverband geneem en die leier is net daar om die groep tot doeltreffende funksionering te lei; en
- * die volgelinge is nie onderhoriges nie, maar medewerkers. Die leier is 'n hoofmedewerker wat daarop ingestel is om sy leierskap met sy groepslede te deel wat hom kan help om sy leierspligte te kan vervul.

Aan die negatiewe kant moet daarteen gewaak word dat die leier hom nie deur die meerderheid moet laat lei nie. Bauer (1974:26) sluit hom hierby aan as hy sê dat die individu maklik sy identiteit binne die groep kan verloor en daarom kan dit nie as die mees ideale styl beskou word nie.

2.5.5.3 Vryeteuellereskapstyl

Hierdie leierskapstyl is individugesentreerd en die leier oefen geen positiewe invloed op sy groepslede uit nie.

Schoeman (1968:75) wys daarop dat hierdie leier slegs lei deur verwagtinge van die groep te koester en laat hulle soms toe om hulle eie doelstellings te formuleer wat in bepaalde situasies tot disorganisasie kan lei. As sodanig is dit 'n lukrake leierskapstyl met weinig voordele vir die groepslede. Bernard (1981:63) wys op die volgende nadele wat aan hierdie leierskapstyl verbonde is:

- * alles word aan die groep oorgelaat want die leier neem nie graag besluite nie;
- * die groep sal maklik vertroue in die leier verloor omdat hy te toegeeflik is en dan versuim om duidelike bevels te gee;
- * waar duidelike riglyne nie neergelê word nie, sal die groep geneig wees om hulle eie doelwitte en besluite te formuleer; dit kan lei tot verwarring en wanorganisasie.

Bauer (1974:31) sien egter voordele in hierdie styl as hy sê dat die vryeteueller leier hom nie by 'n styl aanpas nie, maar 'n styl aanwend wat benodig word in 'n spesifieke situasie.

Dit beteken dat 'n leier met hierdie leierskapstyl in sekere situasies die ideale sal wees. Hier word gedink aan geleenthede waar die leier sal terugstaan om die groepslede die geleentheid te bied om self die leiding te kan neem. Die voorwaarde hieraan verbonde is dat hy die groep nie aan hulleself mag oorlaat nie, maar dat hy sal ingryp indien hulle van die beoogde doel afwyk.

2.5.6 Implikasies van die leierskapsteorie en leierskapstyle vir die opleiding van leerlingleiers

Persoonlikheidseienskappe is nie staties nie maar dinamies en as sodanig het die eienskapsteorie sekere gebreke vir die opleiding van leiers. Dit sal nog meer die geval wees met die leerlingleier wie se persoonlikheid in sy vormingsjare is. Voeg hierby die feit dat navorsers nog glad nie kan ooreenstem oor watter eienskappe beslissend sal wees vir die opleiding van leiers nie wat die saak nog verder bemoeilik. Die vraag kan ook gevra word hoe die leerlingleier opgelei moet word om die verlangde eienskappe sy eie te maak. Persoonlikheid kan moeilik verander word, en nuwe persoonlikheidseienskappe kan nie sommer net aangeleer word nie. Ter ondersteuning hiervan kan die vraag gestel word op watter wyse die leerlingleier persoonlikheidseienskappe soos humor kan aanleer.

Vir die opleiding van leerlingleiers is dit van belang om in die gedagte te hou dat die leerlingleier 'n mens is wat oor 'n eie persoonlikheid beskik en wat gerespekteer moet word. Die leerlingleier sal gelei moet word om so te leef en te lei deur sy persoonlikheid dat andere na hom sal opsien. Van die allergrootste belang is die feit dat 'n leier aan sekere grondvereistes sal moet voldoen. Dit sal beslissend vir die sukses van sy leierskap wees.

'n Leier kan egter nooit sonder 'n groep of 'n situasie funksioneer nie. In die verband meen Stogdill soos aangehaal deur Fiedler (1971:4):

"A person does not become a leader by virtue of the possession of some combination of traits, but the pattern of personal characteristics of the leader must bear some relevant relationship to the characteristics, activities, and goals of the followers."

Leierskap is situasioneel van aard en dieselfde geld vir leerlingleierskap. Daarom sal die verskillende situasies geïdentifiseer moet word waarin die leerlingleier moet kan

optree en dit sal dan ontleed moet word om vas te stel watter vereistes aan die leerlingleier gestel gaan word. Volgens die situasieteorie is tegnieke soos doeltreiking en menseverhoudinge noodsaaklik vir die opleiding van leerlingleiers.

Die groepfunksieteorie wys daarop dat die leerlingleier kennis sal moet dra van die beginsels van groepdinamika. Dit impliseer om sy werksaamheid effektief ten opsigte van doeltreiking te lei, sal hy kennis moet hê van die verskillende bestuursfunksies soos:

- * beplanning
- * organisering
- * leidinggewing
- * beheeruitoefening

Die studie van leierskapstyle het baie implikasies vir die opleiding van leerlingleiers. Die leerlingleier sal daarteen moet waak dat hy die outokratiese leierskapstyl nie misbruik nie omdat dit maklik in "hiërargies-gebiedstyl" genoem kan word. Hy moet weet dat besluite dikwels vinnig en sonder inagneming van die groep geneem moet word en daarom moet daar soms outokraties opgetree word. Gedurende toepassing van hierdie styl sal die leier later van sy groep vervreem.

Die demokratiese leierskapstyl beklemtoon die feit dat die leerlingleier deur sy medeleerlinge heers. Deur sy groepslede medeverantwoordelikheid te gee vir die neem van besluite, gee hy hulle die geleentheid om verantwoordelik te voel vir die sukses van doeltreiking. Hy moet daarteen waak dat hy nie deur middel van die meerderheid lei nie, om sodoende sy leiersposisie te verlaag nie.

Die vrye leierskapstyl moet liever deur die leerlingleier vermy word, want as die nie versigtig aangewend word nie, kan dit tot wanorde lei. Hierdie leierskapstyl kan egter ideaal aangewend word om medeleerlinge aan te

spoor tot selfwerkzaamheid. Die leerlingleier moet hom egter altyd daarvan vergewis, of die groep volgens die vooropgestelde doel vorder al dan nie, sodat hy die nodige aanpassing kan maak.

Elk van hierdie drie style het voortreflike en minder voortreflike eienskappe. Die demokratiese leierskapstyl is die mees gewilde leierskapstyl en daar sal in 'n opleidingsmodel baie klem gelê moet word op hierdie styl. Cawood (1976:43) is van mening dat om 'n ware leier te wees, sal vereis dat iets van elk van die drie leierskapstyle in die partikuliere leierskapstyl geopenbaar moet word. Sexton en Switzer soos deur Sergiovanni (1979:393) aangehaal, vestig die aandag daarop dat leierskapstyl en persoonlikheid nou aanmekaar verbonde is. Hulle wys verder daarop dat dit kunsmatig is om 'n styl aan te wend wat nie by die persoon se persoonlikheid pas nie - dit gee aanleiding tot oneerlikheid en is deursigtig aan die persone wat gelei moet word.

2.6 LEERLINGLEIERSKAP

2.6.1 Inleiding

In die opvoedingsgebeure word daar na orde, dissipline en doeltreffendheid in sowel binne as buite die klaskamer gestreef. Daarom is dit van opvoedkundige belang dat die hoogste vorm van deelname van die leerlinge verkry sal word om die aktiwiteite van die skool te ondersteun. In hierdie verband maak die skool van die potensiaal van sy leerlingleiers gebruik om orde, dissipline en doeltreffendheid daar te stel.

Maree (1977:8) wys daarop dat leerlingleierskap 'n eiesoortige leierskap is, want die kind as synde nie-volwasse is betrokke. Die leerlingleier aan die sekondêre skool verkeer in die adolessente fase van sy ontwikkeling. Zenely soos aangehaal deur Hurlock (1973:107) wys daarop dat hy deel van 'n groep is en die ander volg hom na omdat hy:

- * sosiaal baie goed aangepas is,
- * positiewe reaksies uitlok, en
- * h'n beter hydrae lewer om te voldoen aan die behoeftes van die groep.

2.6.2 Die identifisering van leerlingleiers

2.6.2.1 Inleiding

Die doel met hierdie navorsing is om 'n opleidingsmodel vir leerlingleiers daar te stel. Leerlingleiers moet egter eers geïdentifiseer word, alvorens hulle opgelei kan word.

2.6.2.2 Voorkomssyfer van leerlingleiers

Dit is belangrik vir hierdie navorsing om te weet watter persentasie die leiers van die totale leerlingpopulasie beslaan. Deur hierdie teikengroep vroegtydig en korrek te identifiseer, kan dit die hele proses van die opleiding van leiers vergemaklik.

In tabel 2.1 hieronder word die voorkomssyfer van leiers soos blyk uit die ondersoek van Jones en Van der Merwe uiteengesit. (Van der Merwe, 1976:53).

Tabel 2.1 Voorkomssyfer van leiers

Jones			Van der Merwe		
Totaal	Leiers	Persentasie	Totaal	Leiers	Persentasie
1 000	287	28,7%	468	135	28,8%

'n Vergelyking tussen hierdie twee ondersoeke dui daarop dat daar 'n beduidende persentasie potensiële leiers onder die leerlingpopulasie aanwesig is, leiers wat vroegtydig geïdentifiseer en opgelei kan word om later suksesvol as leiers op te tree.

2.6.2.3 Van der Merwe se leierskapskeuringprogram

Die volgende leierskapskeuringprogram is deur Van der Merwe (1976:3-4) ontwerp:

- * 'n Siftingsvraelys waardeur 'n leierspopulasie uit die totale leerlingpopulasie uitgewys kan word.
- * 'n Biografiese vraelys waarin besonderhede aangaande die milieus van die potensiele leier verstrek kan word.
- * 'n Voorligtingsprogram waarin negatiewe faktore, wat uit die biografiese vraelys geblyk het, en moontlik 'n invloed op die leerling se leierskapsontploffing kan hê, uitgeskakel kan word, sodat die proses van prefekte-aanwysing vergemaklik kan word.
- * Die toepassing van die H.S.V.P. (Hoërskool Persoonlikheidsvraelys : 7 faktore) met die oog op die finale keuring van die leiers.

Hierdie leierskapskeuringprogram is 'n nuggere poging om op meer objektiewe wyse potensiele leiers te kan identifiseer. Sodoende kan die leerlinge met die grootste leierskapspotensiaal as leiers verkies en aangestel word. Die sukses van hierdie program lê daarin opgesluit dat dit 'n wetenskaplik-gefundeerde metode daarstel waarvolgens leiers geïdentifiseer kan word. Al nadeel hieraan verbonde is dat dit baie tyd in beslag neem en dat sekondêre skole nie oor die tyd beskik om dit na behore te kan implementeer nie.

2.6.2.4 Vereistes vir leieridentifisering

Maree (1977:8) wys op die volgende vereistes vir leieridentifikasie:

- * leiers moet deur die onderwysers en die leerlinge geïdentifiseer kan word;
- * die onderwysers moet die leerlinge die beginsels van demokrasie leer om hulle leiers reg te beoordeel en reg te kies;
- * die onderwysers moet duidelik teenoor die leerlinge laat blyk watter eienskappe hulle in 'n leier hoog ag;
- * dit mag ook nie uit die oog verloor word nie, dat dit hier gaan om die mens as unieke en gekompliseerde wese. Geen leier kan slegs met behulp van wetenskaplike meting geïdentifiseer word nie.

2.6.2.5 Leierskapidentifisering in praktiese situasies

Meintjes (1977:1) wys daarop dat 'n leerling met leierskappotensiaal oor 'n aantal jare deur sy medeleerlinge en onderwysers raakgesien word. Sy optrede op die volgende terreine van die skoollewe soos die skoolastiese, kulturele, kerklike, sport en die algemene skoolterrein (op die speelgrond en tydens skoolfunksies) is 'n bydraende faktor om hom as leier te kan identifiseer.

'n Leerling met leierspotensiaal hoef dus nie slegs deur wetenskaplike identifiseringsmetodes geïdentifiseer te word nie, maar ook deur waarneming op die verskillende terreine van die skoollewe.

2.6.2.6 Leierskapidentifisering in die Veldskole van die Transvaalse Onderwysdepartement

Volgens Pasques (1979:9-14) is leieridentifisering in die leierskapskursusse wat deur die Veldskole van die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied word, ingebou. Die doel met die kursusse is:

- * Om die kursuganger die geleentheid te bied om sy leierskapsvermoë te ontwikkel en deur hom die leiersposisie oor 'n aantal groepslede te laat neem. In hierdie situasies moet hy gesonde verstand, oordeel en inisiatief aan die dag lê, ten einde behoorlike leiding te bied.
- * Om die leierseienskappe van die potensiële leier steeds te verhoog. Deur hom voor ingewikkelde, vreemde situasies te plaas wat hy moet oplos, word die geleentheid gebied om hom te oefen in die kuns om nuwe leiersprobleme wat op sy pad mag kom, op te los.
- * Om die kursuganger die geleentheid te bied om die beginsels van leierskap prakties toe te pas.

Terwyl die leerling in groepsverband aan sekere praktiese probleemoplossingstake deelneem, word hy waargeneem, geëvalueer en geïdentifiseer. Die veldskole stel dan na afloop van die kursus die onderskeie skole in kennis watter leerlinge as leiers geïdentifiseer is asook die evalueringssimbool wat aan hulle toegeken word.

Die waarde van hierdie kursus lê daarin opgesluit dat leiers op praktiese wyse geïdentifiseer kan word. Die gevaar lê daarin opgesluit dat indien leerlinge kennis van die tegniek van hierdie kursus dra, hulle dit later tot hulle eie voordeel kan gebruik.

2.6.2.7 Samevatting

'n Beduidende persentasie potensiële leiers (28%) is onder die leerlinge in ons skoolpopulasie teenwoordig. Leerlingleiers moet effektief geïdentifiseer word, alvorens hulle opgelei kan word. Dit is 'n voorvereiste vir opleiding van leerlingleiers, anders sal die opleidingsprogram nie suksesvol uitgevoer kan word nie. Alhoewel wetenskaplike metodes soos die aanwending van

vraeyste of die skep van praktiese situasies om leerlingleiers te identifiseer, mag dit nie uit die oog verloor word nie dat die mens as unieke en gekompliseerde wese betrokke is. Met ander woorde, die resultate van wetenskaplike metingsprosesse mag nie summier aangewend word om leiers daar te stel nie, omdat die mens nie bloot 'n optelsom is nie. Hierdie resultate moet as leidraad dien om die leierspopulasie aan te dui, maar die onderwysers sowel as die leerlinge moet nog steeds die geleentheid gebied word om 'n keuse volgens hulle persoonlike oortuiginge te kan maak.

2.6.3 Soorte leerlingleiers aan die sekondêre skool verbonde

2.6.3.1 Inleiding

Die leerlingleier het 'n besondere plek en taak in die sekondêre skool. Hy lewer 'n besliste bydrae tot die handhawing van goeie orde en dissipline in die skool. As sodanig word hy alreeds met verantwoordelikhede beklee. Bauer (1974:8) sê egter dat die belangrikste faset van 'n leerlingleier in die hoërskole van Suid-Afrika is om reëls af te dwing ("rule enforcer") terwyl daar in die Amerikaanse skoolopaet meer klem gelê word op die vaardigheid om 'n vergadering te lei en demokratiese groepsinteraksie te bewerkstellig. Cilliers (1979:7) sluit hom hierby aan as hy sê dat daar onderwysers is wat glo dat dit die enigste taak van leerlingleiers is om "polisieën" binne die skool te speel of om die "vuilwerk" binne en buite die skool te doen. Leerlingleiers hoef nie uitsluitlik 'n polisieër in die skool te vervul nie, maar hy behoort op ander terreine leiding te kan gee, soos byvoorbeeld die kultuur-, akademiese-, sosiale-, godsdienstige terreine, sowel as op die terrein van die skoolgees en liefdadigheid. Daar is vir die leerlingleier 'n breë werkterrein waarbinne hy sy potensiele leierskapskenmerke kan gaan beoefen en uitleef.

2.6.3.2 Soorte leerlingleiers

Latham soos aangehaal deur Hurlock (1973:107) onderskei tussen die volgende adolessente leiers op grond van die wyse waarmee hulle met leierskap beklee word:

- * verkose leiers,
- * aangestelde leiers, en
- * atletiese leiers (hulle ontvang hulle leierskap op grond van hulle atletiese vaardighede)

Cawood en Swartz (1979:1-2) onderskei behalwe gekose leiers ook tussen natuurlike leiers, ware leiers en skynleiers. Natuurlike leiers is leiers wat nie tot 'n spesifieke pos verkies word nie, maar wat ook as leiers optree. Hulle word in twee groepe verdeel naamlik die wat groot aanhang onder hulle maats het, byvoorbeeld geselskapsleiers of voorbokke by katekwaad en aan die ander kant die wat as staatmakers optree tydens besonder geleenthede soos skoolfunksies, en so meer. 'n Skynleier is 'n persoon wat in 'n leiersposisie beland as gevolg van sy gewildheid, maar nie waarlik lei nie. Die ware leiers beskik oor die vermoë om te lei. Hy beoefen sy leierskap op so 'n manier dat hy sy medeleerlinge se vertroue wen en hulle agting verdien.

In die sekondêre skool bestaan daar 'n wye terrein waarin die leerlinge die geleentheid kan kry om leiding te neem. Die volgende leiersposisies word in skoolverband aangetref: (Hierdie indeling is nie hiërargies van aard nie).

- * hoofseun en hoofdogter van die skool en van die koshuis,
- * onderhoofseun en onderhoofdogter van die skool en die koshuis,
- * leerlingraadslede,

- * koshuisprefekte,
- * klaskapteins,
- * sportkapteins,
- * voorsitters van verenigings,
- * biblioteekprefekte,
- * busprefekte,
- * kadetoffisiere,
- * diakens en diakonesse in die koshuise.

2.6.4 Die leerlingleier as adollesent

2.6.4.1 Inleiding

Die leerlingleier in die sekondêre skool bevind hom in die adollesente fase van sy persoonlikheidsontwikkeling. Dit is vir hierdie navorsing van belang om vas te stel watter veranderlikes in die adollesente fase intree en hoe dat dit die leerlingleier se leierskapstyl sal beïnvloed.

2.6.4.2 Omskrywing van die begrip "adollessensie"

Adollessensie kom van die Latynse werkwoord "adolescere" wat uit twee woorde saamgestel is naamlik die voorset-sel "ad" wat "na" of "heen" beteken en "descere" wat "om te groei" beteken. Die adollesent is dus iemand wat na iets toe heen ontwikkel, in hierdie geval na volwassenheid en daarom ook toegerustheid.

Oor die algemeen word adollessensie gedefinieer as die stadium tussen kindheid en volwassenheid. Josselyn (1972:5) gee hieroor die volgende uitspraak:

"In reality, the growth process does not occur in stages. Adulthood is the end result of gradual maturation that begins with the fusion of the ovum and sperm. Arbitrarily separating this process into periods given

the false impression that growth proceeds by 'steps'."

Daar word hiermee volstaan dat alhoewel die ontwikkeling van die mens as 'n deurlopende geheel geskied, dit tog in verskillende fases vir akademiese doeleindes ingedeel kan word, ten einde die wetenskaplike bestudering daarvan te vergemaklik.

Jersild (1961:4) sien adolessensie as die stadium wanneer die groeiende persoon van kindsheid na volwassenheid oorskakel.

Skrywers verskil van mekaar oor die ouderdomsgrense van hierdie tydperk. De Wet en Van Zyl (1973:44) wys daarop dat adolessensie 'n aanvang neem tussen elf en veertien jaar en eindig tussen agtien en een-en-twintig jaar. Boshoff (1976:19) verdeel adolessensie in die volgende fases:

- * vroeë adolessensie van 12 - 15 jaar
- * middeladolessensie van 15 - 18 jaar
- * laat adolessensie van 18 - 22 jaar

Barnard, Kemp, Van der Merwe, Theron, Grobbelaar en Botha (1966:381) wys daarop dat die adolessent 'n ontwikkelde kind is wat fisies, emosioneel, verstandelik, psigies en sosiaal nog onryp is teenoor die volwassene wat rypheid in al hierdie aspekte alreeds bereik het. Bingle soos aangehaal deur Barnard et al. (1966:381) meen dat die adolessent geen kind, maar ook geen volwassene is nie, hy staan tussen die twee op die ontwikkelingspad van onvolwassenheid na volwassenheid.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die leerlingleier in die sekondêre skool in die adolessente fase van sy ontwikkeling verkeer en dat hulle veral die volgende kenmerke sal openbaar:

- * die leerlingleier verkeer in 'n oorgangstydperk,
- * die leerlingleier is fisies, emosioneel verstandelik en sosiaal nog onryp,
- * die leerlingleier is op weg na volwassenheid, en
- * hy het die steun van 'n volwassene nodig wat oor vastigheid, sekerheid en doelgerigtheid in sy denke en handeling beskik vir die uitvoering van sy lewenstaak.

2.6.4.3 Omskrywing van die begrip "portuurgroep"

Tydens adolessensie is die adolessent deel van 'n adolessente kultuurgroep, die portuurgroep of synsgelyke groep of maatsgroep of ouderdomsgroep genoem.

Josselyn (1972:39) beweer dat dit baie moeilik is om die portuurgroep te definieer. Die portuurgroep is saamgestel uit individue van ongeveer dieselfde emosionele ontwikkeling. Die samestelling word nie bepaal deur chronologiese ouderdom of intellektuele bekwaamheid nie, alhoewel beide 'n rol speel.

Die leerlingleier sal ook tot 'n portuurgroep behoort en die invloed wat die sosiale ontwikkeling op sy leierskaprol uitoefen behoort nagevors te word.

2.6.4.4 Belangrikheid van die sosiale ontwikkeling van die adolessent vir hierdie navorsing

Op die sosiale terrein kom die verhouding van die leerlingleier met sy medeleerlinge na vore. Ook die spesifieke gedragskodes wat van hom vereis word en die norme van aanvaarbaarheid wat vir hom gestel word. Daarom kan dit nie anders as dat die sosiale ontwikkeling van die adolessent beklemtoon sal word nie.

Tydens adolessensie tree 'n normale en sterk neiging tot onafhanklikheid by die adolessent in. Kenmerkend is dat hy belangstel in sy ouderdomsgroep en graag wil voldoen aan die eise soos wat dit deur die groep aan hom gestel word.

Lerner en Spanier (1980:45) sê in hierdie verband dat die sleutel tot adolessente gewildheid of verwerping in sy ouderdomsgroep lê. Op 'n informele wyse word die adolessent deur sy ouderdomsgroep geleer hoe om op te tree, te praat en aan te trek.

Namate die adolessent meer onder die invloed van sy portuurgroep kom, raak hy minder afhanklik van sy huisgesin. Friedenberg soos aangehaal deur Bernard (1971:197) meen dat die ondersteuning van die portuurgroep baie belangrik is en dat hulle baie snobisties is deurdat hulle andere sal uitsluit wat nie deel van hulle groep vorm nie.

Stenhouse soos aangehaal deur Cilliers (1979:1) beweer dat die mag en invloed wat die gesin op die kind het, afneem terwyl die mag en invloed van die sinsgelyke groep toeneem namate die kind ouer word. Hy wil graag soos die groep en een van die groep wees. Hy sal hom dan ook streng hou aan die norme, standaarde of kodes wat deur die groep aanvaar is.

Hierdie slaafse onderwerping aan die norme en standaarde van sy portuurgroep het 'n nadelige uitwerking op sy leierskapsontwikkeling. Jersild (1961:209-210) wys daarop dat die gevaar daarin lê dat hy in sy poging om deur die groep aanvaar te word, hy van sy eie waardes afstand sal kan doen.

Om deur die groep aanvaar en erken te word, moet die adolessent egter volgens die gedragskodes van die groep handel en optree. Stennett en Walters soos aangehaal deur Bernard (1971:209) wys daarop dat die ado-

lessent leer watter soort sosiale gedrag onaanvaarbaar is en hy vermy dit om die guns van die groep te wen. Hy leer ook watter nuwe gedragskode sy gewildheid in die groep sal laat toeneem.

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent gaan altyd gepaard en geskied teen die agtergrond van die sosiale gemeenskappe waarin hy hom bevind. Barnard et al. (1966:398) sê dat die skool een van die sosiale gemeenskappe is met 'n eie sosiale kode, reëls, beperkinge, voorregte, verantwoordelikhede, toelaatbare of ontoelaatbare gedrag. Cilliers (1979:2) wys daarop dat die skool as sosiale gemeenskap die arena verskaf waar daar 'n interaksie tussen adolessente bestaan. Kinders uit verskillende woonbuurtes en huisgesinne elk met sy eie waardevoorkeure en belange word deur gedwonge skoolplig in die skool saamgehoë. Weiner en Elkind (1972:192) wys daarop dat die skool die adolessent in nuwe aanraking met ander adolessente bring. Soos hy hulle aktiwiteite waarneem, asook die vreugde wat dit vir hulle verskaf, ontstaan die behoefte by hom om deur hulle aanvaar te word.

Herman soos aangehaal deur Cilliers (1979:2) beweer dat met sy lot vir die volgende paar jaar bepaal is, hy uiteraard rondom hom begin kyk om nuwe vriende te maak.

Waar so 'n maatsgroep in elke klas tot stand kom, is dit natuurlik dat 'n leier na vore sal tree en leiding sal neem. Die leier sal moet optree in ooreenstemming met die norme wat die portuurgroep daarstel. Hieruit spreek dit duidelik dat die portuurgroep oor 'n beïnvloedingsmag beskik waarvan die leerlingleier kennis sal moet neem om sy taak as leier ongehinderd uit te voer.

2.6.4.5 Die beïnvloedingsmag van die portuurgroep op die leerlingleier

Die portuurgroep dien onbewustelik die doel om normale

sosiale verhoudings te bewerkstellig. Cilliers (1979:2) wys daarop dat die enkeling deur die groep gedwing word om die groep se lewensnorme te aanvaar deur gebruik te maak van veral psigiese dwang. Wanneer die enkeling die groep se norme eerbiedig word hy in die groep aanvaar, so nie word hy deur die groep verwerp.

Grinder (1973:247) sluit hom hierby aan as hy sê dat hy ook uit die groep verstoot mag word as hy die gesag van die groep verwerp, homself meerderwaardig ag, of sy eie oordeel beter as die van ander lede van die groep ag.

Brebeck soos aangehaal deur Cilliers (1979:2) konstateer dat die leierskap van die ouderdomsgroep gedragskodes vir al die groeplede voorsien. Hierdie kodee gee as't ware die pas aan en daar is 'n sterk neiging van alle groeplede om hierdie kodes na te streef.

Die portuurgroep beskik dus beslis oor 'n beïnvloedingsmag. Die enkeling sal hom daarby moet aanpas en die norme van die groep eerbiedig. Deur dit te gehoorsaam word hy beloon deurdat hy aanvaar word. Wanneer hy dit nie gehoorsaam nie, word hy verwerp. Die beïnvloedingsmag wat die portuurgroep ten opsigte van die leier van die groep het en die verhouding wat daar tussen die leier en die portuurgroep bestaan, sal nou ondersoek word ten einde verdere perspektief hieroor te verkry.

2.6.4.6 Die adolescent en leierskap

Waar 'n groep mense bymekaar is, sal 'n leier tevoorskyn tree. In die adolessente fase is leierskap nodig om die besluite vir die groep te koördineer. Volgens Hurlock (1973:81) is die leier die adolescent se verteenwoordiger en wil hy hê dat die leier hom so goed moet verteenwoordig dat dit prestige aan sy groep sal verleen.

In adolessensie is daar 'n verskeidenheid van sosiale groepe en aktiwiteite en daarom sal daar verskillende soorte leiers wees. Hurlock (1973:81) sê dat daar glad nie 'n algemene eienskap vir leierskap is nie. So kan 'n skrandere adolessent leier van 'n groep slim adolessente wees, maar in 'n groep minder intelligente adolessente, sal hy bes moontlik nie as leier aangewys word nie. Slegs wanneer die groep sy buitengewone intelligensie nodig, sal hy as leier aangewys word.

Adolessente leiers toon besliste eienskappe en alhoewel die eienskappe van leiers op grond van die vereistes mag verskil wat die situasie of groep verlang, is sekere eienskappe tog van groter waarde as ander. Ausubel, Montemayor en Svajian (1977:339) onderskei ses kategorieë eienskappe waarin die leier die nie-leier oortref:

- * fisiese voorkoms, waaronder 'n aangename voorkoms en nie soseer skoonheid verstaan word nie, asook goed gekleed, 'n selfversekerde en atletiese liggaamshouding;
- * intelligensie, waaronder 'n bogemiddelde sosiale bewustheid verstaan word;
- * besluitnemingsvaardigheid, waaronder 'n onderskeidingsvermoë, standvastigheid van besluite, lae vatbaarheid vir suggesties, selfvertroue en verbeelding verstaan word;
- * belangstellings, waaronder volwassenheid, wye belangstellingsveld, deelname in vryetydsaktiwiteite en vermoë om gesprek te voer, verstaan word;
- * 'n sosiale aanpasbare mentaliteit soos ekstroverte gesaardheid, oorheersing, onselfagtigheid, regverdigheid, insiklikheid en betroubaarheid, en

- * agtergrond, waaronder h bogemiddelde sosiale status en inkomste.

Intelligensie speel h belangrike rol in leierskap. Peck en Galliani soos aangehaal deur Grinder (1973:271) het gevind dat adolessente die skrande seuns en dogters as leiers kies om verandering te bewerkstellig.

Die leier is dus die middelpunt van die groep omdat hy oor die vermoë beskik om die groep te rig ooreenkomstig hulle behoeftes en belangstellings. Volgens Hurlock (1973:106-107) verwerf die leier sy posisie op grond van die volgende redes:

- * hy is h meester in sosiale verhoudings en het h groter bydrae tot die groep gelewer as die ander lede, en
- * hy kan die groep tot swye bring op grond van hulle lojaliteit aan hom en nie deur outoriteit op te tree nie.

Grinder (1973:269) sê dat die adolessent status op grond van die volgende verwerf:

- * sy bogemiddelde vermoë om alternatiewe metodes aan te wend om maksimum doelbereiking te verkry, en
- * sy vermoë om sosiaal aanvaarbaar op te tree.

Die leier kan dus sy status verwerf op grond van sy populariteit. Ausubel et al. (1977:337) wys daarop dat alhoewel populariteit alleen nie leierskap waarborg nie, h leier onmoontlik nie vir h lang tydperk onpopulêr kan wees, en nog sy status behou nie. Rothaus, Davis en Banker soos aangehaal deur Grinder (1973:269) sluit hulle hierby aan waarin hulle in h ondersoek daarop wys dat leiers wat op grond van hulle populariteit en nie op grond van hulle leiersvermoë

verkieë is nie, uitsak en probleme ondervind om nuwe projekte te inisieer. Populariteit alleen waarborg dus nie leierskap nie.

Soos vroeër aangedui, kan daar 'n verskeidenheid leiers aangetref word. Hurlock (1973:107) onderskei tussen drie kategorieë leiers:

- * die leier wat deur 'n volwassene aangestel word sonder inagneming van die groep se gevoelens,
- * die formele leier wat deur sy maats op grond van 'n meerderheid van stemme tot 'n leiersposisie verkies word, en
- * die informele leier wat nie verkies word nie, maar bloot sy posisie verwerf deur die vertroue wat daar in hom gestel word.

Cunningham soos aangehaal deur Ausubel et al. (1977:338) dat dit vrugtelos vir die volwassene is om 'n leier op adolessente af te forseer omdat hulle so 'n leier nie sal ondersteun nie en hy slegs 'n onbenullige status sal beklee.

Ausubel et al. (1977:338) wys daarop dat hoe meer gespesialiseer adolessente in groepsaktiwiteite raak, hoe meer word leiers verkies volgens die situasionele vereistes en minder volgens populariteit waaroor die leier mag beskik. 'n Leier mag dus tot 'n leiersposisie bevorder word op grond van die status wat hy beklee of op grond van die spesifieke bekwaamhede wat 'n besondere situasie vereis.

Leierskap moet egter geskied in ooreenstemming met die eise wat die portuurgroep aan hom stel. In die verband wys Ausubel et al. (1977:337) daarop dat die leier nie die vasgestelde tradisies van die groep of die algemene doelwitte wat hy moet bevorder, mag verontagsaam nie.

Hy kan nie sy mag wispelturig aanwend of misbruik nie, en daar word meer van hom as enige ander lid van die groep verwag om sy verpligtinge beginselvas te eerbiedig.

Die leier kan dus nie afsonderlik van sy groep funksioneer nie en hy moet aan die verwagtinge wat die groep aan hom stel, voldoen. Gibb soos aangehaal deur Hollander (1964:22) gee 'n raak beskrywing wanneer hy sê dat volgelinge stel hulle nie ondergeskik aan iemand wat anders as hulle is nie, maar wel aan 'n lid van die groep:

- * wat hulle meerdere is op daardie tydstip,
- * wat fundamenteel dieselfde as hulle is, en
- * wat ook bereid is om soms te volg.

2.6.4.7 Samevatting

Die adolessent stel deur sy portuurgroep sy eie lewensnorme en standaarde. Die adolessent strew daar na om deur die groep aanvaar te word en daarom sal hy ooreenkomstig die neergelegde kodes optree. Die gevaar lê daarin opgesluit dat hy afstand sal doen van sy beginsels ter wille van die aanvaarding en erkenning van sy maatsgroep.

Positiewe leierskap is dus noodsaaklik. Die leeringeleier moet dus opgelei, opgevoed en gesteun word in die beoefening van leierskap. Hy sal te alle tye die inisiatief moet behou om sodoende sy groep ten goede te kan beïnvloed, met ander woorde hy moet as 'n vernuwings- of veranderingsagent kan optree.

Alhoewel die leier kennis sal moet neem van die verwagtinge wat die groep aan hom stel, sal hy opgelei en gesteun moet word om standpunt in te neem, al bring dit hom in botsing met sy maatsgroep.

2.7 Steungewing aan die leerlingleier deur die verantwoordelike onderwyser

Die leerlingleier bly steeds kind en soos alle ander leerlinge staan hy as opvoeding in 'n opvoedingsverhouding tot die onderwyser-opvoeder. Die onderwyser as opvoeder moet weet wat kindwees beteken. Daar kan nie van die leerlingleier verwag word, wat van die volwasse leier verwag word nie.

Maree (1977:2) wys daarop dat die oomblik dat 'n leier besef dat hy tot 'n leier verhef is en met bepaalde gesag bekleed is, beleef hy 'n gevoel van ongeborgenheid en is daar by hom 'n besondere nood aan 'n volwassene in wie hy vertrou het. Dit is hier waar die verantwoordelike onderwyser as steungewer en vertroueling 'n besondere rol te vervul het in die skepping van 'n nuwe veilige ruimte vir die leerlingleier.

Irving en Zuck (1976:288) stel die volgende vereistes aan die verantwoordelike Christelike volwassene vir 'n suksesvolle verhouding teenoor die jeugleier van die kerk:

- * die verhouding moet warm en vriendelik wees en moet gekenmerk word deur wedersydse respek,
- * die verantwoordelike volwassene moet nie aandring op sy waardigheid as volwassene nie en moet aan die ander kant nie 'n allemansvriendverhouding openbaar nie,
- * om respek te verower moet hy bereid wees om na hulle te luister en hulle raad te gee in die skepping van hulle eie wêreld,
- * hy moet goeie dissipline handhaaf want die jeug hou van een wat staan op wat reg en verkeerd is, en
- * sy leiding aan hulle kan nie van 'n afstand gedoen word nie. Dit vereis 'n persoonlike belangstelling in die groep waarvoor hy verantwoordelik is.

Volgens Cawood et al. (1979:127) moet die verantwoordelike onderwyser oor die volgende eienskappe beskik:

- * takt,
- * geduld,
- * humorsin, en
- * 'n aangename persoonlikheid.

Maree (1977:4) sluit hierby aan as hy beweer dat die onderwyser-opvoeder die volgende waardes by alle kinders maar in die besonder by die leerlingleier moet tuisbring:

- * Sinvolheid van bestaan

Die lewe eis van die leerlingleier om behoorlik te lewe en leiding te gee.

- * Selfbevoordeling en selfbegrip

Hy moet sy handeling krities aan bepaalde behoorlikheidseise inrig en aan bepaalde norme toets.

- * Menswaardigheid

Hy moet hom gedra soos wat dit 'n mens betaam (behoorlikheidseise) en moet ook ander mense se menswaardigheid respekteer.

- * Sedelik-selfstandige besluitneming en handeling

Hy moet selfstandige besluite neem in ooreenstemming met sy beginsels en moet verantwoording doen aan die Hoër Gesag.

- * Verantwoordelikheid

Hy dra nie die finale gesag nie en moet aan 'n Hoër Gesag verantwoording doen.

- * Normidentifikasie

Hy moet hom met bepaalde norme verenselwig en slegs dan

kan hy 'n waardige leier vir sy volgelinge wees.

- Lewensopvatting

Lewenswaardes is altyd eie aan 'n bepaalde lewensopvatting. By lewensopvatting het Maree die Christelik-Nasionale lewensopvatting in gedagte. Dit is die primêre taak van die verantwoordelike onderwyser om die leerlingleier opvoedend te steun om die Christelik-Nasionale lewensopvatting te verwerf en om sy lewe volgens die daarmee gepaardgaande waardes in te rig.

Die verantwoordelike onderwyser moet ook toesien dat die leerlingleier deeglik opgelei word vir sy taak. Dit beteken volgens Sergiovanni (1979:393) dat die leier gehelp moet word om meer bedrewe te raak in die bereiking van mikpunte. Die leier moet geleer word om mikpunte vir hom te stel en om dit ten uitvoer te bring. Dit impliseer dat hy geleer sal moet word hoe om effektief te bestuur.

Leerlingleiers aan die sekondêre skool is 'n noodsaaklikheid. Hulle kan 'n vername rol speel en besondere funksies vervul om die organisasie van die skool vlot te laat verloop. Sodoende kan hulle ook hulle mede-leerlinge positief lei. Om dit tot stand te bring moet die leerlingleier doeltreffend opgelei word om hulle taak effektief te kan uitvoer.

'n Studie van 'n aantal opleidingsprogramme sal gemaak word om sodoende tot die daarstelling van 'n opleidingsmodel vir leerlingleiers in die sekondêre skool te kan kom.

2.8 OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

2.8.1 Inleiding en doelwitte

Leierskap is nie bloot 'n aangebore eienskap nie, dit bevat ook sekere kennisaspekte, wat impliseer dat dit aangeleer kan word. 'n Voorvereiste vir leieropleiding is dat 'n per-

soon oor besliste leierseienskappe moet beskik.

Die leierseienskappe van die leerlingleier moet ontwikkel word deur opleiding. Die leerlingleier mag nie aan homself oorgelaat word om te lei nie. Hy moet opgelei word sodat hy weet hoe h leier hom moet gedra en hoe dat hy in bepaalde situasies moet optree.

Opleiding moet slegs aanvullend tot leierskap gesien word. h Leier word nie net geproduseer deur sekere leierskaptegnieke aan te leer nie. Die opleiding moenie as resepmatig, voorafvervaardig of as h kitaprogram beskou word nie. Opleiding is nie h eenmalige handeling nie, maar dit is h aanhoudende proses wat dikwels ook intaak-opleiding sal meebring.

Die opleidingsprogram moet daarom gerig wees op die behoeftes van die skool sowel as die van die leerlingleier. Dit moet ook gesien word as h verlengstuk van die onderwys-handeling.

2.8.2 Bestaande opleidingsprogramme

2.8.2.1 Dienswerk-Metodiek : Kursus in leierskap deur die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Nel en De Hart, 1976).

Hierdie opleidingsprogram is gerig op leierskap vir die Christen-jeugdige. In die eerste drie kursuspakette handel dit oor:

- * kerkbegrip,
- * jeugbeleid, en
- * h dinamiese kerkjeugaksie vir ona dag.

Dit wil die kerkjeug daarop wys dat sy aksie in diens van die kerk staan, dat daar h beleid moet wees waarvolgens die jeug tot volwaardige lidmate in Christus gelei sal word en dat daar h dinamiese kerkjeugaksie

van stapel gestuur moet word om Skrifgetroue volgelinge van Christus te vorm.

Dit word opgevolg met die kursuspakket: Ons Dienswerk. Hierin word die toerusting wat die jeugdige nodig het soos hulp, kennis, voorligting en praktiese opleiding uiteengesit. Die verskillende werksterreine soos jeugarbeid, evangelisasie, sending, diens van barmhartigheid en ontspanning word hier behandel.

Kursuspakette 5 en 6 sluit bepaalde bestuurstegnieke in soos:

- * kommunikasie
- * groepsleiding en groepstegniek, en
- * voorsitterskap en die hantering van 'n vergadering.

Die betekenis hiervan vir die opleiding van leerling-leiers is die volgende:

- * Soos die kerkjeug moet weet dat sy werk in diens van die Kerk (Christus) staan, moet die leerling-leier opgelei word met die wete dat sy lewensbeskouing 'n besondere karakter aan sy leierskap sal verleen.
- * Die kursus maak voorsiening vir 'n bepaalde jeugbeleid en daarom sal die opleiding van die leerling-leier geskied ooreenkomstig die vereistes wat die skool vir sy leerlingleiers neerlê.
- * Die verskillende werksterreine sal vir die leerlingleier aangedui moet word en hy sal opgelei moet word om daardie terreine vir sy mede-leerlinge te aktiveer.
- * Die leerlingleier sal opgelei moet word om bepaalde bestuurstegnieke te kan bemeester ten einde sy leierstaak prakties uit te voer.

2.8.2.2 Bestuursbeginsels vir Kerkwerk soos deur die Nederlandse Hervormde Kerk (1981) geïdentifiseer

Die volgende vier beginsels word voorgestel vir doeltreffende bestuur:

- * beplanning,
- * organisering,
- * leiding, en
- * kontrole.

Hierdie vier beginsels word onderling aan mekaar verbind deur kommunikasie.

Dit verteenwoordig 'n baie bondige kursus om die kerkjeug in staat te stel om op verskeie praktiese terreine aksies sinvol te beplan. Vir die leerling-leier bestaan daar 'n verskeidenheid terreine waar hy sy leierskap prakties sal moet uitoefen en dit sal hy moet doen ooreenkomstig bepaalde bestuursfunksies soos wat dit in hierdie kursus vervat is.

2.8.2.3 Bestuurswenke vir die Junior Rapportryer deur Serfontein, S en Du Toit, L J (1979)

Die hoofdoel van hierdie program is om die Junior Rapportryer te leer hoe om 'n projek aan te pak en om die korrekte bestuursfunksies aan te wend. Dit sluit die volgende stappe in:

- * besluitneming, beplanning en kontrole,
- * uitvoering van die projek,
- * evaluering van die projek,
- * rol van die groep tydens probleemoplossing en beplanning, asook
- * die rol wat kreatiwiteit speel om nuwe en oorspronklike oplossings vir probleme te kan vind.

Hierdie kursus is nie net op bestuursfunksies alleen toegespits nie, maar lê ook klem op die aspek van kreatiewe leierskap. Die leerlingleier sal ook met probleme te make kry en in sy opleiding sal behalwe bestuursfunksies ook die aspek van kreatiwiteit ingebou moet word.

2.8.2.4 Leierskapseminaar vir Wes-Randse Hoërskole, deur die Departement van Nasionale Opvoeding (1978)

Dit is 'n baie volledige opleidingsprogram waarin die volgende by die jeug verwesenlik word:

- * fundering van die begrip leierskap,
- * vasstelling van die leiersprofiel,
- * funksies van die bestuur,
- * probleemoplossing, en
- * openbare optrede.

In hierdie program word leierskap breër gesien as bloot net om die leier op te lei in bestuur. Die leier word in die geleentheid gestel om 'n duidelike beeld van die werk van 'n leier te verkry. Die werkseminartaegniek naamlik om die geleentheid te kry om probleme en stellings te bespreek, behoort beslis in die opleidingsmodel vir leerlingleiers ingesluit te word

2.8.2.5 Jeugleierskursus van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, (1978).

Hierdie kursus wil die volgende by die jeug verwesenlik:

- * waarde van groepsbespreking;
- * doelwitbestuur as effektiewe bestuursleiding,
- * taak en onderhoudsgedrag in groepe,
- * probleemoplossing, en
- * grondslae waarop bestuursleiding berus.

Hierdie kursus wys op die belangrikheid van doelwitbestuur en die leerlingleier sal in hierdie tegniek opgelei moet word om sy leierstaak meer doeltreffend te kan verrig.

2.8.2.6 Oriënteringskursus vir Hoofde van Veldskole van die Transvaalse Onderwysdepartement (Pasques, 1979).

Die volgende drie beginsels moet aangewend word in die uitbouing van leierskap:

- (1) kennis, wat handel oor die funksionering van groepe, kennis van groepdinamika, vergaderingsprosedure en riglyne vir effektiewe leierskap,
- (2) vaardighede, wat die hantering van kritiek en konflik, kommunikasie en beplanning insluit, en
- (3) houdings en gesindhede, wat die bepaling, identifisering van houdings en gesindhede en die regstelling van verkeerde houdings of gesindhede insluit.

Vir die leerlingleier is dit van groot belang om negatiewe houdings en/of gesindhede te kan bepaal en dit ook reg te stel. Deur negatiewe elemente betyds uit te skakel, bied dit die geleentheid vir die gladde verloop van sake en daarom behoort dit ook in die opleidingsprogram opgeneem te word.

2.8.2.7 Samevatting en vooruitskouing

Uit hierdie opleidingsprogramme vir die jeug en jeugleiers blyk dit dat die volgende aspekte in 'n opleidingsmodel vir leerlingleiers opgeneem behoort te word.

- (1) Die leerlingleier sal opgelei moet word om te lei vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Volgens die Onderwyswet van 1967 moet die karakter

van die onderwys Christelik-Nasionaal van aard wees en daarom kan dit nie anders as dat die leerlingleier vanuit hierdie lewensbeskouing sal moet lei nie. Daar sal in gedagte gehou moet word dat hierdie lewensbeskouing nie sommer net aangeleer kan word nie - dit moet van jongsaf in die ouerhuis vir die kind voor-geleef word. In die opleiding moet die Christenleerlingleier egter gesteun word, om nie skaam te wees om te lei soos hy glo nie. Die leier as Christen-Gelowige behoort dus te:

- * glo in sy Skepper,
- * glo in sy mede-leerlinge,
- * glo in sy saak,
- * glo in sy visie en doelwit, en
- * in homself ook glo.

- (2) Leierskap behels kennisaspekte wat aangeleer kan word. Dit kan meebring dat die leerlingleier leierskap in 'n breër perspektief kan sien, soos:

- * leierseienskappe wat beslissend vir goeie leiers is,
- * voor- en nadele van leierskapstyle,
- * situasionele leierskap, en die leier se vermoë om die groep as werkspan effektief te laat funksioneer.

- (3) Leerlingleierskap behels ook die kennis van bestuurswerk. Hy moet projekte op verskillende terreine soos die kulturele, sosiale, sport- en godsdienstige terrein aanpak en daarom sal hy kennis moet dra van bestuurshandeling soos beplanning, organisering, leiding en evaluering.

- (4) Behalwe bestuursfunksies is daar bepaalde bestuurstegnieke soos die oplossing van probleme, hantering

van kritiek en konflik, vergaderingsprosedure en effektiewe kommunikasie waarvan die leerlingleier kennis sal moet dra.

- (5) Hantering van die eietydse problematiek om die leerlinge positief te lei.
- (6) Voortreflike menseverhoudinge as noodsaaklike voorwaarde vir goeie en effektiewe leierskap.
- (7) Die leerlingleier sal kennis moet neem van die eise wat die portuurgroep aan hom stel, dat hulle deel van die groep sal moet bly, maar dat hulle nie moet huiwer om besluite te neem nie al bring dit hulle soms in konflik met hierdie groep waaraan hulle leiding moet gee.
- (8) Uit die studie van hierdie opleidingsprogramme is dit duidelik dat daar baie aandag aan die opleiding van jeugleiers geskenk word.

Die leemte bestaan egter daarin dat die opleiding van leerlingleiers meestal deur instansies van buite die skool onderneem word. Omdat die onderwysers nie van die inhoud van hierdie kursusse kennis dra nie, ontstaan daar 'n kommunikasiegaping tussen die onderwyser en die leerlingleier. Ook slegs 'n beperkte aantal leerlingleiers kan op hierdie wyse opgelei word en daarom kom leerlingleierskap tans nie tot sy reg in sekondêre skole nie. Die opleiding van leerlingleiers sal alleenlik tot sy reg kom indien dit deur die onderwysers self waargeneem kan word.

Aangesien leerlingleierskap 'n eiesoortige leierskap is, ondersteun dit die siening dat die onderwysers self die leerlingleiers moet oplei. Leerlingleiers kom oor 'n wye spektrum in die sekondêre skool voor en daar bestaan 'n wye ter-

rein waarin hulle die geleentheid kry om leiding te neem. Die onderwyser moet die leerlingleier steun sodat hy hierdie geleenthede tot voordeel van sy skool en tot volle ontplooiing van sy leierskap kan benut.

Dit is dus noodsaaklik om die opleidingsprogram van die onderwyser vir die sekondêre skool uit te brei sodat dit ook kennisaspekte van leerlingleierskap sal insluit. So sal die onderwyser bo en behalwe die feit dat hy die kind moet begelei op weg na volwassenheid, die leerlingleier ook sal moet lei en ondersteun. Dit geld vir prefekte, klaskapteins, sportkapteins en verenigingsvoorsitters. Die onderwyser kan hierdie steungewing alleen verrig vanuit 'n besliste kennis van wat onder leerlingleierskap verstaan word. Vrae soos watter verwagtings en watter vereistes aan die leerlingleier gestel word, moet beantwoord word. Sodoende sal die onderwyser en die leerlingleier saam kan werk ooreenkomstig die karakter en vereistes wat die skool aan leerlingleierskap stel. Leerlingleierskap sal so binne skoolverband kan gedy en opleiding hoef dus nie deur middel van instansies van buite die skool aangebied te word nie.

EMPIRIESE ONDERSOEK : WEERGAWE, ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA

3.1 MOTIVERING VIR EN AKTUALITEIT VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

In hoofstuk 2 het die navorser 'n literatuurstudie onderneem om vas te stel watter navorsing oor leierskap asook oor leerlingleierskap onderneem is, om sodoende 'n eie siening oor die begrip leerlingleierskap te kan kry. 'n Aantal opleidingsmodelle is ook bestudeer om vas te stel wat in die onderwyspraktik asook deur organisasies buite die onderwys, ten opsigte van die opleiding van jeugleiers onderneem word.

Navorsers wil die feite wat hy uit die literatuurstudie verkry het aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys in die praktyk beproef om sodoende vas te stel wat die heersende beskouing oor die leerlingleier is, asook watter opleidingsaspekte wat as belangrik beskou word, te peil.

Aangesien die gestruktureerde vraelys deur die onderwysers, sowel as deur die leerlingleiers voltooi sal word, sal inspraak van twee kante verkry word, naamlik die onderwyser aan die een kant wat leierskap vanuit die oogpunt van 'n volwasse- ne beskou maar ook besef dat hy werk met die leerlingleier wat onder weg na volwassenheid is; en die leerlingleier aan die ander kant wat leierskap vanuit die oogpunt van 'n nie-volwasse- ne sal evalueer, maar wat in staat is om sy eie mening te gee. Dit bied dan ook aan die onderwysers en die leerlingleiers die geleentheid om inspraak in die navorsing te hê, en om leemtes in die literatuur waar moontlik, aan te dui.

Met hierdie inligting tot die navorser se beskikking sal dit hom in staat stel om 'n eie model vir die opleiding van leerlingleiers daar te stel.

3.2 DOEL MET DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel met die empiriese ondersoek is om deur middel van 'n gestruktureerde vraelys die praktyk te verken ten opsigte van sekere aspekte van leerlingleierskap naamlik:

- * die huidige stand van leerlingleiers in sommige sekondêre skole in Transvaal,
- * die huidige stand van die onderwysers se siening wie genader is, met betrekking tot leerlingleiers, en
- * hoe die menings van die onderwysers en die leerlingleiers met mekaar vergelyk kan word.

3.3 HIPOTESE

Leerlingleiers verbonde aan sekondêre skole in Transvaal kan goed toegerus word vir hulle leierskapstaak indien hulle 'n op-leidingsprogram deurloop het.

3.4 TEIKENPOPULASIE

Alle leerlingleiers (seuns en dogters) verbonde aan sekondêre skole in Transvaal; sowel as die skoolhoof en verantwoordelike voorgonderwyser sal as teikenpopulasie beskou word.

3.5 STUDIEPOPULASIE

Deur middel van 'n sistematiese steekproef is 50 sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement geselekteer. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van die tabelle in De Wet, Monteith, Steyn en Venter (1981:332). Nommer 3, rykolom 13(7) is as beginpunt bepaal en op grond daarvan is 50 sekondêre skole uit die alfabetiese volgorde van skole geneem. Die leerlingleiers (seuns en dogters) sowel as die skoolhoof en voorgonderwyser van elkeen van hierdie skole is in die empiriese ondersoek betrek.

3.6 METODE EN UITKOMSTE VAN DIE NAVORSING

Aan elk van die vyftig skole is vier gestruktureerde vraelyste gestuur. Een elk is aan die hoof, die voogonderwyser, die hoofseun asook die hoofdogter gestuur. 'n Totaal van tweehonderd vraelyste is dus uitgestuur. 76% van die vraelyste is terugontvang en volgens Landman (1980:112) moet minstens 70% van die vraelyste terugontvang word om op geldigheid aanspraak te kan maak.

Die verwerkings van die empiriese ondersoek is gedoen deur gebruik te maak van die BMDP4F-program (hersieningsdatum : Oktober 1983). Die gegewens van die onderwysers en die leerlinge is afsonderlik verwerk. Navorsers het dit daarna getabelleer en geïnterpreteer.

Tabel 3.1 Opgawe van vraelyste uitgestuur en terugontvang

Aantal skole	Aantal vraelyste uitgestuur	Aantal vraelyste terugontvang	Persentasie terugontvang
50	200	152	76,0%

3.7 WEERGAWE EN INTERPRETASIE VAN DIE VERKREË DATA

3.7.1 Inligting van die onderwysers

Afdeling A: Demografiese inligting van die onderwysers

Tabel 3.2 Geslag en ouderdom van die onderwysers

Geslag				Ouderdom									
Manlik		Vroulik		20-30 jaar		31-40 jaar		41-50 jaar		51-60 jaar		60 jaar +	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
65	85,5	11	14,5	1	1,3	31	40,8	34	44,7	9	11,8	1	1,3

Analise en interpretasie

- Uit hierdie tabel kan afgelei word dat meer manlike (85,5%) as vroulike respondente (14,5%) by die ondersoek betrek is.
- 85,5% van die respondente is afkomstig uit die ouderdomsgroep 31 - 50 jaar. Dit verteenwoordig daardie groep onderwysers wat op grond van hulle ryple ervaring met gesag h mening oor leerlingeierskap kan gee.

Tabel 3.3 Ligging, leerlingtal en onderrigmedium van die sekondêre skole

Ligging					
Stedelik		Semi-stedelik		Platteland	
f	%	f	%	f	%
53	69,7	11	14,5	12	15,8
Leerlingtal					
S1 (600+)		S2 (-600)			
f	%	f	%		
61	80,3	15	19,7		
Onderrigmedium					
Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels	
f	%	f	%	f	%
61	80,3	12	15,8	3	3,9

Analise en interpretasie

- Skole uit al drie die sentra is met die ondersoek betrek en repondente met h stedelike, semi-stedelike en plattelandse agtergrond het inspraak in die ondersoek gehad.

- * Verder is groter sowel as kleiner sekondêre skole met die ondersoek betrek.
- * Ook is sekondêre skole uit beide die amptelike taalgroepe met die ondersoek betrek.

Tabel 3.4 Onderwyservaring en graad van onderwyspos beklee

Onderwyservaring									
0-5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar		20 jaar +	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
2	2,6	8	10,5	17	22,4	18	23,7	31	40,8
Graad van onderwyspos									
Hoof		Adjunk- hoof		Departe- mentshoof		Onderwyser met meriete		Onderwyser	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
27	35,5	7	9,2	32	42,1	7	9,2	3	3,9

Analise en interpretasie

- * Die feit dat 40,8% van die respondente oor 20 jaar en meer onderwyservaring beskik, dui daarop dat die vraelys aan ervare onderwysers toevertrou is, onderwysers wat oor die ervaring beskik om h mening oor leerling-leierskap te gee.
- * 35,5% van die respondente beklee h hoofpos en 42,1% beklee h departementshoofpos. Aangesien die hoof buitendien die vraelys moes beantwoord het, kan die afleiding gemaak word dat die voogonderwyser hoofsaaklik h departementshoofpos beklee en as sodanig deel is van die bestuursplan van die skool.

Tabel 3.5 Persentasie leerlingleiers, standerdverband en kultuurleiers

Leerlingleiers									
0-20%		21-30%		31-40%		41-50%		50% +	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
55	72,4	16	21,1	5	6,6				
Standerdverband									
Slegs standerd 10		Standerd 9-10		Standerd 8-10		Standerd 7-10		Standerd 6-10	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
26	34,2	16	21,1	1	1,3	2	2,6	31	40,8
Kultuurleiers									
0-10%		11-20%		21-30%		31-40%		50% +	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
69	90,8	7	9,2						

Analise en interpretasie

- * Uit die ondersoek blyk dit dat daar 'n groot aantal leerlingleiers (100% van die respondente) in die skole aanwesig is.
- * 55,3% van die skole vertrou leierskap slegs aan die senior leerlinge (standerds 9 en 10-leerlinge) toe, teenoor 40,8% van die skole wat leierskap na alle standerds uitgebrei het.
- * Verder blyk dit uit die ondersoek dat daar 'n groot aantal kultuurleiers (100% van die respondente) in skole teenwoordig is.

Tabel 3.6 Verwisseling van die rol van die voogonderwyser

Jaarliks		2-jaarliks		3-jaarliks		4-jaarliks		5-jaarliks		Nooit	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
10	13,2	12	15,8	11	14,5	5	6,6	6	7,9	32	42,1

Analise en interpretasie

- * By 42,1% van die skole verwissel die rol van die voog-
onderwyser nooit nie, teenoor 43,5% van die skole waar
die pos van die voogonderwyser minstens jaarliks, twee-
jaarliks of hoogstens elke derde jaar verwissel.
- * Hieruit kan afgelei word dat baie skole tevrede is met
die leiding van die voogonderwyser, terwyl ander skole
aan meer onderwysers die geleentheid wil bied om met
die leerlingeiers te werk en sodoende nuwe idees te
implementeer.

Tabel 3.7 Leieridentifisering en verkiesingsprosedure

Hantering van leieridentifisering					
Bevredigend		Onbevredigend		Geen identi- fisering nie	
f	%	f	%	f	%
60	78,9	15	19,7	1	1,3
Wyse van leieridentifisering					
Praktiese situasies		Konsensus deur onderwyser		Wetenskap- like meting	
f	%	f	%	f	%
25	33,8	38	51,4	11	14,9
Verkiesingsprosedure					
Baie bevredigend		Bevredigend		Onbevredigend	
f	%	f	%	f	%
38	50	38	50		

Analise en interpretasie

- * 78,9% van die respondente is tevrede met die wyse waar-
op leieridentifisering hanteer word. Uit 'n opleidings-
oogpunt beskou, is hierdie statistiek verblydend, aan-
gesien slegs geïdentifiseerde leiers suksesvol opgelei
kan word.

- * 33,8% van die respondente rapporteer dat leieridentifisering deur middel van praktiese situasies en 51,4% deur middel van konsensus geskied.
- * Hieruit kan afgelei word dat alhoewel leieridentifisering in praktiese situasies sowel as deur wetenskaplike meting bepaal kan word, blyk dit dat identifisering deur konsensus voorrang geniet en dat hierdie wyse ook sterk steun op identifisering deur wetenskaplike meting en praktiese situasies.
- * 100% van die respondente rapporteer dat die verkiesingsprosedure bevredigend tot baie bevredigend gehanteer word.

Tabel 3.8 Wyse van en soort opleiding van die leerlingleier

Wyse van opleiding							
Baie bevredigend		Bevredigend		Onbevredigend		Geen opleiding nie	
f	%	f	%	f	%	f	%
15	19,7	56	73,7	5	6,6		

Soort opleiding									
Indiensopleiding		Formele op-leidingskursus		Vergaderings Simposia		Informele gesprekke		Geen opleiding nie	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
25	33,8	24	32,4	22	29,7	3	4,1		

Analise en interpretasie

- * 93,4% van die respondente stem saam dat die wyse van opleiding bevredigend tot baie bevredigend is.
- * 62,1% van die respondente rapporteer dat daar van formele op-leidingskursusse, vergaderings en simposia gebruik gemaak word as soort opleiding, teenoor 33,8% wat n indiensopleiding aanbied.

Tabel 3.9 Opleidingsinstansies en opleidingsgeleenthede

Opleidingsinstansies							
Onderwysers		Streeks-assistent		Departement Nasionale Opvoeding		Ouers	
f	%	f	%	f	%	f	%
61	80,3	6	7,9	9	11,8		
Opleidingsgeleenthede							
Voldoende geleenthede		Behoeft vir meer geleenthede		Weinig geleenthede			
f	%	f	%	f	%		
31	40,8	44	57,9	1	1,3		

Analise en interpretasie

- 80,3% van die respondente rapporteer dat die onderwysers die opleiding van leerlingleiers verrig, teenoor 19,7% wat van opleidingsinstansies en persone van buite die skool gebruik maak.
- Hieruit kan afgelei word dat 'n opleidingsmetode spesifiek vir sekondêre skole 'n belangrike hulpmiddel kan wees vir die onderwysers tydens opleiding van leerlingleiers.
- Die feit dat 'n behoefte vir meer opleidingsgeleenthede by 57,9% van die respondente bestaan, teenoor 40,8% wat die mening toegedaan is dat voldoende geleenthede bestaan, dui daarop dat die opleidingsmodel vir meer opleidingsgeleenthede voorsiening moet maak, byvoorbeeld vir prefekte, klaskapteins, kultuurleiers en so meer.

Tabel 3.10 Pligte en werksterrein, beplanning, grondwet en akkommodasieriewe van die leerlingraad

Pligte en werksterrein						Beplanning			
Deeglik		Vaag		Nie omskrywe nie		Beskik oor jaarprogram		Geen jaarprogram	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
60	78,9	16	21,1			50	67,6	24	32,4
Grondwet						Akkommodasie			
Beskik oor geskrewe grondwet		Geen geskrewe grondwet		Beskik oor h lokaal		Geen lokaal			
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
43	57,3	32	42,7	53	69,7	23	30,3		

Analise en interpretasie

- * 78,9% van die respondente rapporteer dat hulle pligte en werksterrein deeglik omskrywe is.
- * 32,4% van die respondente rapporteer dat hulle nie oor h jaarbeplanning beskik nie.
- * Dit blyk verder dat h nog groter persentasie naamlik 42,7% van die respondente nie oor h grondwet beskik nie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die leerlingleiers op h lukraakwyse funksioneer.
- * 30,3% van die respondente beskik nie oor akkommodasieriewe vir hulle leerlingleiers nie, en dit kan die leerlingleiers strem in hulle werksaamhede aangesien hulle nie oor die nodige fasiliteite beskik nie.

Tabel 3.11 Die leerlingraad en funksionering, vergadertye, nominasieprosedure en taak van die voogonderwyser

Funksionering					
Verdeel in departemente			Verdeel nie in departemente nie		
f	%		f	%	
69	90,8		7	9,2	

Vergadertye									
Weekliks		2-weekliks		Maandliks		Termynliks		Ongereeld	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
26	34,2	8	10,5	32	42,1	8	10,5	2	2,6

Nominasieprosedure					
Baie bevredigend		Bevredigend		Onbevredigend	
f	%	f	%	f	%
47	61,8	29	38,2		

Voogonderwyser					
Verrig taak goed a.g.v. opleiding		Verrig taak goed maar geen opleiding nie		Verrig taak onvoldoende a.g.v. geen opleiding nie	
f	%	f	%	f	%
29	38,2	42	55,3	5	6,6

Analise en interpretasie

- * 90,8% van die leerlingrade is in departemente en subkomitees verdeel. Hieruit kan afgelei word dat werkterreine geïdentifiseer is, waar die leerlingleiers volgens aanleg maksimale werk kan verrig.
- * Die oorgrote meerderheid van die leerlingrade, naamlik 86,8% vergader van weekliks tot maandeliks wat daarop

dui dat die geleenthede bestaan om te kommunikeer ten opsigte van hulle taak en die uitvoering daarvan.

- * 100% van die respondente rapporteer dat die nominasie-prosedure oor die algemeen bevredigend is.
- * 38,2% van die respondente rapporteer dat die voogonderwyser die leerlingleiers met gemak bystaan op grond van hulle opleiding, teenoor 55,3% wat die taak met gemak verrig ten spyte van geen opleiding nie en 6,6% wat die taak swak verrig as gevolg van geen opleiding nie. Indien daar in die opleiding van onderwysers voorsiening gemaak word vir kennis oor leerlingleierskap, sal dit die voogonderwyser se taak vergemaklik.

Afdeling B: Beginsels van leerlingleierskap

Die doel met die vrae in hierdie afdeling is om vas te stel in hoe mate hierdie eienskappe belangrik vir die leerlingleier is, watter eienskappe primêr en watter sekondêr van aard is.

In hierdie afdeling moes die stellings soos volg deur respondente geëvalueer word:

- 0 - stem glad nie saam nie
- 1 - stem in 'n geringe mate saam
- 2 - stem gedeeltelik saam
- 3 - stem heelhartig saam

Tabel 3.12 Karaktervastheid, integriteit, intellek, oordeelsvermoë, entoesiasme en ondernemingsgees as eienskappe van leerlingleiers

Karaktervastheid en integriteit							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
						75	100
Intellek en oordeelsvermoë							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
		1	1,3	32	42,1	43	55,6
Entoesiasme en ondernemingsgees							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
		1	1,3	4	5,3	71	93,4

Analise en interpretasie

- * Al die respondente is dit met mekaar eens dat karaktervastheid en goeie integriteit onontbeerlik vir die leerlingleier is.
- * 97,7% van die respondente stem saam dat goeie intellek en oordeelsvermoë n besliste bate vir die leerlingleier is.
- * Die meerderheid van die respondente (98,7%) stem heelhartig saam dat die leerlingleier oor entoesiasme en ondernemingsgees moet beskik.

Tabel 3.13 Selfvertroue en die vermoë om samewerking te verkry

Selfvertroue							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
		1	1,3	14	18,4	61	80,3
Samewerking							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
1	1,3	1	1,3	10	13,2	64	84,2

Analise en interpretasie

- * Uit hierdie tabel word die afleiding gemaak dat die leerlingleier oor selfvertroue (98,7% van die respondente) en die vermoë om samewerking te verkry (97,4% van die respondente) moet beskik.
- * Om goeie samewerking te verkry, sal die opleidingsmodel voorsiening moet maak vir die inskerping van goeie menseverhoudinge as basis om samewerking te verkry en om aan te pas by die groep leerlingleiers asook leerlinge.

Tabel 3.14 Organisasie-, redenasie-, en delegeringsvermoë asook kennis van sy eie beperkinge

Organisasievermoë								Redenasievermoë							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				24	31,6	52	68,4	1	1,3	2	2,6	35	46,1	38	50,0
Delegeringsvermoë								Beperkinge							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		2	2,6	27	35,5	47	61,8			4	5,3	14	18,4	58	76,3

Analise en interpretasie

- * Organisasievermoë word deur 68,4% van die respondente sterk onderskryf as 'n basiese vereiste vir die leerlingleier.
- * Slegs 50% van die respondente sê dat dit vir die leerlingleier baie belangrik is om te kan rede-neer. Dit is egter vir die leerlingleier belangrik om sy medeleerlinge te kan oortuig en daarom behoort dit in die opleidingsmodel opgeneem te word.
- * 61,8% van die respondente stem saam dat die leerlingleier moet kan deleger. Delegering vereis egter 'n besondere aanvoeling ten opsigte van die vereistes wat 'n taak stel en die aanleg van 'n persoon en daarom sal dit met groot sorg en versigtigheid in die opleidingsmodel ingebou moet word.
- * 76,3% van die respondente stem saam dat dit belangrik vir die leerlingleier is om van sy beperkinge bewus te wees.

Tabel 3.15 Liggaamlike fiksheid, toewyding aan sy geloofs-oortuiginge en leierskap

Fiksheid								
0		1		2		3		
f	%	f	%	f	%	f	%	
10	13,2	19	25,0	39	51,3	8	10,5	
Geloofsoortuiginge								
0		1		2		3		
f	%	f	%	f	%	f	%	
2	2,6	2	2,6	15	19,7	57	75,0	
Leierskap								
0		1		2		3		
f	%	f	%	f	%	f	%	
3	3,9	2	2,6	32	42,1	39	51,3	

Analise en interpretasie

- * Uit hierdie tabel spreek dit duidelik dat liggaamlike fiksheid en gesondheid nie as 'n absolute voorvereiste vir leerlingleierskap gestel word nie aangesien slegs 10,5% van die respondente hiermee saamstem.
- * 94,7% van die respondente stem saam dat leerlingleierskap toewyding aan sy geloofsoortuiginge vereis. Die leerlingleier sal dus op sy geloofsoortuiginge moet steun om aan sy leierskap 'n besondere karakter te gee.
- * Slegs 51,3% van die respondente stem daarmee saam dat leerlingleierskap nie noodwendig 'n aangebore eienskap is nie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat potensieële leerlingleiers deur middel van 'n opleidingsprogram opgelei kan word om hul leierskap effektief te kan toepas.

Afdeling C: Die leerlingleier en menseverhoudinge

Die doel met die vrae in hierdie afdeling is om vas te stel in watter mate hierdie eienskappe bepalend vir die leerlingleier se menseverhoudinge is.

Die stellings is op dieselfde wyse geëvalueer as die van die vorige afdeling.

Tabel 3.16 Konflikthantering, belangstelling in medeleerlinge, hantering van kritiek en persoonlike behoeftes asook die toepassing van selfkennis en selfinsig.

Konflikthantering								Belangstelling							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		2	2,6	11	14,5	62	82,9					11	14,5	65	85,5
Hantering en kritiek								Persoonlike behoeftes							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				10	13,2	66	86,8	2	2,6	8	10,5	22	28,9	44	57,9
Selfkennis en selfinsig															
0		1		2		3									
f	%	f	%	f	%	f	%								
				9	12,0	66	88,0								

Analise en interpretasie

- * 82,9% van die respondente stem heelhartig saam dat die leerlingleier opgelei moet word in die hantering van konflik.

- * 85,5% van die respondente stem oorwegend daarmee saam dat die leerlingleiers belangstelling in sy medeleerlinge moet hê. Dit dui weer eens daarop dat die leerlingleier oor goeie menseverhoudinge moet beskik.
- * Die hantering van kritiek word ook deur 86,8% van die respondente as belangrik vir die leerlingleier beskou.
- * Slegs 57,9% van die respondente stem daarmee saam dat dit vir die leerlingleier belangrik is om belangstelling in die persoonlike behoeftes van elke groeps-lid te toon, teenoor 28,9% wat gedeeltelik hiermee saamstem. Hieruit kan afgelei word dat die leerlingleier hom nie met die persoonlike behoeftes van elke groeps-lid moet bemoei nie.
- * 88% van die respondente stem heelhartig saam dat die leerlingleier eerlike selfkennis en selfinsig moet toepas wanneer hy teenstand van sy medeleerlinge ervaar.

Afdeling D: Die voogonderwyser en die leerlingleiers

Die doel met die vrae in hierdie afdeling is om vas te stel watter rol die voogonderwyser van die leerlingleiers te vervul het ten opsigte van steungewing aan die leerlingleier.

Die stellings is op dieselfde wyse geëvalueer as die van die vorige afdeling.

Tabel 3.17 Die voorgonderwyser en sy geloofsoortuiginge, funksies van ondersteuning, skakelwerk en voorkoming van oormatige werkbelading

Geloofsoortuiginge								Ondersteuning							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
3	3,9	3	3,9	13	17,1	57	75,0					9	11,8	67	88,2
Skakelwerk								Werkbelading							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				5	6,6	71	93,4			2	2,6	8	10,5	66	86,8
Beoordeling en evaluering															
0		1		2		3									
f	%	f	%	f	%	f	%								
		4	5,3	19	25,0	53	69,7								

Analise en interpretasie

- * 75% van die respondente stem saam dat die voorgonderwyser sy geloofsoortuiginge moet uitleef. Die voorgonderwyser moet dus 'n gelowige in woord en daad wees.
- * 88,2% van die respondente beskou dit as belangrik dat die voorgonderwyser die leerlingleier moet ondersteun om sy taak effektief te verrig.
- * 93,4% van die respondente stem daarmee saam dat die voorgonderwyser belangrike skakelwerk tussen die personeel en die leerlingleiers te verrig het. Dit is dus vir die voorgonderwyser belangrik om die samewerking van die onderwysers te verkry sodat leerlingleierskap tot sy volle potensiaal kan gedy.

- * 86,8% van die respondente stem saam dat die voorgonderwyser die leerlingleier teen 'n oormatige werkbelading moet beskerm, aangesien dit sy leierstaak veeleisend sal maak, en dit nie tot sy reg sal kom nie.
- * 69,7% van die respondente is die mening toegedaan dat die voorgonderwyser die leerlingleier deurgaans moet evalueer en beoordeel om sodoende die nodige regstellings te doen wanneer 'n leerlingleier sy taak en pligte nie na wense verrig nie.

Afdeling E: Die leerlingleier en bestuur.

Die doel met die vrae in hierdie afdeling is om die belangrikheid van 'n aantal bestuurskundige funksies ten opsigte van leerlingleierskap te evalueer.

Die stellings is op dieselfde wyse geëvalueer as die van die vorige afdeling.

Tabel 3.18 **Dissipline, vergaderingsprosedure, organisasie, kontrole en kommunikasie as bestuursfunksies van die leerlingleier**

Dissipline								Vergaderingsprosedure							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
5	6,7	15	20,0	43	57,3	12	16,0	2	2,6	10	13,2	36	47,4	28	36,8
Organisasie								Kontrole							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				17	22,4	59	77,6			1	1,3	11	14,5	64	84,2
Kommunikasie															
0		1		2		3									
f	%	f	%	f	%	f	%								
1	1,3			9	11,3	66	86,8								

Analise en interpretasie

- * Aangesien slegs 16% van die respondente daarmee saamstem kan afgelei word dat die toepassing van dissipline nie as die belangrikste taak van die leerlingleier beskou word nie.
- * Slegs 36,8% van die respondente stem daarmee saam dat dit vir die leerlingleier baie belangrik is om 'n vergadering korrek te lei. Om die gestelde doelwitte te bereik, kan die korrekte hantering van vergaderingsprosedure nie gering geag word nie en sal daar in die opleiding van leerlingleiers beslis hiervoor voorsiening gemaak moet word.
- * 77,6% van die respondente stem daarmee saam dat die leerlingleier moet kan organiseer.
- * Dit is vir die leerlingleier ook baie belangrik om oor die nodige kennis te beskik oor hoe om kontrole toe te pas (84,2% van die respondente) ten einde te verseker dat die gestelde doelstellings bereik sal word.
- * 86,8% van die respondente stem daarmee saam dat dit vir die leerlingleier belangrik is om alle kommunikasiekanaale effektief te gebruik.

Tabel 3.19 Probleemoplossing, groepdinamika, beplanning en openbare optrede as bevoegdhede van die leerlingleier

Probleemoplossing								Groepsdinamika							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		3	3,9	11	14,5	62	81,6			1	1,3	28	36,8	47	61,8
Beplanning								Openbare optrede							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				9	11,8	67	88,2			2	2,6	28	36,8	46	60,5

Analise en interpretasie

- * 81,6% van die respondente stem daarmee saam dat die leerlingleier opgelei moet word in die oplossing van probleme.
- * 61,8% van die respondente is die mening toegedaan dat dit vir die leerlingleier belangrik is om kennis te dra van die funksionering van groepe.
- * 88,7% van die respondente stem daarmee saam dat die leerlingleier opgelei behoort te word om doeltreffend te kan beplan.
- * 60,5% van die respondente stem daarmee saam dat die leerlingleier opgelei sal moet word in verband met die wyse waarop in die openbaar opgetree word aangesien hy dikwels voor 'n groep leerlinge moet optree en toesprake moet hou.

Afdeling F: Inhoude wat in 'n opleidingsprogram ingesluit kan word

Die doel met hierdie afdeling is om die belangrikheid van 'n aantal leierinhoude wat in 'n opleidingsprogram ingesluit behoort te word, volgens rangorde vas te stel.

In hierdie afdeling het die respondente die inhoude wat in 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers ingesluit kan word, geëvalueer en in volgorde van belangrikheid geklassifiseer. Die frekwensies is soos volg bepaal: 28 uit die 76 respondente het die teorie en praktyk van leierskap as die belangrikste beskou en in persentasie uitgedruk, is dit 36,8%. Daarna is hierdie persentasies in hiërargiese volgorde geplaas om die ideale ordening te verkry.

Tabel 3.20 Voorkeurorde vir 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers

		f	%	Rang- orde
1	Handhawing van goeie menseverhoudinge	$\frac{26}{76}$	34,2	2
2	Handhawing van skoordisipline	$\frac{15}{76}$	20,2	7
3	Vermoë om vergaderings te lei	$\frac{21}{76}$	27,6	4
4	Optredes tydens skoolfunksies	$\frac{24}{76}$	31,6	3
5	Organisering van skoolfunksies	$\frac{14}{76}$	18,4	8
6	Skakelwerk tussen personeel en leerlinge	$\frac{13}{76}$	17,1	9
7	Optrede teenoor leerlinge wat hulle wan- gedra	$\frac{16}{76}$	21,1	6
8	Groepdinamiese tegnieke	$\frac{11}{76}$	14,5	10
9	Kommunikatiewe en bestuursvaardighede	$\frac{19}{76}$	25,0	5
10	Teorie en praktyk van leierskap	$\frac{28}{76}$	36,8	1

Analise en interpretasie

Uit hierdie data kon die volgende ideale hiërargiese ordening daargestel word.

Tabel 3.21 Ideale hiërargiese ordening van leerinhoude in 'n opleidingsprogram

1	Teorie en praktyk van leierskap
2	Handhawing van goeie menseverhoudinge
3	Optredes tydens skoolfunksies
4	Vermoë om vergaderings te lei
5	Kommunikatiewe en bestuursvaardighede
6	Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra
7	Handhawing van skoordisipliene
8	Organisering van skoolfunksies
9	Skakelwerk tussen personeel en leerlinge
10	Groepdinamiese tegnieke

Analise en interpretasie

Ten aanvang moet vermeld word dat al hierdie komponente 'n belangrike funksie in die opleidingsprogram te vervul het.

- * Die feit dat die komponent, teorie en praktyk van leierskap eerste geplaas is, dui op die noodsaaklikheid van 'n grondige kennis in leierskap vir die leerlingleier.
- * Die feit dat die komponent menseverhoudinge tweede geplaas is, dui daarop dat menseverhoudinge en leerlingleierskap sinoniem met mekaar is.

- * Die komponent optredes tydens skoolfunksies beklee die derde plek en plaas leerlingleierskap dadelik binne die skoolpraktyk. Die optrede van die leerlingleier waar hy deur andere gesien word, word deur die respondente as baie belangrik beskou.
- * Die vermoë om vergaderings te lei, verwys na daardie handeling waar projekte geloods en besluite geneem word en is deur die respondente besonder hoog geplaas naamlik vierde.
- * Kommunikatiewe en bestuursvaardighede verwys na daardie tegnieke om effektief te kan bestuur en te kommunikeer en deur dit vyfde te plaas het die respondente dit as besonder belangrik vir die leerlingleier geag.

Wanneer daar na die volgorde van die laaste vyf komponente gekyk word, val dit op dat dit meer op die leerling gemik is.

- * Optrede teenoor die leerlinge wat hulle wangedra word sesde geplaas. Sodanige leerlinge kan baie keer makliker deur mede-leerlinge tereggewys word en leerlingleiers behoort daarin onderrig te word.
- * In teenstelling met die populêre opvatting dat die leerlingleier se belangrikste taak is om dissipline toe te pas, plaas die respondente dit in die sewende plek.
- * Die organisering van skoolfunksies behoort een van die belangrikste projekte te wees wat leerlingleiers behoort aan te pak om te bewys dat hulle leierskap in die praktyk kan deurvoer. Tog word dit deur die respondente agste geplaas. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat geglo word dat sulke projekte te omvattend en veeleisend vir leerlingleiers is.

- * Skakelwerk tussen personeel en leerlinge is tweede laaste geplaas omdat dit blykbaar n te ambisieuse projek is.
- * Groepsdinamiese tegnieke word laaste geplaas, blykbaar omdat geglo word dat leerlingleierskap nie by hierdie tegnieke sal baat nie.

3.7.2 Inligting van die leerlingleiers

Die doel met die vrae in afdeling A tot F is dieselfde as met die inligting van die onderwysers.

Afdeling A: Demografiese inligting van die leerlingleiers

Tabel 3.22 Geslag en ouderdom van die leerlingleiers

Geslag				Ouderdom									
Manlik		Vroulik		15 jaar		16 jaar		17 jaar		18 jaar		18 jaar +	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
41	53,9	35	46,1			1	1,3	64	84,2	10	13,2	1	1,3

Analise en interpretasie

- * Uit hierdie tabel kan afgelei word dat meer manlike (53,9%) as vroulike (46,1%) respondente by die ondersoek betrek is.
- * 84,2% van die respondente kom uit die ouderdomsgroep 17 jaar. Dit verteenwoordig die senior groep leerlinge van n skool.

Tabel 3.23 Ligging, leerlingtal en taalmedium

Ligging									
Stedelik		Semi-stedelik		Platteland					
f	%	f	%	f	%				
33	43,4	31	40,8	12	15,7				
Leerlingtal				Taalmedium					
S1(600+)		S2-(600)		Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels	
f	%	f	%	f	%	f		f	
60	78,9	16	21,1	57	75,0	14	18,4	5	6,6

Analise en interpretasie

- Skole met 'n stedelike (43,4%), semi-stedelike (40,8%) en 'n plattelandse agtergrond (15,7%), is met die ondersoek betrek.
- Groter (78,9%) sowel as kleiner (21,1%) hoërskole is betrek, asook Afrikaans- (75%), Engels- (18,4%) en Afrikaanse-Engelsprekende (6,6%) skole. Skole uit verskillende milieus en taalgroepe het dus inspraak in die ondersoek gehad.
- Die feit dat die data in hierdie tabel nie ooreenstem met die data in tabel 3.3 (p68) nie kan daaraan toegeskryf word dat die leerlingleiers nie duidelikheid het oor die begrippe stedelik, semi-stedelik en platteland nie.

Tabel 3.24 Leiersposisie, wyse en soort opleiding

Leiersposisie									
Hoofseun Hoofdogter		Prefek		Klaskaptein		Sportkaptein		Kultuurleier	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
70	95,9	3	4,1						
Opleiding									
Baie Doeltreffend		Doeltreffend		On- doeltreffend		Geen opleiding			
f	%	f	%	f	%	f	%		
30	39,5	45	59,2			1	1,3		
Soort opleiding									
Indiens- opleiding		Formele Opleiding		Vergaderings Simposia		Geen Opleiding			
f	%	f	%	f	%	f	%		
2	2,8	22	30,6	45	62,5	3	4,2		

Analise en interpretasie

- * Hoofsaaklik hoofseuns en hoofdogters (95,9%), dit wil sê die hoëprofielleiers van die sekondêre skool is in die ondersoek betref.
- * Die feit dat 59,2% van die respondente hulle opleiding eerder doeltreffend as baie doeltreffend beskou, dui daarop dat die opleiding van die leerling-leier nog verbeter kan word.
- * 93,1% van die respondente rapporteer dat hulle opleiding van formele aard is. Die afleiding word hieruit gemaak dat die leerlingleiers voorkeur aan 'n formele opleidingsprogram bo 'n indiensopleidingsprogram gee.

Tabel 3.25 Opleidingsinstansies en opleidingsgeleenthede

Opleidingsinstansies							
Onderwysers		Streekas- sistent		Departement Nasionale Opvoeding		Ouers	
f	%	f	%	f	%	f	%
35	47,3	23	31,1	10	13,5	6	8,1
Opleidingsgeleenthede							
Voldoende geleenthede		Behoeft vir meer geleenthede		Weinig geleenthede			
f	%	f	%	f	%		
33	43,4	35	46,1	8	10,5		

Analise en interpretasie

- * Die meeste respondente (47,3%) gee voorkeur aan die onderwysers as die geskikste persone om die opleiding te verrig. Die feit dat die Streeksassistent Jeugaangeleenthede van die Transvaalse Onderwysdepartement ook groot steun geniet (31,1%), dui daarop dat daar van die hulp van 'n kundige persoon gebruik gemaak kan word.
- * Die meerderheid van die respondente (46,1%) is die mening toegedaan dat daar meer geleenthede geskep kan word om die leerlinge lei.

Tabel 3.26 Pligte en werksterrein, beplanning, grondwet en akkommodasiegeriewe

Pligte en werksterrein						Beplanning			
Deeglik		Vaag		Nie om-skrywe nie		Beskik oor jaarprogram		Geen jaar-program	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
53	69,7	22	28,9	1	1,3	45	59,2	31	40,8
Grondwet						Akkommodasie			
Beskik oor geskrewe grondwet		Geen geskrewe grondwet		Beskik oor lokaal		Geen lokaal			
f	%	f	%	f	%	f	%		
47	63,5	27	36,5	45	63,2	26	36,8		

Analise en interpretasie

- * Die pligte en werksterrein van die leerlingleiers is vir die meerderheid van die respondente (69,7%) deeglik omskrywe. Vir (30,3%) van die respondente is dit vaag of glad nie omskrywe nie.
- * Die feit dat 40,8% van die respondente rapporteer dat hulle nie oor 'n jaarprogram beskik nie, dui daarop dat 'n aantal leerlingleiers nie geskrewe doelwitte vir hulle dsargestel het nie.
- * Ook wat die grondwet betref waar 36,5% van die respondente nie oor een beskik nie, kan die afleiding gemaak word dat 'n aantal leerlingleiers op 'n lukrake wyse werk.
- * 63,2% van die respondente bevind hulle in die bevoorregte posisie om oor 'n lokaal vir hulle werksaamhede te beskik.

Tabel 3.27 Die leerlingraad en funksionering, vergadertye, nominasieprosedure en taak van die voogonderwyser

Funksionering				Vergaderings									
Verdeel in departemente		Geen departemente		Weekliks		2-Weekliks		Maandeliks		Termynliks		On-gereed	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
61	80,3	15	19,7	27	36,0	8	10,7	30	40,0	4	5,3	6	8,0
Nominasieprosedure						Voogonderwyser							
Baie bevredigend		Be-vredigend		Onbe-vredigend		Baie bevredigend		Be-vredigend		Onbe-vredigend			
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%		
45	59,2	26	34,2	5	6,6	49	65,3	25	33,3	1	1,3		

Analise en interpretasie

- * Alhoewel 80,3% van die respondente rapporteer dat hulle werksaamhede in subkomitees verdeel is, is daar 19,7% van die respondente wat nie op die wyse funksioneer nie.
- * 86,7% van die respondente rapporteer dat hulle baie gereeld vergader, dit wil sê dit wissel tussen weeklikse tot maandelikse vergaderings.
- * 93,4% van die respondente is tevrede met die nominasieprosedure wat aan hulle betrokke skole gevolg word. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die regte leiers aangewys word en wat baat sal vind by 'n opleidingsprogram.
- * Die meerderheid van die respondente (98,6%) is tevrede met die skakeling met die voogonderwyser.

Afdeling B Beginsels van leerlingleierskap

In hierdie afdeling is die stellings soos volg geëvalueer:

- 0 - stem glad nie saam nie
- 1 - stem in 'n geringe mate saam
- 2 - stem gedeeltelik saam
- 3 - stem heelhartig saam

Tabel 3.28 Karaktervastheid, integriteit, intellek, oordeelsvermoë, entoesiasme en ondernemingsgees as eienskappe van leerlingleiers

Karaktervastheid en integriteit							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
				4	5,3	72	94,7
Intellek en oordeelsvermoë							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
				14	18,4	62	81,6
Entoesiasme en ondernemingsgees							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
				2	2,6	74	97,4

Analise en interpretasie

- * Uit hierdie tabel spreek dit duidelik dat die respondente saamstem dat bogenoemde eienskappe, naamlik karaktervastheid en integriteit (94,7%); goeie intellek en goeie oordeelsvermoë (81,6%) asook entoesiasme en ondernemingsgees (97,4%), 'n besliste vereiste vir leerlingleierskap is.

Tabel 3.29 Selfvertroue en die vermoë om samewerking te verkry

Selfvertroue							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
				5	6,6	71	93,4
Samewerking							
0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%
				3	3,9	73	96,1

Analise en interpretasie

- * 93,4% van die respondente stem saam dat die leerling-leier oor selfvertroue moet beskik en 96,1% is die mening toegedaan dat hy oor die vermoë moet beskik om samewerking te verkry.

Tabel 3.30 Organisasie-, redenasie- en delegeringsvermoë asook bewus wees van sy eie beperkinge

Organisasievermoë								Redenasievermoë							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				18	23,7	58	76,3			2	2,6	16	21,1	58	76,3
Delegeringsvermoë								Beperkinge							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				17	23,0	57	77,0			1	1,3	5	6,6	70	92,1

Analise en interpretasie

- * Die respondente stem saam dat hierdie eienskappe naamlik organisasievermoë (76,3%), redenasievermoë (76,3%), delegeringsvermoë (77,0%) en om bewus te wees van sy eie beperkinge (92,1%), belangrik vir die leerlingleier is om sy taak suksesvol uit te voer. Die respondente stem veral saam dat die leerlingleier bewus moet wees van sy eie beperkinge.
- * Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat sodanige beperkinge 'n hindernis vir hom kan wees om sy taak effektief te verrig.

Tabel 3.31 Liggaamlike fiksheid en toewyding aan sy geloofsoortuiginge en leierskap

Fiksheid								Geloofsoortuiginge							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		24	32,4	32	43,2	18	24,3	4	5,3	6	8,0	14	18,7	51	68,0
Leierskap															
0		1		2		4									
f	%	f	%	f	%	f	%								
		2	2,7	30	40,0	43	57,3								

Analise en interpretasie

- * Die respondente stem oorwegend saam dat liggaamlike fiksheid en gesondheid (24,3%) nie 'n besliste vereiste vir leierskap is nie.
- * Hulle is ook die mening toegedaan dat dit vir die leerlingleier (68,% van die respondente) belangrik is om op sy geloofsoortuiginge te steun.

- * Slegs 57,3% van die respondente beskou leierskap nie as 'n noodwendige aangebore eienskap nie. Potensiële leerlingleiers se leierseienskappe kan dus met behulp van 'n opleidingsprogram verder ontwikkel word.

Afdeling C: Die leerlingleier en menseverhoudinge

Die stellings is op dieselfde wyse geëvalueer as die van die vorige afdeling.

Tabel 3.32 Konflikthantering, belangstelling in medeleerlinge, hantering van kritiek en persoonlike behoeftes

Konflikthantering								Belangstelling							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
				10	13,2	66	86,6			1	1,3	12	15,8	63	82,9
Hantering van kritiek								Persoonlike behoeftes							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		1	1,3	10	13,2	65	85,5	1	1,3	4	5,3	29	38,2	42	55,3
Selfkennis en selfinsig															
0		1		2		3									
f	%	f	%	f	%	f	%								
		1	1,3	5	6,6	70	92,1								

Analise en interpretasie

- * 86,8% van die respondente stem daarmee saam dat die leerlingleier oor die kennis moet beskik om konflik te hanteer.
- * 82,9% is die mening toegedaan dat leerlingleierskap verbeter kan word deur 'n egte belangstelling in medeleerlinge te hê.

Analise en interpretasie

- * Die meerderheid van die respondente (87,9%) is die mening toegedaan dat die voogonderwyser sy geloofs-oortuiginge teenoor die leerlingleier moet uitlewe.
- * Die meerderheid van die respondente (92,1%) stem ook saam dat die voogonderwyser die leerlingleier moet ondersteun in die uitvoering van sy taak. Die voogonderwyser sal sy ondersteuningsrol dus met groot omsigtigheid moet verrig, dat dit nie sal voorkom asof hy die taak van die leerlingleier wil oorneem nie.
- * Alhoewel die leerlingleier nie deur die voogonderwyser oorheers wil word nie, het hulle ook 'n sterk behoefte (81,6% van die respondente) dat hy 'n effektiewe skakel tussen hulle en die onderwysera sal wees.
- * Hieruit kan afgelei word dat die leerlingleier beseef dat hy die samewerking van die onderwysers nodig het om sy taak suksesvol te kan verrig.
- * Die meerderheid van die respondente (93,5%) stem daarmee saam dat die voogonderwyser die leerlingleier teen 'n oormatige werkbelading moet beskerm. Sy leierskapspligte mag nie veroorsaak dat sy skoolwerk agteruitgaan nie, of dat dit hom weerhou om aan die buitemuurse program van die skool deel te neem nie.
- * 86,7% van die respondente ondersteun die siening dat die leerlingleier deurentyd beoordeel en geëvalueer moet word, wat daarop dui dat die leerlingleier graag wil weet hoe suksesvol hy as leier is.

Afdeling E: Die leerlingleier en bestuur

Die stellings is op dieselfde wyse geëvalueer as dié van die vorige afdeling.

Tabel 3.34 Dissipline, vergaderingsprosedure, organisasie, kontrole en kommunikasie as bestuursfunksies

Dissipline								Vergaderingsprosedure							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		6	8,1	40	54,1	28	37,8			9	12,2	29	39,2	36	48,6
Organisasie								Kontrole							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		3	3,9	27	35,5	46	60,5			1	1,3	17	22,4	58	76,3
Kommunikasie															
0		1		2		3									
f	%	f	%	f	%	f	%								
		1	1,3	17	22,4	58	76,3								

Analise en interpretasie

- * Slegs 37,8% van die respondente onderskryf die toepassing van dissipline as bestuursfunksie. Dit dui daarop dat die leerlingleier dit nie as die belangrikste faset van bestuur beskou nie.
- * Die feit dat slegs 48,6% van die respondente vergaderingsprosedure as 'n belangrike bestuursfunksie beskou, wys daarop dat die leerlingleiers nie die waarde en betekenis van die korrekte vergaderingsprosedure ten volle begryp nie. Daarom sal die komponente beslis in die opleidingsmodel ingebou moet word.
- * Die feit dat slegs 60,5% van die respondente organisasie as 'n belangrike bestuursfunksie beskou, kan daarop dui dat die organisasie gewoonlik deur die

onderwysers verrig word en die leerlingleiers dit dan net moet uitvoer.

- * Die feit dat 76,3% van die respondente die toepassing van kontrole as 'n belangrike bestuursfunksie beskou, dui daarop dat die leerlingleier graag sy gestelde doelstellings wil verwesenlik.
- * 76,3% van die respondente onderskryf die effektiewe aanwending van alle kommunikasiekanale as 'n belangrike bestuursfunksie. Die leerlingleier wil dus graag deur middel van die regte kommunikasiekanale in verbinding bly met sy volgelinge en hulle sodoende nader aan hom trek.

Tabel 3.35 Probleemoplossing, groepsdinamika, beplanning en openbare optrede as bevoegdheid van die leerlingleier

Probleemoplossing								Beplanning							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		5	6,6	21	27,6	50	65,8			2	2,7	11	14,7	62	82,7
Openbare optrede								Groepsdinamika							
0		1		2		3		0		1		2		3	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
		10	13,3	24	32,0	41	54,7			3	4,0	20	26,7	52	69,3

Analise en interpretasie

- * 65,8% van die respondente stem saam dat die leerlingleier opleiding moet kry in probleemoplossing. Die verskillende probleemoplossingstegnieke sal dus in die opleidingsprogram ingesluit moet word.

- * 82,7% van die respondente beskou dit as baie belangrik vir die leerlingleier om te kan beplan om sy taak suksesvol uit te voer.
- * 54,7% van die respondente sê dat dit belangrik vir die leerlingleier is om voor 'n groep mense op te tree. Die feit dat dit nie sterk onderskryf word nie, kan toegeskryf word dat leerlingleiers meestal voor kleiner groepe leerlinge optree. Ten spyte hiervan sal die basiese beginsels van openbare optrede tog by hom tuisgebring moet word.
- * 69,3% van die respondente beskou dit as belangrik dat die leerlingleier oor kennis van groepsdinamika moet beskik.

Afdeling F: Opleidingsprogram vir leerlingleiers

Die voorkeurvolgorde is op dieselfde wyse bepaal as afdeling F van die inligting van die onderwysers.

Tabel 3.36 Voorkeurorde vir die opleidingsprogram vir leerlingleiers

		f	%	Rang- orde
1	Handhawing van goeie menseverhoudinge	$\frac{17}{76}$	22,4	3
2	Handhawing van skoordisipline	$\frac{18}{76}$	23,7	2
3	Vermoë om vergaderings te lei	$\frac{17}{76}$	22,4	3
4	Optredes tydens skoolfunksies	$\frac{17}{76}$	22,4	3
5	Organisering van skoolfunksies	$\frac{16}{76}$	21,1	6
6	Skakelwerk tussen personeel en leerlinge	$\frac{16}{76}$	21,1	6
7	Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra	$\frac{13}{76}$	17,1	10
8	Groepdinamiese tegnieke	$\frac{15}{76}$	19,7	8
9	Kommunikatiewe en bestuursvaardighede	$\frac{15}{76}$	19,7	8
10	Teorie en praktyk van leierakap	$\frac{19}{76}$	25,0	1

Analise en interpretasie

Uit hierdie data kan die volgende hiërargiese ordening daargestel word:

Tabel 3.37 Ideale hiërargiese ordening

1	Teorie en praktyk van leierskap
2	Handhawing van skooldissipline
3	Handhawing van goeie menseverhoudinge
3	Vermoë om vergaderings te lei
3	Optredes tydens skoolfunksies
6	Organisering van skoolfunksies
6	Skakelwerk tussen personeel en leerlinge
8	Groepdinamiese tegnieke
8	Kommunikatiewe en bestuurevaardighede
10	Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra

Analise en interpretasie

- * Die feit dat teorie en praktyk van leierskap eerste geplaas is, wys op die noodsaaklikheid daarvan vir die leerlingleier.
- * Dat die leerlingleier glo dat dit baie belangrik is om reëls toe te pas, blyk uit die feit dat die handhawing van dissipline tweede geplaas is.
- * Handhawing van goeie menseverhoudinge is derde geplaas omdat dit vir die leerlingleier belangrik is om met sy medeleerlinge goed oor die weg te kom.
- * Die vermoë om vergaderings te lei, is ook derde geplaas. Dit is vir die leerlingleier belangrik om 'n vergadering suksesvol te kan lei en om sy medeleerlinge tot doelver-

wesenliking te lei.

- * Optredes tydens skoolfunksies is eweneens derde geplaas. Dit is vir die leerlingleier belangrik om korrek tydens skoolfunksies op te tree.
- * Organisering van skoolfunksies en skakelwerk tussen personeel en leerlinge word gesamentlik sesde geplaas. Hieruit kan afgelei word dat die leerlingleiers nie hoë prioriteit aan organisasievermoë verleen nie, moontlik omdat hulle nie genoeg geleentheid gebied word om te organiseer nie.
- * Om skakelwerk met volwassenes te kan verkry, lyk uit die oogpunt van die leerlingleier nie na 'n baie belangrike saak nie.
- * Groepsdinamiese tegnieke en kommunikatiewe en bestuursvaardighede word gesamentlik agste geplaas. Hieruit kan afgelei word dat die leerlingleier glo dat beide hierdie komponente nie so 'n wesenlike bydrae tot sy leierskapsbeoefening kan lewer nie.
- * Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra, word laaste geplaas. Die leerlingleier hou daarvan om deur middel van 'n onderwyser 'n ongehoorsame leerling te tug en hieruit kan afgelei word dat hy die taak nie as uitvoerbaar alleenlik deur homself beskou nie.

3.7.3 Vergelyking tussen die data verkry van die onderwysers met dié verkry van die leerlinge

Die rede waarom die onderwysers en die leerlingleiers se menings hier met mekaar vergelyk word, is om vas te stel in watter mate hulle oor leerlingleierskap saamstem en indien hulle nie saamstem nie, hoe dit die opleiding van leerlingleiers sal beïnvloed.

3.7.3.1 Wyse van opleiding van leerlingleiers

Slegs 19,7% van die onderwysers en 39,5% van die leerlingleiers beskou hulle opleiding as baie bevredigend. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat daar nog ruimte bestaan om die opleiding van leerlingleiers te verbeter.

3.7.3.2 Die soort opleiding wat leerlingleiers moet ondergaan

33,8% van die onderwysers besef die waarde van indiensopleiding vir die leerlingleier, teenoor 93,1% van die leerlingleiers wat die mening toegedaan is dat formele opleidingskursusse, vergaderings en simposia opleiding is wat oor die nodige status beskik. Moontlik begryp alle leerlingleiers ook nie presies wat met indiensopleiding bedoel word nie.

3.7.3.3 Persone wat die opleiding moet behartig

80,3% van die voogonderwysers en skoolhoofde spreek hulle vertroue uit dat die onderwysers volkome bevoeg is om die opleiding van die leerlingleiers te kan behartig. 47,3% van die leerlingleiers stel hulle vertroue in die onderwysers om die opleiding te behartig, terwyl 31,1% van hulle dit aan die Streeksassistent Jeugaangeleenthede van die Transvaalse Onderwysdepartement wil toevertrou. 13,5% van hulle wil dit aan instansies soos die Departement van Nasionale Opvoeding toevertrou.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die leerlinge aan die eenkant op die onderwysers as opleiers wil steun, maar aan die anderkant graag wil hê dat die regte kundige persone ook inspraak in hulle opleiding moet hê.

3.7.3.4 Geleenthede vir opleiding

Beide onderwysers (57,9%) sowel as leerlinge (46,1%) is die mening toegedaan dat meer opleidingsgeleenthede vir leerlingleiers geskep behoort te word.

Dit beteken dus dat daar op alle vlakke van leerlingleierskap, dit wil sê vanaf die klaskaptein tot die prefek en vanaf die sportkaptein tot die verenigingsvoorsitter, opleiding verskaf moet word.

3.7.3.5 Pligte en werksterrein van leerlingleiers

Die onderwysers (78,9%) en die leerlingleiers (69,7%) stem saam dat die pligte en werksterrein van die leerlingleier deeglik omskrywe is. Daar is tog 21,1% van die onderwysers en 28,9% van die leerlinge vir wie dit vaag omskrywe is.

3.7.3.6 Beplanning as bestuursfunksie

Alhoewel die meerderheid onderwysers (67,6%) en leerlingleiers (59,2%) rapporteer dat hulle oor 'n jaarbeplanning beskik, is daar 32,4% van die onderwysers en 40,8% van die leerlinge wat nie daarvoor beskik nie. Sodanige leerlingleiers sal op 'n lukrake wyse funksioneer en nie werklik doeltreffend in die skool kan optree nie.

3.7.3.7 Grondwet vir leerlingleiers

42,7% van die onderwysers en 36,5% van die leerlingleiers dui aan dat hulle nie oor 'n grondwet beskik nie. Daar sal in die opleidingsprogram riglyne gegee moet word oor hoe om 'n grondwet op te stel want dit dien vir die leerlingleier as basis vir optrede.

3.7.3.8 Akkommodasiegeriewe vir leerlingleiers

69,7% van die onderwysers en 63,2% van die leerlingleiers rapporteer dat hulle oor 'n leerlingraadslokaal beskik. Alhoewel die afwesigheid van sodanige geriewe nie die funksionering van die leerlingleiers sal strem nie, kan dit beslis 'n bydraende faktor wees om 'n groepsgees onder die leerlingleiers te bevorder.

3.7.3.9 Funksionering van die leerlingraad

90,8% van die onderwysers en 80,3% van die leerlingleiers sê dat hulle werksaamhede in departemente verdeel is. Die afleiding kan gemaak word dat die leerlingrade hulle werksaamhede georganiseer het met die oog op doeltreffende funksionering. Dit getuig daarvan dat hulle werksaamhede ingedeel is volgens die behoeftes wat die skool vereis.

3.7.3.10 Vergadertye van die leerlingraad

Daar kan uit tabelle 3.11 (p 75) en 3.27 (p 95) afgelei word dat daar gereeld vergader word. Die opleiding moet daarop ingestel wees om die leerlingleier sinvol en korrek te laat vergader met die oog op die koördinering van die aktiwiteite.

3.7.3.11 Nominasieprosedure vir die leerlingleiers

61,8% van die onderwysers en 65,3% van die leerlingleiers beskou die nominasieprosedure vir leerlingleiers as baie bevredigend. Sodoende word die regte leerlingleiers aangewys en kan die opleiding effektief aangewend word.

Afdeling B: Beginsels van leerlingleierskap

3.7.3.12 Karaktervastheid en integriteit as eienskappe van leerlingleiers

Al die onderwysers en 97,4% van die leerlingleiers

is dit met mekaar eens dat 'n leerlingleier oor karaktervastheid en goeie integriteit moet beskik.

3.7.3.13 Intellek en oordeelsvermoë van leerlingleiers

Alhoewel 55,6% van die onderwysers en 81,6% van die leerlinge saamstem dat goeie intellek en oordeelsvermoë voordelig vir die leerlingleier sal wees, beskou die onderwysers dit nie as 'n beslissende vereiste vir leerlingleierskap nie.

3.7.3.14 Entoesiasme en ondernemingsgees van leerlingleiers

93,4% van die onderwysers en 94,7% van die leerlingleiers stem heelhartig saam dat die leerlingleier oor entoesiasme en ondernemingsgees moet beskik.

3.7.3.15 Selfvertroue van leerlingleiers

80,3% van die onderwysers en 93,4% van die leerlingleiers stem saam dat die leerlingleier oor selfvertroue moet beskik.

3.7.3.16 Vermoë van die leerlingleier om aan te pas en samewerking te verkry

84,2% van die onderwysers en 96,1% van die leerlingleiers is die mening toegedaan dat die leerlingleier beslis goed by die groep moet kan aanpas om goeie samewerking te verkry.

3.7.3.17 Organisasievermoë van leerlingleiers

Alhoewel 68,4% van die onderwysers en 76,3% van die leerlingleiers met hierdie stelling saamstem, kan die afleiding gemaak word dat die onderwysers die organisasie namens die leerlingleiers verrig. Die leerlingleier moet dus beslis opgelei word om te organiseer.

3.7.3.18 Redenasievermoë van leerlingleiers

Die leerlingleiers (76,3%) heg 'n baie groter waarde aan goeie redenasievermoë as die onderwysers (50,0%). Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat alhoewel redenasievermoë 'n besliste bate vir 'n leier is, dit nie 'n absolute vereiste vir die leerlingleier volgens die onderwysers is nie.

3.7.3.19 Delegeringsvermoë van die leerlingleiers

Alhoewel delegeringsvermoë belangrik vir die leier is, is 61,8% van die onderwysers die mening toegedaan dat die leerlingleier nie in staat is om die vermoë suksesvol uit te voer nie. 77% van die leerlingleiers wil graag oor hierdie vermoë beskik en sien dit as 'n besliste bate om sy leierstaak uit te voer.

3.7.3.20 Beperkinge van die leerlingleier

Beide groepe respondente stem saam dat die leerlingleier bewus moet wees van sy eie beperkinge. Die onderwysers (76,3%) onderskryf dit egter nie so sterk soos die leerlingleiers (92,1%) nie en die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die leerlingleier sodanige beperkinge as stremmend in die uitvoering van sy pligte beskou.

3.7.3.21 Liggaamlike fiksheid en gesondheid as 'n voorvereiste leerlingleierskap

Alhoewel liggaamlike fiksheid en goeie gesondheid belangrik vir die leerlingleier is, beskou slegs 10,5% van die onderwysers en 24,3% van die leerlingleiers dat dit nie as 'n absolute voorvereiste gestel kan word nie.

3.7.3.22 Die leerlingleier en sy geloofsoortuiginge

75% van die onderwysers onderskryf dit dat die leerlingleier sy geloofsoortuiginge moet uitlewe teenoor slegs 68% van die leerlingleiers. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die onderwysers as volwassenes besef dat leierskap en geloofsoortuiginge nie van mekaar geskei kan word nie, teenoor die leerlinge wat nog nie oor daardie besef beskik nie.

3.7.3.23 Leierskap is nie noodwendig 'n aangebore eienskap nie

51,3% van die leerlingleiers en 57,3% van die leerlingleiers stem daarmee saam dat leerlingleierskap nie noodwendig 'n aangebore eienskap is nie, maar 'n eienskap wat met behulp van die regte opleiding verder ontwikkel kan word.

Afdeling C: Die leerlingleier en menseverhoudinge

3.7.3.24 Die leerlingleier en konflikthantering

82,9% van die onderwysers en 86,8% van die leerlingleiers stem saam dat die leerlingleier kennis moet dra van die hantering van konflik.

3.7.3.25 Die leerlingleier moet 'n egte belangstelling in sy medeleerling hê.

85,5% van die onderwysers en 82,9% van die leerlingleiers is die mening toegedaan dat dit vir die leerlingleier belangrik is om 'n opregte belangstelling in sy medeleerlinge te hê.

3.6.3.26 Die leerlingleier en die hantering van kritiek

86,6% van die onderwysers en 85,5% van die leerlingleiers stem saam dat die leerlingleier kennis moet dra van die hantering van kritiek.

3.7.3.27 Die leerlingleier en die persoonlike behoeftes van die groepslede

57,9% van die onderwysers en 55,3% van die leerlingleiers is die mening toegedaan dat die leerlingleier hom nie moet toelê op die persoonlike behoeftes van elke groepslid nie, maar eerder op die behoeftes van die groep.

3.7.3.28 Die leerlingleier en die toepassing van selfinsig

88,0% van die onderwysers en 92,1% van die leerlingleiers stem saam dat die leerlingleier eerlike selfkennis en selfinsig moet toepas wanneer hy teenstand van sy medeleerlinge ervaar.

Afdeling D: Die voogonderwyser en die leerlingleier

3.7.3.29 Die voogonderwyser en sy geloofsoortuiginge

Dit is vir die onderwysers (75,0%) belangrik dat die voogonderwyser sy geloofsoortuiginge teenoor die leerlingleier moet uitlewe. Die feit dat die leerlingleiers (56,8%) hierdie stelling nie so sterk ondersteun nie, dui daarop dat hulle self geloofsekerheid het en nie van die voogonderwyser verwag om hulle in hierdie verband te ondersteun nie.

3.7.3.30 Die voogonderwyser en sy ondersteuningsrol

Die onderwysers (88,2%) is die mening toegedaan dat die leerlingleier hom in 'n posisie van onsekerheid bevind en dat hy behoefte daaraan het om deur die voogonderwyser in die uitvoering van sy taak ondersteun te word. Die leerlingleier (67,1%) onderskryf hierdie stelling nie so sterk nie, omdat hy aan die een kant glo dat hy mags genoeg vir sy taak is en aan die anderkant bevrees is hy word deur die onderwyser oorheers.

3.7.3.31 Die voogonderwyser as skakel tussen die personeel en die leerlingleiers

93,4% van die onderwysers en 81,6% van die leerlingleiers stem saam dat die voogonderwyser as 'n effektiewe skakel tussen die leerlingleiers en die personeel moet optree om die nodige samewerking te verkry om sy taak suksesvol te verrig. Die leerlingleier sien die voogonderwyser dus eerder as 'n skakelpersoon as in 'n ondersteunende rol.

3.7.3.32 Die voogonderwyser en oormatige werkbelading van die leerlingleier

Die onderwysers (86,8%) stem saam dat die voogonderwyser daarteen moet waak dat die leerlingleier oormatig met werk belaaï moet word. Die leerlingleiers (47,4%) ondersteun nie hierdie siening nie, omdat hulle dit as innenging op hul werksterrein beskou.

3.7.3.33 Die voogonderwyser en evaluering

Vir die onderwysers (69,7%) is dit belangrik dat die leerlingleier deurentyd deur die voogonderwyser beoordeel en geëvalueer sal word. 46,7% van die leerlingleiers stem hiermee heelhartig saam terwyl 40% slegs gedeeltelik saamstem. Die afleiding kan gemaak word dat die leerlingleiers die voogonderwyser nie wil sien as iemand wat hulle voortdurend moet evalueer nie.

Afdeling E: Die leerlingleier en bestuur

3.7.3.34 Toepassing van dissipline deur die leerlingleier

Die onderwysers (16%) sien die toepassing van dissipline nie as die belangrikste taak van die leerlingleier nie. Die leerlingleiers (37,8%) ondersteun hierdie stelling sterker, maar beskou dit ook nie as 'n belangrike bestuursfunksie nie. Die

afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die leerlingleier besef dat hy nie net die skoolreëls in stand moet hou nie, maar dat hy sy leierskap skeppend moet beoefen.

3.7.3.35 Die leerlingleier en vergaderingsprosedure

36,8% van die onderwysers beskou die leerlingleier nie as een wat 'n vergadering sinvol moet lei en besluite te neem nie teenoor slegs 48,6% van die leerlingleiers wat die korrekte hantering van 'n vergadering as belangrik beskou. 'n Afleiding wat gemaak word, is dat die onderwyser die vergadering vir die leerlingleiers hou en die besluite namens hulle neem. Aan die ander kant besef die leerlingleiers glad nie die belangrikheid wat die korrekte aanwending van hierdie bestuursfunksie vir hulle leierskap inhou nie.

3.7.3.36 Toepassing van organisasie as bestuursfunksie

Vir die onderwysers (77,6%) is dit belangriker as vir die leerlingleiers (60,5%) dat die leerlingleier organisasie as bestuursfunksie moet kan toepas. Die afleiding wat gemaak kan word is dat die onderwyser die dinkwerk moet doen, sodat die leerlingleier dit net kan uitvoer.

3.7.3.37 Toepassing van kontrole

84,2% van die onderwysers en 76,3% van die leerlingleiers stem saam dat die leerlingleier kontrole moet toepas ten einde te verseker dat die gestelde doelstellings bereik sal word.

3.7.3.38 Die leerlingleier en kommunikasiekanale

86,8% van die onderwysers en 76,3% van die leerlingleiers stem saam dat die leerlingleier alle kommunikasiekanale effektief moet kan gebruik.

3.7.3.39 Die leerlingleier en probleemoplossing

Die onderwysers (81,6%) sien die noodsaaklikheid van die oplossing van probleme vir die leerlingleier in, teenoor die leerlingleiers (65,8%), wat dit nie so sterk as die onderwysers onderskryf nie.

3.7.3.40 Die leerlingleier en groepsdinamika

61,8% van die onderwysers en 69,3% van die leerlingleiers stem saam, alhoewel hulle dit nie sterk onderskryf nie, dat die leerlingleier kennis van groepsdinamika moet hê.

3.7.3.41 Die leerlingleier en beplanning

88,2% van die onderwysers en 82,7% van die leerlingleiers stem daarmee saam dat die leerlingleier moet kan beplan.

3.7.3.42 Openbare optrede en die leerlingleier

60,5% van die onderwysers en 54,7% van die leerlingleiers ondersteun hierdie siening. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat dit nie as belangrik vir die leerlingleier beskou word om voor 'n groot groep mense op te tree nie.

Afdeling F: Opleidingsprogram vir leerlingleiers

3.7.3.43 Ideale hiërargiese ordening van leerinhoud van 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers volgens die onderwysers en die leerlingleiers.

Wanneer die ideale hiërargiese ordening van die onderwysers (tabel 3.21, p88), met die van die leerlingleiers (tabel 3.37 p105) vergelyk word, dan word daar sterk voorkeur aan die volgende vier komponente gegee:

- * Teorie en praktyk van leierskap.
- * Handhawing van goeie menseverhoudinge.
- * Optredes tydens skoolfunksies.
- * Vermoë om vergaderings te lei.

Die volgende komponente word verskillend geplaas:

- * Kommunikatiewe en bestuursvaardighede word baie hoër in die ideale hiërargiese ordening deur die onderwysers geplaas as deur die leerlingleiers.
- * Die leerlinge plaas ook die handhawing van skool-dissipline baie hoër as die onderwysers. Hieruit kan afgelei word dat die leerlingleier sy leiers-taak sterk aan dissipline verbind, terwyl die onderwyser van mening is dat die leerlingleier meer by kommunikatiewe en bestuursvaardighede sal baat.

Die volgende vier komponente word aan die anderkant van die ideale hiërargiese ordening geplaas:

- * Organisering van skoolfunksies.
- * Skakelwerk tussen personeel en leerlinge.
- * Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra.
- * Groepsdinamiese tegnieke.

Wanneer hierdie ideale hiërargiese ordening in oën-skou geneem word, dan val dit op dat die leerlingleier kennis moet dra van die teorie en praktyk van leierskap asook die handhawing van goeie menseverhoudinge. Al die ander sake is nou hieraan verwant en vloei hieruit voort.

3.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Uit hierdie empiriese ondersoek tree die volgende afleidings opsigtelik na vore:

- * Leerlingleierskap verskil van algemene leierskap in die sin dat die leerlingleiers nog op weg na volwasseheid is en sekere leierskapaspekte, byvoorbeeld om 'n goeie voorsitter (vergaderingsprosedure) te wees, probleme op te los of selfs te organiseer, vir hom nie uitvoerbaar lyk nie. Leerlingleierskap steun egter op dieselfde basiese beginsels soos integriteit, entoesiasme, selfvertroue en goeie oordeelsvermoë.
- * Daar bestaan 'n behoefte by onderwysers sowel as by leerlingleiers om in leierskap opgelei te word.
- * Daar moet meer opleidingsgeleenthede vir die leerlingleier geskep word.
- * Alhoewel die voogonderwysers hulle taak oorwegend met gemak verrig, wys hulle daarop dat hulle geen spesifieke opleiding daarvoor ontvang het nie.
- * Leierskap word nie noodwendig as 'n aangebore eienskap beskou nie en daarom kan dit deur die regte opleidingstegnieke ontwikkel word.
- * Basiese vertroue word in die onderwysers gestel om die opleiding te kën waarneem. Dit beteken ook dat die onderwysers die leerlingleiers moet oplei ooreenkomstig die karakter en die behoeftes van die betrokke skool.
- * Die onderwysers en die leerlingleiers handhaaf nie dieselfde beskouing oor die rol wat die voogonderwyser moet vervul nie.

- * Oor aspekte soos die grondwet, jaarbeplanning en werks-terrein bestaan daar onduidelikheid.
- * Kennis van die toepassing van bestuursfunksies is 'n vereiste. Beplanning, organisering, kontrole en kommunikasie word as belangrike bestuursfunksies beskou.
- * Die onderwysers gee voorkeur aan indiensopleiding terwyl die leerlinge 'n opleidingskursus van 'n meer formele aard verkies.

In die volgende hoofstuk sal daar nou oorgegaan word tot die daarstelling van 'n model vir die opleiding van leerlingleiers op die sekondêre skool.

oo0oo

HOOFSTUK 4

'N MODEL VIR DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

4.1 INLEIDING

Uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek blyk dit duidelik dat daar nie net 'n behoefte by die leerling-leier is om opgelei te word nie, maar ook dat hy opgelei kan word om sekere kennisaspekte van leierskap te kan be-meester.

Cawood, Strydom en Van Loggerenberg (1980:147-149) wys daar-op dat leierskap 'n wete- sowel as 'n kunsaspek vertoon. Kuns-aspekte soos gave en besieling kan kwalik aangeleer word, maar leierskap as 'n wete impliseer dat daar kennis is wat aangeleer kan word.

Aan die ander kant is dit net so waar dat persone wat nie oor die gave en die besieling van leierskap beskik nie, nie tot ware leierskap in staat sal wees nie, al is die opleiding ook hoe effektief. Slegs diegene wat oor die gave van leierskap beskik en besield is, kan gelei word om beter leiers te word.

In hierdie hoofstuk sal daartoe oorgegaan word om 'n model vir die opleiding van leerlingleiers daar te stel. Onder leerlingleiers word nie alleen die hoofseun of hoofdogter of die prefekte verstaan nie, maar ook die klaskapteins en die verenigingvoorsitters. Die opleiding sal daarop gemik wees om alle leerlingleiers te betrek, reeds vanaf standerd ses af, sodat wanneer die leerlingleiers in standerd tien kom, hulle teoreties onderlê is in leierskap en hulle leierskapvermoëns prakties geïmplementeer het.

4.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP MODEL

'n Model verskaf die verhoudings tussen die fundamentele komponente in verband met die bestudeerde werklikheidsgebied.

Gresse (1975:36) beskryf 'n model as 'n hulpkonstruksie wat denkkordend en-riktend aangewend kan word by alle pogings tot sistematiese deurskouing en verklaring van die werklikheid of aspekte van die werklikheid. Van Dykin Landman (1980:195) sluit hom hierby aan as hy sê dat die model 'n middel is om 'n bepaalde funksionele aspek oor te dra.

Die model word dus ontwikkel met 'n besondere doelstelling in gedagte, wat op sy beurt net 'n finale formulering van 'n vroeë hipotese of siening van 'n saak is.

4.3 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP OPLEIDING

Om die organisasie van 'n skool te verbeter, word sekere verantwoordelikhede aan leerlingleiers opgedra. Om hulle doeltreffendheid te verhoog, beteken dus dat hulle opgelei moet word.

Stones en Morris (1972:233) sê dat daar onder opleiding verstaan word hoe om iemand te lei om 'n sekere vaardigheid te kan bemeester.

Retief en Koorts (1976:2) gee 'n vollediger beskrywing van opleiding as hulle sê dat dit daardie prosesse behels wat deur die organisasie aangewend word om die individu in staat te stel om sy spesifieke taak(e) met optimale doeltreffendheid te kan verrig ten einde sy bydrae tot die bereiking van organisasiedoelwitte te verhoog.


Opleiding behels dus die aanleer van bepaalde vaardighede sodat die mannekrag van die betrokke organisasie beter in staat kan wees om die gestelde doelwitte te verwesenlik.

In skoolverband word onder die opleiding van leerlingleiers verstaan om sodanige leiers met die nodige vaardighede toe te rus om hulle spesifieke take doeltreffend te kan verrig.

4.4 DIE OPLEIDINGSMODEL VIR LEERLINGLEIERS

Die opleiding van leerlingleiers kan aan die hand van die onderstaande model, skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 4.1 Opleidingsmodel vir leerlingleiers



Elk van hierdie komponente sal vervolgens aan die orde gestel word:

4.4.1 Lewensbeskouing

Van Staden (1972:3) sê dat die lewensopvatting as kragbron en as poolster die mens op die weg wat deur hom aangewys word, motiveer. Hy konstateer verder dat die skool 'n besondere taak het om die weg aan te wys en die nodige motivering te verskaf.

Wet nommer 39 van 1967 bepaal dat die onderwys 'n Christelik-Nasionale karakter moet hê. Van die skool word dus verwag dat die leerlinge en ook die leerlingleiers ooreenkomstig die Christelik-Nasionale lewensbeskouing opgevoed behoort te word met die wete dat hy skepsel van God is, en dat hy alles wat hy sal doen, tot eer van God sal doen. In hierdie verband sê Van Wyk (1973:73) dat mens op verantwoordelike en toerekeningsvatbare wyse sy hele lewe sal moet inrig tot die meerdere eer van God.

Daar mag geen sprake van neutraliteit in die opvoedingsgebeure wees nie. In die verband sê Landman, Roos en Liebenberg (1971:129-130) dat dit onmoontlik vir die opvoeder in die skoolse verband is om in die opvoedingsgebeure neutraal te staan. Elke opvoeder leef sy lewensopvatting terwyl die kind-in-opvoeding sy lewensopvatting word en wel aan die hand van die voorbeeld waarvolgens dit voorgeleef word.

Die leerlingleier aan die sekondêre skool sal dus opgelei moet word ooreenkomstig die Christelik-Nasionale lewensbeskouing omdat dit aan sy leierskap 'n besondere karakter sal gee en omdat dit vir hom as kragbron sal dien om sy leierskap ooreenkomstig die eise van God uit te voer.

4.4.2 Doelstellings met die opleiding van leerlingleiers

Die volgende doelstellings kan met die opleiding van leerlingleiers beoog word:

- * om die potensiaal van die leerlingleiers ten volle te ontwikkel;
- * om die leerlingleiers in die eerste plek op te lei om sy plek as leier in die skool vol te staan;
- * om die leerlingleier toe te rus om sy leierstaak effektief ten uitvoer te bring;

- * om die leerlingleier voor te berei vir die toekoms; en
- * om die leerlingleier ooreenkomstig die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing op te lei.

4.4.3 Taakanalise

Die leerlingleier lewer diens op die volgende terreine, naamlik:

- * die handhawing van dissipline soos
 - optrede tydens saalfunksies
 - die korrekte wyse van aantree en verdaging tydens die opening van die skool
 - terreindiens voor en na skool asook tydens pouses
 - busdiens
 - optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra.
- * die uitvoering van administratiewe take soos:
 - vlaghysing en -stryking
 - sluit en oopsluit van fietsloodse
 - opstel van die luidsprekerstelsel
 - ruikers vir nuwe personeel of personeel wat verjaar
 - skakelwerk tussen personeel en leerlinge
 - behartiging van godsdiensopeninge.
- * organisering en optrede tydens skoolfunksies:
 - aanbidding van die groentjiekonsert
 - aanbidding van 'n lentedag
 - hulp tydens sportwedstryde
 - hulp met liefdadigheidaksies
 - hou van vergaderings
 - viering van die skool se verjaardag.

4.4.4 Situasië-analise

Volgens Steyn in Calitz, Du Plessis en Steyn (1982:11) moet alle veranderlikes bepaal word wat 'n rol kan speel in die beplanning van 'n doeltreffende kurrikulum. Hy wys op die volgende relevante veranderlikes:

- * die beginselraamwerk van die skool,
- * die wese en die taak van die skool,
- * sekere logistieke oorwegings,
- * toekomseise,
- * beginsituasië van die onderwyser en die leerlingleier,
- * grootte van klasgroepe, en
- * situasionele gegewens.

Die beginselraamwerk van die skool word op makrovlak bepaal en daarvolgens moet dit in ooreenstemming met Wet nommer 39 van 1967 wees, naamlik Christelik-Nasionale onderwys. Die Christelik Nasionale lewensbeskouing moet dus in die kurrikulum opgeneem word.

Die skool is in wese volgens Krüger (1980:79) 'n instelling waar leergeleenthede aan die leerders beskikbaar gestel moet word. Die leerders moet dus in die geleentheid gestel word om die verskillende vakinhoud hulle eie te maak. Dit geld dus ook vir leerlingleierskap. Dit is dus die taak van die skool om ook sy leerlingleiers tot volwaardige leierskap op te voed.

Onder logistieke, oorwegings word volgens Krüger (1980:46) alles roerend en nie-roerend verstaan wat ter beskikking van die opstelling en implementering van die kurrikulum gestel kan word. Op mikrovlak word die aard en die samestelling van die kurrikulum deur die aantal en die soorte leerlingleiers bepaal. Voorsiening moet ook gemaak word vir doeltreffende hulpmedia soos die truprojektor, die klankskuifieprojektor, ensovoorts. Daar moet ook sekerheid wees ten opsigte van die beskikbaarheid van finansies.

Die skool wil sy leerlinge nie alleen vorm as leiers wat net binne skoolverband funksioneer nie maar volgens Krüger (1980:57) hulle ook in staat stel om die leierskapsvaardighede wat hulle verwerf het, eendag in die beroepslewe of op die ander lewensterreine toe te pas.

Die vlak van die leergereedheid van die leerlingleiers moet bepaal word.

Daar moet vasgestel word oor watter kennis die onderwysers moet beskik met betrekking tot leerlingleierskap.

Situasionele gegewens soos beskikbare tyd is dus ook 'n veranderlike wat nie uit die oog verloor moet word nie.

4.4.5 Leerinhoud

Volgens Steyn in Calitz, Du Plessis en Steyn (1982:11) is die opleidingsituasie 'n beplande geleentheid waartydens geselekteerde inhoud vir die leerder ontsluit of onderrig word, sodat dit hom in staat kan stel om sy taak optimaal te kan verrig. Met verwysing na die ordening van kurrikulum-inhoud beklemtoon Krüger (1980:65) dit, dat dit vanuit 'n doelperspektief moet geskied.

Die inhoud wat vir die leerlingleier ontsluit moet word, moet dus aansluit by die doelstellings wat met die opleiding van leerlingleiers beoog word.

Leierskap impliseer om met mense te werk. Die leerlingleier bevind hom in die unieke situasie dat hy met leerlinge werk en dat hy ook die samewerking van die skoolhoof en die onderwysers nodig het om sy taak suksesvol te kan uitvoer. Daarom sal daardie menskundige leerinhoud wat beter menseverhoudinge kan bewerkstellig, ontsluit moet word, soos:

- * mensekennis as voorvereiste vir leerlingleierskap,
- * hantering van kritiek en konflik,
- * toepassing van dissipline, met ander woorde die hantering van leerlinge wat hulle wangedra,
- * hantering van leerlinge wat moeilik inskakel by die skool,
- * hantering van leerlinge met moeilike huislike omstandighede, en
- * aanwending van verskeie motiveringstegnieke.

Die leerlingleier moet die behoeftes en belangstellings van die leerlinge koördineer ten opsigte van doelstellings en doelverwesenliking. Om take aan te pak en ten uitvoer te kan bring, sal die volgende leerinhoud ingesluit moet word:

- * beplanning en doelwitstelling wat probleemidentifisering en probleemoplossing en die duidelike uit spel van doelwitte insluit,
- * organisering wat die tegniek om mense en middele te organiseer insluit en om die beplande gebeurtenisse te laat plaasvind,
- * beheer en leiding waaronder die koördinering van alle take en middele verstaan word, en
- * kontrole wat daardie tegnieke insluit waardeur bepaal word of die neergelegde standaarde gehandhaaf word en of daar op die gestelde doelwitte afgestuur word.

Die leerlingleier moet ook kennis dra van die verskillende teorieë van leierskap naamlik:

- * die eienskapsteorie,
- * die situasionele teorie,
- * die groepfunksieteorie, asook
- * die verskillende leierskapstyle.

Die leerlingleier moet ook kennis dra van die praktyk van leierskap, naamlik:

- * die korrekte gebruik van alle kommunikasiekanale,
- * die kennis van groepsdinamiese tegnieke,
- * die korrekte manier om voor 'n groep mense op te tree,
- * die kuns van redevoering,
- * die korrekte gebruik van vergaderingsprosedure, en
- * die kennis van delegering om groepslede se vaardighede en aanleg in te span ten einde hulle medeverantwoordelik te maak vir leierskap.

4.4.6 Leergeleenthede en leerervarings

Aarts soos aangehaal deur Krüger (1980:89) wys op die volgende leervorme:

- * die waarnemende leervorme soos lesse waarin die onderwyser dinge vertoon en die leerder aangewys is op perseptuele waarneming;
- * die verklarende leervorme, waartydens die onderwyser leerinhoud verklar of interpreteer aan die hand van eksemplare;

- * die produserende leervorme, waar van die leerder verwag word om na aanleiding van die verklaringe sy eie weergawe van die inhoudelike te gee of weer te gee;
- * die heuristiese leervorme, waar die leerling na aanleiding van sy denkende teenwoordigheid by die dinge self 'n reël of 'n afleiding of toepassingsmoontlikhede ontdek.

Hierdie leervorme is betekenisvol vir die opleiding van leerlingleiers.

- * Die waarnemende leervorme maak voorsiening vir aanskouingsgeleenthede. Hier word gedink aan 'n besoek aan 'n stadsraadsvergadering waar leerlingleiers kan waarneem hoe leiers vergadering hou, sake beredeneer en besluite neem.
- * Die verklarende leervorme probeer om die werklikheid van leierskap na die leerlingleiers te bring. So kan deur middel van 'n video-opname die hantering van 'n konfliktsituasie aan die leerlingleier voorgehou word, wat hy moet interpreteer.
- * Die produserende leervorme bestaan uit die gee van 'n les. Alhoewel dit die oudste vorm van kennisoordra is, kan dit met groot vrug gebruik word om die leerlingleier te skool in leierskap. Ander werkwyses wat hierdie leervorm aanvul, is: dramatisering, rolvertolking en fantasiebelewing.
- * In die heuristiese leervorm moet die wesenlike van die inhoud self deur die leerder ontdek word. Volgens Krüger (1980:90) bevorder die volgende onderwyshandeling hierdie leervorm, naamlik: vrae deur die onderwyser aan die leerling gestel, die klasgesprek en die gee van opdragte.

Uit die bespreking van hierdie leervorme blyk dit duidelik dat elk van hierdie leervorme 'n bydrae kan lewer om die leerlingleier in die geleentheid te stel om opgelei te word. Aangesien die opleiding van leerlingleiers swaar sal steun op die lesing as metode van kennisontsluiting, behoort daar eerder na die voor- en nadele van die lesing-metode gekyk te word.

- * Die lesing is 'n beproefde tegniek om bepaalde kennis aan die leerlingleiers oor te dra. Die nadeel hieraan verbonde is dat kennisoordrag eenrigtingverkeersituasie behels naamlik vanaf die spreker na die toehoorders.
- * Die forum is 'n byeenkoms waarin geleenthede aan die gehoor gebied word om na 'n lesing vrae te stel, kommentaar te lewer of gedagtes te wissel. Die vrae en die opmerkings geskied tussen die voorsitter en die gehoor met weinige tweerigtingkommunikasie tussen lede van die vergadering self. Hierdie tegniek kan suksesvol aangewend word wanneer 'n spreker die sportleiers van 'n skool toespreek.
- * Gonsgroepe is groepe wat met 'n beperkte aantal lede wat uit lede van 'n groter gehoor saamgestel word. Dit stel elke lid in staat om 'n persoonlike mening te gee. Hierdie tegniek kan uitstekend aangewend word om die lesing- of forumtegniek te laat deel in die voordele van kleingroepbespreking.
- * Die ideëberaad is 'n onderrigleersituasie waarin 'n groep mense na oplossings vir probleme soek deur vrye teuels aan hulle verbeelding te gee. Hierdie tegniek is besonder geskik indien daar na oplossings vir probleme gesoek word.

4.4.7 Evaluering

Volgens Krüger (1980:117) moet die evalueringshandelinge

by die afhandeling van die kurrikulum aantoon of die doelstellings bereik is al dan nie.

Die vraag kan met goeie reg gestel word tot watter mate die leierskap geëvalueer kan word. Ebel soos aangehaal deur Calitz in Calitz, Du Plessis en Steyn (1982:69) sê dat onderrig sonder toetsing haas ondenkbaar is. Die beoordeling van leerwins verskaf belangrike terugvoering aan die leerder en daardeur word die mate van doelbereiking bepaal.

Evaluering dui iets meer aan as meting. Volgens Wessels soos aangehaal deur Calitz in Calitz, Du Plessis en Steyn (1982:70) is evaluering die waardebeoordeling van hoe die doelstelling van die kurrikulum en die onderrigmetodes geslaag is. Evaluering behels alle metodes, middele en gegewens waarvolgens inligting in verband met die totale persoonlikheid van die leerling verkry word.

Wanneer leerlingleierskap geëvalueer word, word nie daarby bedoel dat die leerlingleier se leierskapskennis volgens 'n instrument of 'n toets of 'n skaal gemeet sal word nie. Smith en Adams soos aangehaal deur Calitz in Calitz, Du Plessis en Steyn (1982:69) sê dat meting in die onderwys minder akkuraat is as op enige ander gebied, aangesien die mens waarskynlik die mees komplekse skepsel op aarde is en sy eienskappe nie van mekaar geskei of geïsoleer kan word nie.

Die doelstelling met evaluering sal wees om te bepaal of die leerinhoud bemeester is. Die volgende tipes evaluering kan toegepas word:

- * Kontinue evaluering. Hiermee word bedoel dat die onderwyser sal moet bepaal of die doelwitte bereik is en of die leerinhoud bemeester is. Dit impliseer 'n dinamiese interaksie tussen die onderwyser en die leerlingleier.

- * Evaluering waar deur middel van probleemstelling die leerlingleiers die geleentheid gegee word om die saak in groepsverband te bespreek en dan terug te rapporteer. Op die wyse kry die onderwyser terugvoering oor die groep se vordering.
- * Die leerlingleier kan ook 'n evalueringsvorm voltooi waarop hy telkens by bepaalde stellings aandui hoe hy gevorder het op die weg van leierskapsverwesenliking.
- * Die leerlingleiers kan vaste praktiese opdragte ontvang om uit te voer, byvoorbeeld hoe fondse deur middel van 'n rolprentvertoning ingesamel kan word of hoe 'n sportbyeenkoms gereël moet word.

4.4.8 Die opgeleide leerlingleier

Nadat leerlingleiers aan die hand van die opleidingsmodel 'n kursus in leerlingleierskap deurloop het, behoort hulle na die mening van die skrywer oor die volgende eienskappe te beskik:

- * toegerus met kennis en kundighede in verband met leierskap;
- * toegewyd aan sy geloofsoortuiginge wees;
- * in staat wees om doelwitte te stel;
- * in staat wees om skoolprojekte te organiseer en ten uitvoer te bring;
- * in staat wees om vergaderings korrek te lei;
- * in staat wees om sy medeleerlinge deur middel van redenering tot sy standpunt oor te haal;
- * in staat wees om sy medeleerlinge deur middel van delegering medeverantwoordelik te maak;

- * in staat wees om probleme op te los;
- * in staat wees om konflik en kritiek te hanteer;
- * in staat wees om dissipline toe te pas;
- * in staat wees om kommunikasiekanale effektief te gebruik;
- * in staat wees om die nodige steungewing aan leerlinge te gee wat aanpassingsprobleme het;
- * in staat wees om groot groepe leerlinge met gemak te kan hanteer.

4.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Die navorser het probeer om in hierdie hoofstuk 'n model vir die opleiding van leerlingleiers aan die sekondêre skool daar te stel. Die komponente van hierdie opleidingsmodel berus op die Christelike Nasionale lewensbeskouing. Die doelstellings met hierdie opleidingsmodel is om die potensiaal van die leerlingleiers effektief te ontwikkel en om die bestuur in die skool in staat te stel, om sy gestelde doelwitte te verwesenlik. As sodanig moet 'n taak- en situasie-analise gemaak word om vas te stel wat die leerinhoud, leergeleenthede en leerervaringe sal wees. Om te bepaal of die voorgeskrewe leerinhouds be-meester is, is dit nodig dat daar geëvalueer moet word. Ten slotte is daar getrag om die eienskappe waaroor die opgeleide leerlingleier behoort te beskik, aan te toon.

In hoofstuk 5 sal die belangrikste bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie navorsing, weergegee word.

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE

Die volgende belangrike bevindinge het uit die literatuurstudie na vore getree:

5.1.1 Bevindinge met betrekking tot Christelike leierskap

Vir die Christelike leerlingleier word daar besliste riglyne uit die Skrif neergelê wat hom as leier ondersteun:

- * God kies leiers uit en wel op 'n jeugdige ouderdom en rus hulle vir hulle taak toe.
- * Die leerlingleier moet onwrikbaar in God glo, want dit beïnvloed sy verhouding ten opsigte van sy volgelinge asook ten opsigte van die doelwitte wat die groep vir hulle stel.
- * Die Christelike leerlingleier moet vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing lei aangesien dit die koers van sy leierskap sal bepaal.
- * God beklee ook die leerlingleier met gesag en hy moet ook verantwoording aan God doen vir die uitoefening van sy gesag.

5.1.2 Bevindinge met betrekking tot leierskap en leierskapteorieë

Die volgende belangrike bevindinge het uit die studie van leierskapsteorieë en leierskapstyle na vore getree:

- * Daar bestaan glad nie so iets soos algemene persoonseienskappe waaraan 'n leier moet voldoen nie. Die leerlingleier moet egter oor 'n persoonlikheid beskik

wat sy leierskap waardig is.

- * Leerlingleierskap is situasioneel en daarom sal die leerlingleier opgelei moet word om leiding te kan neem volgens sy aanleg en vaardighede.
- * Om sy leerlingmaats effektief ten opsigte van doeleë bereiking te kan lei, sal die leerlingleier kennis moet dra van die basiese bestuursbeginsels.
- * Die verskillende leierskapstyle het besliste implikasies vir die leerlingleier. Hy moet weet dat hy met mense werk wat soos hy op weg na volwassenheid is en dit vereis dat hy die regte styl by die regte situasie moet aanwend.

5.1.3 Bevindinge met betrekking tot leerlingleierskap

Uit die studie van leerlingleierskap het die volgende bevindinge na vore gekom:

- * Sekondêre skole moet van die potensiaal van leerlingleiers gebruik maak om die hoogste vorm van deelname van die leerlinge te verkry.
- * Leerlingleierskap is 'n eiesoortige leierskap aangesien die leerlingleier 'n nie-volwassene is.
- * Leerlingleiers moet eers geïdentifiseer word alvorens hulle opgelei kan word.
- * Die leerlingleiers verteenwoordig 28% van die leerlingpopulasie. Hierdie persentasie vereis dat die nodige aandag by wyse van opleiding aan hulle verleen moet word.
- * Bepaalde vereistes word vir die identifisering van leerlingleiers neêrgeleë, naamlik dat die onderwyssers sowel as die leerlinge die leiers moet identifiseer.

tifiseer (nomineer), dat die onderwysers die vereistes waaraan die leerlingleiers moet voldoen aan die leerlinge bekend moet maak en dat dit nie uit die oog verloor mag word nie dat die mens as gekompliseerde wese betrokke is en hy nie bloot op grond van wetenskaplike meting as leerlingleier aangewys mag word nie.

- * Daar kom n verskeidenheid leerlingleiers op die sekondêre skool voor, soos prefekte en klaskapteins asook sportkapteins en verenigingvoorsitters.

5.1.4 Die sosiale ontwikkeling van die adolessent en die beïnvloedingsmag van die portuurgroep het aanleiding tot die volgende belangrike bevindinge gegee:

- * Indien die leier hom slaafs onderwerp aan die norme en kodes wat adolessente stel, sal dit n nadelige uitwerking op sy leierskapontwikkeling hê.
- * Alhoewel daar nie so iets soos n algemene eienskap vir leierskap bestaan nie, speel intelligensie n belangrike rol.
- * Ander eienskappe wat vir die adolessente leier beslissend is, is dat hy sosiaal goed aangepas moet wees en sy volgelinge baie lojaal aan hom is omdat hy alternatiewe metodes kan aanwend om die doel te bereik.
- * Populariteit is beslis nie n waarborg vir leierskap nie. Leiers word volgens spesifieke bekwaamhede soos wat die situasie dit vereis, verkies.
- * Volwassenes moet nie die verkeerde leiers op adolessente afdwing nie.

- * Die adolessente vereis dit van die leier dat hy hulle so moet verteenwoordig, dat dit prestige aan hulle sal verleen. Hy moet aan die verwagtinge wat hulle aan hom stel, voldoen. Hy moet egter standpunt kan inneem, al bring dit hom in botsing met sy maats.
- * Die leerlingleier moet altyd inisiatief behou om sy groep ten goede te beïnvloed.

5.1.5 Bevindinge met betrekking tot die voogonderwyser

Die volgende bevindinge kan gemaak word ten opsigte van die rol wat die voogonderwyser te vervul het:

- * Hy kan nie van die leerlingleier verwag wat van die volwasse leier verwag word nie.
- * Die leerlingleier het behoefte daaraan om in die uitvoering van sy pligte deur 'n volwassene ondersteun te word.
- * Die verhouding tussen die voogonderwyser en die leerlingleier moet deur wedersydse respek gekenmerk word.
- * Die voogonderwyser moet oor die volgende grondver-eistes soos takt, geduld, humorsin en 'n aangename persoonlikheid beskik.
- * Die voogonderwyser moet die leerlingleier opvoedend ondersteun om die Christelik-Nasionale lewensopvatting te verwerf.

5.1.6 Die volgende bevindinge kan ten opsigte van die opleiding van leerlingleiers gemaak word:

- * Leierskap kan deur opleiding ontwikkel word.

- * Opleiding moet slegs as aanvullend tot leierskap beskou word.
- * Die studie van opleidingsprogramme wys op die praktyk van leierskap en daarom moet die leerlingleier kennis dra van die toepassing van bestuursfunksies.
- * Probleme moet deur middel van kreatiwiteit opgelos word.
- * Onderwysers moet opgelei word om die opleiding van leerlingleiers self waar te neem.
- * Die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet in die opleidingsprogram van leerlingleiers ingesluit word.

5.2 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die volgende belangrike bevindings het uit die empiriese ondersoek na vore getree. Hier word verwys na die afdeling waar die data van die onderwyserresponente met die van die leerlingleierresponente vergelyk is:

- * Die onderwyser- sowel as die leerlingleierresponente is die mening toegedaan dat daar ruimte bestaan om die leerlingleier se opleiding te verbeter.
- * Die onderwyserresponente gee voorkeur aan 'n indiensopleiding teenoor die leerlingleierresponente wat voorkeur gee aan 'n formele opleidingsprogram. Die onderwysers weet dat opleiding nie met 'n formele leierskursus afgesluit word nie, en daarom het hulle die belangrikheid van indiensopleiding beklemtoon.
- * Al die responente glo dat die onderwysers die mees geskikte persoon is om die opleiding van die leerlingleier waar te neem. Die Streeksassistent vir Jeugaangeleenthede verrig ook waardevolle werk in hierdie verband en van sy deskundige kennis en advies kan ook gebruik ge-

maak word in die opleiding van leerlingleiers.

- * Al die respondente is die mening toegedaan dat daar meer opleidingsgeleenthede vir die leerlingleier geskep kan word.
- * Uit die ondersoek het dit geblyk dat van die leerlingleiers nie oor 'n grondwet en 'n jaarprogram beskik nie wat op 'n besliste leemte in die opleiding van leerlingleiers dui.
- * Uit die ondersoek het dit ook geblyk dat ongeveer 65% van die leerlingleiers oor akkommodasiegeriewe beskik. Dit is 'n noodsaaklikheid vir die leerlingleiers om oor sodanige geriewe te beskik. Al die skole beskik nie oor voldoende akkommodasiegeriewe vir die hele skool nie, tog moet daar 'rens voorsiening gemaak word vir 'n plek om te vergader, al moet daar geriewe gedeel word. 'n Toesluitkas is hiervoor 'n vereiste.
- * Die leerlingleiers verdeel hulle werksaamhede in departemente en vergader gereeld. Gereelde kommunikasie vind dus plaas en verskillende werksterreine kan geïdentifiseer word.
- * Al die respondente stem saam dat die leerlingleier oor die volgende eienskappe moet beskik, naamlik:
 - integriteit,
 - oordeelsvermoë,
 - entoesiasme,
 - selfvertroue,
 - aanpassingsvermoë,
 - vermoë om te kan organiseer, en
 - hy moet sy geloofsoortuiginge kan uitlewe.

- * Hulle is ook die mening toegedaan dat die leerlingleier bewus moet wees van sy eie beperkinge en moet beseef dat leierskap nie noodwendig aangebore is nie en verder dat gesondheid nie 'n voorvereiste vir leierskap is nie. Hulle stem nie saam dat die vermoë om te deleger en om te redeneer nie as 'n absolute vereiste vir die leerlingleier gestel moet word nie.
- * Kennisaspekte wat goeie menseverhoudinge sal bevorder, is die hantering van kritiek en konflik. Die leerlingleier moet ook belangstelling in sy medeleerlinge toon en moet eerlik selfkennis kan toepas wanneer hy teenstand van sy medeleerlinge ervaar. Dit is vir die leerlingleier nie belangrik om aandag te gee aan die persoonlike behoeftes van elke groepslid nie.
- * Uit die ondersoek spreek dit duidelik dat die voogonderwyser die leerlingleier moet ondersteun, dat hy hom deurentyd moet evalueer en die regte voorbeeld aan hom moet stel.
- * Die bestuursfunksies soos beplanning, organisering en die toepassing van kontrole is belangrik vir die leerlingleier.
- * Kennis van kommunikasie en die oplossing van probleme word as onmisbaar vir die leerlingleier beskou. Die respondente het die korrekte toepassing van vergaderingsprosedure, kennis van groepsdinamika, toepassing van dissipline asook openbare optrede nie as baie belangrik onderskryf nie.
- * In die opleidingsprogram word die kennis van die teorie en praktyk van leierskap as basis van die opleiding van leerlingleiers beskou. Eweneens word die toepassing van dissipline nie as die belangrikste faset van die opleiding beskou nie, maar kennis van die korrekte menseverhoudinge.

5.3 BEVINDINGE UIT DIE OPLEIDINGSMODEL VIR LEERLINGLEIERS

Uit die opleidingsmodel vir leerlingleiers tree die volgende bevindinge na vore:

- * Die opleiding moet vanuit die lewensbeskoulike vertrek, aangesien dit die hele opleiding sal rig en 'n besondere karakter daaraan sal verleen.
- * Daar moet duidelike doelstellings gestel word aangesien dit die leerinhoud sal bepaal.
- * Die regte leergeleenthede moet vir die leerlingleiers geskep word, sodat die leerinhoud ontsluit kan word.
- * Die opleidingsprogram moet geëvalueer word ten einde vas te stel of die doelstellings verwesenlik is, al dan nie.
- * 'n Opleidingsmodel vir die opleiding van leerlingleiers is deur die navorser daargestel (vergelyk paragraaf 1.5).

5.4 GEVOLGTREKKINGS EN HIPOTSETOETSING

Uit die onderhawige navorsing kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- * Leerlingleiers moet opgelei word om hulle taak suksesvol ten uitvoer te kan bring. Die opleiding van leerlingleiers moet geskied teen die agtergrond van die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing.
- * Leerlingleiers is situasioneel en daar sal ook voorsiening voor gemaak moet word om die regte leier vir die regte situasie op te lei.
- * Leerlingleierskap is 'n eiesoortige leierskap en daar sal nie uit die oog verloor mag word nie dat die portuurgroepe bepaalde standaarde neerlê, waaraan die

leerlingleier ook sal moet voldoen om hom vir sy medeleerlinge aanvaarbaar te maak.

- * Die volgende opleidingskomponente moet in die opleidingsprogram opgeneem word:
 - teorie en praktyk van leierskap,
 - handhawing van goeie menseverhoudinge,
 - bestuursfunksies,
 - leerlingsake.
- * Die voogonderwyser is die mees geskikte persoon om die opleiding waar te neem en hy sal opgelei moet word om die leerlingleiers by te staan en om hulle leierskapsmoontlikhede te kan ontwikkel.
- * Die gestelde navorsingshipotese naamlik dat die leerlingleiers in die sekondêre skole van Transvaal aan die hand van 'n vooropgestelde leierskapsprogram opgelei kan word, word hiermee formeel aanvaar.

5.5 AANBEVELINGS

5.5.1 Aanbevelings vir die onderwys in die algemeen:

- * Die onderwys is daarop ingestel om die leerlinge voor te berei vir die toekoms. As sodanig ontvang die leerlinge vakonderrig volgens hulle aanleg. Die leerlinge word ook gevorm op die kulturele- en sportgebied. Die onderwys sal ook voorsiening moet maak vir die opleiding van sy leerlingleiers sodat hulle nie op 'n lukrake wyse sal funksioneer nie.

5.5.2 Aanbevelings vir die opleiding van leerlingleiers:

- * Leerlingleiers vervul 'n belangrike rol in die doeltreffende beheer van die sekondêre skool, nie net om te help met die uitoefening van dissipline teenoor

hulle medeleerlinge nie, maar ook om die hoogste vorm van deelname van die medeleerlinge te verkry. Daarom sal die leerlingleiers effektief opgelei moet word om bogenoemde te verwesenlik. Die opleiding moet deur die sekondêre skool self waargeneem word, ooreenkomstig die vereistes wat hulle daaraan stel.

5.5.3 Verdere navorsing

Uit die onderhawige studie het die volgende sake na vore getree wat verder nagevors behoort te word:

- * Die wyse waarop die portuurgroep leierskap kan beïnvloed, deur middel van die norme, standaarde en kodes wat hulle neerlê, behoort verder nagevors te word.
- * Die rol wat die onderwysers in die opleiding van leerlingleiers te vervul het, behoort nagevors te word.
- * Die identifisering van leerlingleiers en die daarstelling van 'n effektiewe identifiseringsmodel behoort nagevors te word.
- * Die Christelike gesagsbeskouing ten opsigte van leerlingleierskap behoort nagevors te word.

5.6 SLOTOPMERKING

Soos die leerlinge op skool toegerus en gevorm word om hulle plek eendag in die samelewing te kan volstaan, so moet die leerlingleiers ook toegerus word om sy plek in die skool en in die samelewing te kan volstaan.

Leerlingleierskap is 'n eiesoortige leierskap. Dit beteken dat die leerlingleier nie soos die volwasse leier opgelei kan word nie omdat hy onder omstandighede optree waar hy

terselfdertyd leerling asook leerlingleier is. Hy staan in verhouding teenoor sy medeleerlinge wat bepaalde verwagtinge van hom koester asook teenoor die onderwysers wat ook bepaalde vereistes aan hom stel.

Daarom sal hy opgelei moet word om sy maats se behoeftes te identifiseer en dit te struktureer ten opsigte van doelstelling en doelbereiking asook om sy maats te mobiliseer ten opsigte van dié vereistes wat die skool aan die leerlingleiers stel.

Die opleiding van leerlingleiers moet ook gesien word as skooling van leiers vir die toekoms en daarom glo navorser dat as hulle effektief op die sekondêre skool opgelei kan word, dit hulle na skool in staat sal stel om leiding vanuit grondige kennis van leierskap te gee.

oo0oo

BIBLIOGRAFIE

- ADAIR, J. 1968. Training for leadership. London. MacDonald.
- AUSUBEL, D.P., Montemayor, R. en Svajian, P. 1977. Theory and problems of adolescent development. New York. Grune & Stratton.
- BARNARD, J.S. red. 1966. Sielkunde vir onderwysstudente. Pretoria. HAUM.
- BAUER, G. 1974. An approach to leadership development in the context of secondary education. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.
- BERNARD, P.B. 1981. Onderwysbestuur en onderwysleiding. Durban. Butterworth.
- BERNARD, H.W. 1971. Adolescent development. Scranton. Intext Educational Publishers.
- BESTER, C.W. 1970. 'n Sosiologiese ondersoek na die kriteria vir leierskap by 'n proefgroep universiteitsstudente. Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Departement Sosiologie. PU vir CHO.
- BLAKE, R.R. en Mouton, Jane S. 1977. The managerial grid. Houston. Gulf Publishing Company.
- BOSHOFF, Berthild. 1976. Die adolessent: Sy ontwikkeling en ontwikkelingstake. Stellenbosch. Universiteitsuitgewers.
- BOTHA, M. Elaine. 1973. Gesag en vryheid. Referaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, PU vir CHO.
- BYBEL. Die nuwe vertaling. 1984. Kaapstad. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CALITZ, L.P., Du Plessis, S.J.P. en Steyn, I.N. 1982. Die kurrikulum: 'n Handleiding vir dosente en onderwysers. Durban. Butterworth.
- CAWOOD, J. 1975. Die voorbereiding en voortgesette opleiding van onderwysleiers in andragogies-didaktiese perspektief. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif.
- CAWOOD, J. en Swartz, J.F.A. 1979. As jy gekies word - 'n handleiding vir jong leiers. Goodwood. Nasou.
- CAWOOD, J., Strydom, A.H. en Van Loggerenberg, N.T. 1980. Doeltreffende onderwys. Kaapstad. Nasou.
- CILLIERS, J.L. le R. 1979. Die hoofleerling in die hoërskool. Durban. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde - 1979-1 pp 1-28.
- COETZEE, J. Chris. 1973. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pretoria. Van Schaik.

- DEPARTEMENT Nasionale Opvoeding. 1978. Leierskapseminaar vir Wes-Randse Hoërskole.
- DE WET, J.J., Monteith, J.L. de K., Steyn, H.S. en Venter, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban. Butterworth.
- DE WET, J.J. en Van Zyl, P.J. 1973. Inleiding tot die psigologiese opvoedkunde. Potchefstroom. Pro Rege.
- DIXTON, W.J. 1981. BMDP Statistical software. Berkeley. University of California Press.
- FIEDLER, F.E. 1971. Leadership. New York. General Learning Press.
- FIRMANI, O.M. 1982. 'n Onderzoek na leerlingleierskapontwikkeling in sekondêre skole met spesiale verwysing na die rol van leerlingrade. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- GRESSE, D.A. 1975. 'n Kognatiewe interaksieskaal ten behoeve van onderwysersopleiding. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Randse Afrikaanse Universiteit.
- GRINDER, R.E. 1973. Adolescence. New York. Wiley.
- GUNTER, C.F.G. 1967. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde. Stellenbosch. Universiteitsuitgewers.
- HEYNS, J.A. 1976. Die nuwe mens onderweg. Johannesburg. Tafelberg.
- HOLLANDER, E.P. 1964. Leaders, groups and influence. New York. Oxford University Press.
- HOLLANDER, E.P. 1978. Leadership dynamics. New York. Macmillan.
- HURLOCK, Elizabeth B. 1973. Adolescent development. New York. MacGraw-Hill.
- IRVING, R.G. en Zuck, R.P. 1976. Youth and the church. Chicago. Moody Press.
- JERSILD, A.T. 1961. The psychology of adolescence. New York. MacMillan.
- JEUGRAAD van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. 1978. Jeugleierskursus.
- JONES, J.J., Salisbury, C.J. en Spencer, R.L. 1969. Secondary school administration. New York. McGraw-Hill.
- JOSSELYN, Irene M. 1972. The adolescent and his world. New York. Family Service Association of America.
- Krüger, R.A. 1980. Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp. Pretoria. HAUM.

- LANDMAN, W.A. red. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navor-
singspraktyk. Durban. Butterworth.
- LANDMAN, W.A., Roos, S.G. en Liebenberg, C.R. 1971. Opvoedkunde
en opvoedingsleer vir beginners. Stellenbosch. Universiteits-
uitgewers.
- LERNER, R.M., Spanier, G.B. Adolescent development. 1980. New York.
McGraw-Hill.
- MAREE, H.O. 1977. Simposium in organisasie, bestuur en leierskap
vir hoofde en departementshoofde van veldskole. pp 1:18.
Transvaalse Onderwysdepartement.
- MARSAL, M. 1968. Gezag. Utrecht. Het Spectrum.
- MEINTJES, J.P. 1977. Die jeugleier in sy skool. Lesing gelewer
tydens die Wes-Transvaalse kursus in leierskap, gehou 5 tot
8 Oktober 1977 by die PU vir CHO in samewerking met die Tak
Kultuurbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding,
Wes-Transvaalse Raad vir Kultuurbevordering in ooreenstemming met die
Transvaalse Onderwysdepartement.
- NEDERDUITSE Hervormde Kerk. 1981. Bestuursbeginsels vir kerkwerk.
- NEL, M en De Hart, E. 1976. Dienswerk-Metodiek: Kursus in leier-
skap. Uitgegee deur die Algemene Jeugkommissie van die Neder-
duitse Gereformeerde Kerk.
- PASQUES, L.J. 1976. Jeugleierskursus. Transvaalse Onderwysdeparte-
ment.
- PASQUES, L.J. 1979. Oriënteringskursus vir hoofde van veldskole.
Transvaalse Onderwysdepartement.
- PAUW, S. 1963. Leierskap. Algemene studiebrief. Universiteit
van Suid-Afrika.
- PIETERSE, J.E. 1980. Die ideale leier. Studiestuk 151. Insti-
tuut vir die Bevordering van Calvinisme. PU vir CHO. Pot-
chefstroom.
- PRETORIUS, J.W.M. 1979. Opvoeding, samelewing, jeug : 'n Sosiope-
dagogiekleerboek. Pretoria. Van Schaik.
- RETIEF, T. en Koorts, J.T. 1976. Induksie en opleiding in die
nywerheid. Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing. We-
tenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad. Johannesburg.
- SCHOEMAN, H. 1968. Leierskap-sleutel tot sukses. Johannesburg.
Voortrekkerpers.
- SERFONTEIN, S. en Du Toit, L.J. 1979. Bestuurswenke vir die
Junior Rapportryer. Pretoria. V en R Drukkers.
- SERGIOVANNI, T.J. 1979. Is leadership the next great training
robbery. Educational Leadership. 36(6) : 388 - 394 (Mar).

BYLAE A

- SMITH, J.A.J. 1982. Leieridentifikasie en 'n poging tot die ontwerp van 'n Christelik-gefundeerde leierontwikkelingsmodel vir die sekondêre skool. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- STOGDILL, Ralph M. 1974. Handbook of leadership : A survey of theory and research. New York. Macmillan.
- STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg. De Jong.
- STONES, E. en Morris, S. 1972. Teaching practice : Problems and perspectives. London. Methuen.
- STRYDOM, A.H. 1970. Die taak van die skool as samelewingsverband met betrekking tot die voorbereiding en toerusting van die jeugdigste leier vir sy taak in 'n gedifferensieerde samelewing. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Fakulteit van Opvoedkunde. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- STRYDOM, A.H. 1977. Die leier en leierskap in Christelike perspektief. Fokus 5 (4) : 608-623.
- VAN DER MERWE, N.J. 1976. Die identifisering van leierskapmoontlikhede by leerlinge in die sekondêre skool. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Departement Empiriese Opvoedkunde. Universiteit van Suid-Afrika.
- VAN DEN BERG, J.H. 1977. Vryheid en gesag : Voordrag gelewer tydens Wes-Transvaalse kursus in leierskap. PU vir CHO.
- VAN DER WALT, J.L. en Dekker, E.I. (Mev.) 1982. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom. Pro Rege.
- VAN DYK, C.J. 1980. Navorsingsvooruitgang en die teoretiese model. pp 195-238. (In : Landman, W.A. red. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban. Butterworth.
- VAN LOGGERENBERG, N.T. 1979. Die behoefte aan leierskap vir ons jeug. Die Vrystaatse Onderwyser. 68(7):1-7).
- VAN STADEN, M.J. 1972. Die taak van die skool ten opsigte van die uitbouing en bestendiging van 'n lewensopvatting. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.
- VAN WYK, C. 1973. 'n Pedagogiese evaluering van die Calvinistiese opvoedingsdoel. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.
- VAN WYK, J.H. 1973. Religie, opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom. Pro Rege.
- VAN WYK, J.H., Stone, H.J.S., Engelbrecht, G.J. en Grové, I.J. 1969. Geloofsleer en sedeleer. Leerboek vir st. 10-leerlinge. Pretoria. Interkerklike Uitgewerstrust.
- WEINER, I.B. en Elkind, D. 1972. Child development : A core approach. New York. Wiley.



Telefoon: 45-1513

Meneer

VRAELYS OOR DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

Hiermee vra ek u vriendelike samewerking om die ingeslote vraelyste te voltooi. Vraelys "A" moet asseblief deur die Hoof en die Voogonderwyser (verantwoordelik vir leerling-leiers) voltooi word en vraelys "B" moet deur die Hoofseun en die Hoofdogter (of ander geskikte senior leerlingleiers) voltooi word.

Die doel hiermee is om inligting te verkry vir 'n M.Ed.-verhandeling waardeur ek beoog om 'n model vir die opleiding van leerlingleiers aan sekondêre skole daar te stel. Die doel is nie om die inligting van vraelys "A" (personeel) met die van vraelys "B" (leerlingleiers) te vergelyk nie, maar om inligting van die onderwysers sowel as die leerlingleiers vir die onderhawige studie te verkry. Verlof is van die TOD verkry om die vraelys aan sekondêre skole in Transvaal te mag stuur. (Sien aangehegte brief van goedkeuring van die Direkteur van Onderwys.)

Alle inligting is vertroulik en gegewens word slegs gebruik in statistiese verwerkings. U kan en sal op geen wyse geïdentifiseer word nie. Verseël asseblief die vraelyste in die gefrankeerde koeverte en stuur dit terug voor 31 Mei 1984.

U samewerking en spoedige afsending van die voltooide stukke sal hoog op prys gestel word.

By voorbaat dankie.

Die uwe


J.M. THEUNISSEN

Verwysings No. TOA 9-7-2
Reference

Navres. Mnr./Mr. Dr. P.H. Breden-
Enquiries. kamp

Tel. No. 280-2379



Alle mededelings moet geadresseer word aan
die Direkteur van Onderwys.

All communications must be addressed to
the Director of Education.

**TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT.
THE TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT.**

Privaatsak **76**
Private Bag

Pretoria, 1984-04-24
0001

Mnr. J.M. Theunissen
Posbus 25085
Monumentpark
PRETORIA
0105

Geagte mnr. Theunissen

VRAELYTE OOR OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

U skrywe van 1984-04-04 het betrekking.

Toestemming word hiermee verleen dat u die vraelyste mag laat voltooi deur die betrokke hoofde, onderwysers, hoofseuns en hoofdogters van 20 sekondêre skole in Transvaal.

Hierdie toestemming is egter onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- . U moet self die samewerking van die hoofde van die skole verkry sonder om hierdie brief as hefboom vir die doel te gebruik.
- . Die name van skole, onderwyspersoneel en leerlinge mag nie in u verhandeling genoem word nie.
- . Die Departement sal graag 'n afskrif van u verhandeling, na voltooiing daarvan, wil ontvang.

Die uwe

P.H. Bredenkamp

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

VRAELYS A: OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

(Moet deur die Skoolhoof en voogonderwyser vir leerling-leiers voltooi word.)

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT:

- * Lees asseblief die vrae noukeurig deur.
- * Besluit watter antwoord u as die mees toepaslike op die vraag beskou en omkring dan die syfer wat u as korrek beskou.

Voorbeeld

In watter gebied is die skool geleë waar u onderwys gee:

Stedelik

Semi-stedelik

Platteland

1
②
3

- * Indien u dit moeilik vind om tussen twee afleiers te onderskei; moet u die mees toepaslike uitsonder, asseblief.
- * U moet dus slegs EEN antwoord op n bepaalde vraag verstrek.

AFDELING A

DEMOGRAFIESE INLIGTING

Rekenaargebruik

Kaart (1)

Vraelysnummer (2-4)

Kaart 1:

1. Wat is u geslag?
- Manlik
- Vroulik

1
2

(5)

2. Hoe oud is u?
- 20-30 jaar
- 31-40 jaar
- 41-50 jaar
- 51-60 jaar
- Ouer as 60 jaar

1
2
3
4
5

(6)

3. Waar is die skool geleë, waar u tans onderrig gee?
 Stedelik (bv. Pretoria, Johannesburg, Pietersburg)

1

 Semi-stedelik (bv. Witbank, Potchefstroom)

2

 Platteland (bv. Warmbad, Nylstroom, Carolina)

3

 (7)
4. Wat is die leerlingtal in hierdie skool?
 S1 (600+ leerlinge)

1

 S2 (minder as 600 leerlinge)

2

 (8)
5. Wat is die medium van onderrig aan u skool?
 Afrikaans

1

 Engels

2

 Afrikaans en Engels (dubbelmedium)

3

 (9)
6. Doo hoeveel voltooide jare onderrigservaring beskik u?
 0-5 jaar

1

 6-10 jaar

2

 11-15 jaar

3

 16-20 jaar

4

 Meer as 20 jaar

5

 (10)
7. Wat is die graad van die onderrigspes wat u tans beklee?
 Hoof

1

 Adjunk-hoof

2

 Departementshoof

3

 Onderwyser met meriete

4

 Onderwyser

5

 (11)
8. Watter persentasie vorm die leerlingleiers van die skoolpopulasie?
 0-20%

1

 21-30%

2

 31-40%

3

 41-50%

4

 meer as 50%

5

 (12)

9. Uit watter standerds kom die leerlingleiers?
- | | |
|----------------------|---|
| Slegs st. 10 | 1 |
| st. 9 en 10 | 2 |
| st. 8, 9 en 10 | 3 |
| st. 7, 8, 9 en 10 | 4 |
| st. 6, 7, 8, 9 en 10 | 5 |
- (13)

10. Wat is die persentasie kulturele leiers in u skool?
- | | |
|-------------|---|
| 0-10% | 1 |
| 11-20% | 2 |
| 20-30% | 3 |
| 31-40% | 4 |
| 41-50% | 5 |
| meer as 50% | 6 |
- (14)

11. Hoe verwissel die rol van voorgonderwyser by die leerlingraad?
- | | |
|------------|---|
| jaarliks | 1 |
| 2-jaarliks | 2 |
| 3-jaarliks | 3 |
| 4-jaarliks | 4 |
| 5-jaarliks | 5 |
| nooit | 6 |
- (15)

12. Word daar voldoende aandag aan leieridentifisering in u skool gegee?
- | | |
|--|---|
| Identifisering word bevredigend hanteer? | 1 |
| Identifisering word onbevredigend hanteer? | 2 |
| Geen identifisering word gedoen nie? | 3 |
- (16)

13. Op watter wyse word leerlingleiers geïdentifiseer?
- | | |
|--|---|
| In praktiese situasies (bv. Geestesweerbearheidperiodes) | 1 |
| Deur konsensus van die onderwysers | 2 |
| Met behulp van wetenskaplike meting | 3 |
- (17)

14. Verkiesingsprosedure van leerlingleiers aan u skool?

Baie bevredigend

Bevredigend, maar ruimte bestaan vir verbetering

Onbevredigend

1
2
3

(18)

15. Wyse van opleiding van leerlingleiers aan u skool:

Baie bevredigend

Bevredigend, maar ruimte bestaan vir verbetering

Onbevredigend

Leerlingleiers ontvang geen opleiding nie

1
2
3
4

(19)

16. Watter soort opleiding ontvang die leerlingleiers aan u skool?

Indiensopleiding

Formele opleidingskursusse

Vergaderings en simposia

Informele gesprekke

Geen opleiding nie

1
2
3
4
5

(20)

17. Wie bied die opleidingskursus vir leerlingleiers aan u skool aan?

Die onderwysers

Streeksassistent Jeugaangeleenthede van die TOD

Instansies soos die F.A.K. of Departement Nasionale Opvoeding

Ouers

1
2
3
4

(21)

18. Geleenthede vir die opleiding van leerlingleiers aan u skool?

Voldoende geleenthede word vir leerlingleiers geskep

Meer geleenthede kan geskep word

Weinig geleenthede word geskep

1
2
3

(22)

19. Hoe word die leerlingleier se pligte en werks-
terrein omskrywe?
Is deeglik omskrywe

1

Is vaag omskrywe

2

Word glad nie omskrywe nie

3

 (23)
20. Die leerlingraad en beplanning:
Beskik oor geskrewe doelstellings
(jaarprogram)

1

Beskik nie oor geskrewe doelstellings nie

2

 (24)
21. Die leerlingraad en die grondwet
Beskik oor 'n geskrewe grondwet

1

Beskik nie oor 'n geskrewe grondwet nie

2

 (25)
22. Die leerlingraad en akkommodasiegeriewe:
Beskik oor 'n lokaal van hulle eie vir
vergaderings

1

Beskik nie oor 'n lokaal van hul eie nie

2

 (26)
23. Funksionering van die leerlingraad
Verdeel werksaamhede in subkomitees of
departemente

1

Geen subkomitees of departemente word
aangewys nie

2

 (27)
24. Hoe gereeld vergader die leerlingraad van u skool?
Weekliks

1

Tweeweekliks

2

Maandliks

3

1 maal per termyn

4

ongereeld

5

 (28)
25. Nominasieprosedure van leerlingleiers aan u skool:
Baie bevredigend

1

Bevredigend, maar ruimte bestaan vir
verbetering

2

Onbevredigend

3

 (29)

26. Taak van die voorgonderwyser
Verrig taak met vrymoedigheid as gevolg
van sy/haar opleiding
Verrig taak met gemak alhoewel geen op-
leiding nie
Verrig taak onvoldoende as gevolg van
geen opleiding nie
- | |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |
- (30)

AFDELING B: BEGINSELS VAN LEERLINGLEIERSKAP

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

- * In hierdie afdeling moet u die volgende stellings
as volg evalueer en u keuse omring:
0 - stem glad nie saam nie;
1 - stem in 'n geringe mate saam;
2 - stem gedeeltelik saam;
3 - stem heelhartig saam.

Voorbeeld

Die leerlingleier moet 'n goeie voor-
beeld stel

0	1	2	3
---	---	---	---

27. 'n Leerlingleier moet oor karaktervastheid en
goeie integriteit beskik
- | | | | |
|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
- (31)
28. Hy moet oor 'n goeie intellek en goeie oordeels-
vermoë beskik
- | | | | |
|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
- (32)
29. Hy moet oor entoesiasme en ondernemingsgees beskik
- | | | | |
|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
- (33)
30. Hy moet oor voldoende selfvertroue beskik
- | | | | |
|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
- (34)

31. Hy moet goed by die groep kan aanpas en goeie samewerking van hulle verkry

0	1	2	3
---	---	---	---

 (35)
32. Hy moet goed kan organiseer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (36)
33. Hy moet oor 'n goeie redenasievermoë beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (37)
34. Hy moet oor die vermoë beskik om te kan delegeer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (38)
35. Hy moet bewus wees van sy eie beperkinge

0	1	2	3
---	---	---	---

 (39)
36. Liggaamlike fiksheid en gesondheid is 'n voorvereiste vir leerlingleierskap

0	1	2	3
---	---	---	---

 (40)
37. Leerlingleierskap vereis toewyding aan sy geloofsoortuiginge

0	1	2	3
---	---	---	---

 (41)
38. Leerlingleiers word wel met 'n natuurlike aanleg gebore maar leerlingleierskap is nie noodwendig 'n aangebore eienskap nie

0	1	2	3
---	---	---	---

 (42)
-

AFOELING C: DIE LEERLINGLEIER EN MENSEVERHOUDINGE

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Hanteer soos vir afdeling B asseblief.

39. Die leerlingleier moet kennis dra van konflikthantering

0	1	2	3
---	---	---	---

 (43)
40. Leerlingleierskap word verbeter deur 'n egte belangstelling in medeleerlinge te hê

0	1	2	3
---	---	---	---

 (44)

41. Die leerlingleier moet kennis dra oor wyses om kritiek te hanteer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (45)

42. Die leerlingleier moet aandag gee aan die persoonlike behoeftes van elke lid van die groep

0	1	2	3
---	---	---	---

 (46)

43. Die leerlingleier moet wanneer hy teenstand van sy medeleerlinge ervaar, eerlike selfkennis en selfinsig kan toepas.

0	1	2	3
---	---	---	---

 (47)

AFDELING D: VOOGONDERWYSER EN DIE LEERLINGLEIER

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Hanteer soos vir Afdeling C asseblief.

44. Die voogonderwyser moet sy geloofsoortuiginge teenoor die leerlingleier uitlewe

0	1	2	3
---	---	---	---

 (48)

45. Die leerlingleier het behoefte aan steun van die voogonderwyser vir die uitvoering van sy taak

0	1	2	3
---	---	---	---

 (49)

46. Die voogonderwyser moet as effektiewe skakel tussen die personeel en leerlingleiers optree

0	1	2	3
---	---	---	---

 (50)

47. Hy moet waak teen oormatige werkbelading van die leerlingleier

0	1	2	3
---	---	---	---

 (51)

48. Hy moet die leerlingleiers deurentyd beoordeel en evalueer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (52)

AFDELING E: DIE LEERLINGLEIER EN BESTUUR

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Hanteer soos vir Afdeling D asseblief.

49. Die toepassing van dissipline is die belangrikste taak van die leerlingleier

0	1	2	3
---	---	---	---

 (53)
50. Die kennis en toepassing van vergaderingsprosedure is onmisbaar vir die leerlingleier

0	1	2	3
---	---	---	---

 (54)
51. Die leerlingleier moet opgelei word hoe om te organiseer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (55)
52. Die leerlingleier moet geleer word hoe om kontrole toe te pas ten einde te verseker dat die gestelde doelstellings bereik sal word

0	1	2	3
---	---	---	---

 (56)
53. Die leerlingleier moet opgelei word om alle kommunikasiekanale effektief te gebruik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (57)
54. Die leerlingleier moet geleer word hoe om probleme op te los

0	1	2	3
---	---	---	---

 (58)
55. Die leerlingleier moet oor kennis van groepsdynamika beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (59)
56. Die leerlingleier moet geleer word hoe om te beplan

0	1	2	3
---	---	---	---

 (60)
57. Die leerlingleier moet onderrig word, hoe om voor 'n groot groep mense op te tree

0	1	2	3
---	---	---	---

 (61)

AFDELING F: OPLEIDINGSPROGRAM VIR LEERLINGLEIERS

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Rangskik die volgende inhoude wat in 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers ingesluit kan word, in volgorde van belangrikheid:

- | | | | |
|------|--|----------------------|------|
| 58.1 | Handhawing van goeie menseverhoudinge | <input type="text"/> | (62) |
| 2 | Handhawing van skooldisipline | <input type="text"/> | (63) |
| 3 | Vermoë om vergaderings te lei | <input type="text"/> | (64) |
| 4 | Optredes tydens skoolfunksies | <input type="text"/> | (65) |
| 5 | Organisering van skoolfunksies | <input type="text"/> | (66) |
| 6 | Skakelwerk tussen personeel en leerlinge | <input type="text"/> | (67) |
| 7 | Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra | <input type="text"/> | (68) |
| 8 | Groepdinamiese tegnieke | <input type="text"/> | (69) |
| 9 | Kommunikatiewe en bestuursvaardighede | <input type="text"/> | (70) |
| 10 | Teorie en praktyk van leierskap | <input type="text"/> | (71) |

59. Watter aspekte word volgens u mening nie deur die vraelys gedek nie?

60. Watter wenke sou u aan die hand kon doen met die oog op die daarstelling van 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers op die sekondêre skool?

(1)

(2)

(3)

(4) _____

(5) _____

STUUR ASSEBLIEF DIE VOLTOOIDE VRAELYS VOOR OF OP 31/051984
TERUG AAN:

Mnr. J.M. Theunissen
Die Hoërskool Waterkloof
Posbus 25085
MONUMENTPARK
0105

VRAELYS B: OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

Moet deur twee leerlingleiers voltooi word (ver kieslik
hoofseun en hoofdogter)

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT:

- * Lees asseblief die vrae noukeurig deur.
- * Besluit watter antwoord u as die mees toepaslike
op die vraag beskou en omkring dan die syfer
wat u as korrek beskou.

Voorbeeld

In watter gebied is die skool geleë waar u skool gaan:

Stedelik

Semi-stedelik

Platteland

1
2
3

- * Indien u dit moeilik vind om tussen twee afleiers
te onderskei; moet u die mees toepaslike uitsonder,
asseblief.
- * U moet dus slegs EEN antwoord op n bepaalde vraag
verstrek

AFDELING A

DEMOGRAFIESE INLIGTING

Rekenaargebruik

Kaart (1)
Vraelysnommer (2-4)

Kaart 1:

1. Wat is u geslag?

Manlik

Vroulik

1
2

 (5)

2. Hoe oud is u?

15 jaar

16 jaar

17 jaar

18 jaar

ouer as 18 jaar

1
2
3
4
5

 (6)

3. Waar is die skool geleë, waar u tans skool gaan?
 Stedelik (bv. Pretoria, Johannesburg, Pietersburg)

1

 Semi-stedelik (bv. Witbank, Potchefstroom)

2

 Platteland (bv. Warmbad, Nylstroom, Carolina)

3

 (7)
4. Wat is die leerlingtal in hierdie skool?
 S1 (600+ leerlinge)

1

 S2 (minder as 600 leerlinge)

2

 (8)
5. Wat is die medium van onderrig aan u skool?
 Afrikaans

1

 Engels

2

 Afrikaans en Engels (dubbelmedium)

3

 (9)
6. Watter leiersposisie beklee u tans?
 Hoofseun/Hoofdogter

1

 Prefek

2

 Klaskaptein

3

 Sportkaptein

4

 Kultuurleier

5

 (10)
7. Hoe beskou u die opleiding wat u as leerlingleier ontvang het?
 Baie doeltreffend

1

 Doeltreffend, maar ruimte vir verbetering bestaan

2

 Ondoeltreffend

3

 Leerlingleiers ontvang geen opleiding nie

4

 (11)
8. Watter soort opleiding as leerlingleier het u ontvang?
 Indiensopleiding

1

 Formele opleidingskursusse

2

 Vergaderings en simposia

3

 Geen opleiding nie

4

 (12)

9. Wie beskou u as die mees geskikste persoon/instansie om die leerlingleier op te lei?
Die onderwysers

1

Streekassistent Jeugaangeleenthede van die TOD

2

Instansies soos die FAK of Departement Nasionale Opvoeding

3

Ouers

4

 (13)
10. Geleentheid vir die opleiding van leerlingleiers aan u skool:
Voldoende geleentheid word vir leerlingleiers geskep

1

Meer geleentheid kan geskep word

2

Weinig geleentheid word geskep

3

 (14)
11. Hoe word u pligte en werksterrein omskrywe?
Deeglik omskrywe

1

Vaag omskrywe

2

Word glad nie omskrywe nie

3

 (15)
12. Die leerlingraad en beplanning:
Beskik oor geskrewe doelstellings (jaarprogram)

1

Beskik nie oor geskrewe doelstellings nie

2

 (16)
13. Die leerlingraad en die grondwet
Beskik oor 'n geskrewe grondwet

1

Beskik nie oor 'n geskrewe grondwet nie

2

 (17)
14. Die leerlingraad en akkommodasiegeriewe
Beskik oor 'n lokaal van hulle eie

1

Beskik nie oor 'n lokaal van hul eie nie

2

 (18)
15. Funkisionering van die leerlingraad
Verdeel werksaamhede in subkomitees of departemente

1

Geen subkomitees of departemente word aangewys nie

2

 (19)

16. Hoe gereeld vergader die leerlingraad van u skool?

Weekliks

1

Tweeweekliks

2

Maandliks

3

1 maal per termyn

4

ongereeld

5

(20)

17. Nominasieprosedure van leerlingleiers aan u skool:

Baie bevredigend

1

Bevredigend, maar ruimte bestaan vir verbetering

2

Onbevredigend

3

(21)

18. Skakeling met voorgonderwyser

Baie bevredigend

1

Bevredigend, maar ruimte bestaan vir verbetering

2

Onbevredigend

3

(22)

AFDELING B: BEGINSELS VAN LEERLINGLEIERSKAP

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

* In hierdie afdeling moet u die volgende stellings as volg evalueer en u keuse omring:

0 - stem glad nie saam nie;

1 - stem in 'n geringe mate saam;

2 - stem gedeeltelik saam;

3 - stem heelhartig saam

Voorbeeld

Die leerlingleier moet 'n goeie voorbeeld stel

0 1 2 ③

19. n Leerlingeier moet oor karaktervastheid en goeie integriteit beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (23)
20. Hy moet oor goeie verstand en goeie oordeelsvermoë beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (24)
21. Hy moet oor entoesiasme en ondernemingsgees beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (25)
22. Hy moet oor selfvertroue beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (26)
23. Hy moet goed by die groep kan aanpas en goeie samewerking verkry

0	1	2	3
---	---	---	---

 (27)
24. Hy moet goed kan organiseer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (28)
25. Hy moet oor goeie redenasievermoë beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (29)
26. Hy moet oor die vermoë beskik om te kan delegeer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (30)
27. Hy moet bewus wees van sy eie beperkinge

0	1	2	3
---	---	---	---

 (31)
28. Liggaamlike fiksheid en gesondheid is n voorvereiste vir leerlingeierskap

0	1	2	3
---	---	---	---

 (33)
29. Leerlingeierskap vereis toewyding aan sy geloofs-oortuiginge

0	1	2	3
---	---	---	---

 (34)
30. Leerlingeiers word wel met n natuurlike aanleg gebore maar leerlingeierskap is nie noodwendig n aangebore eienskap nie

0	1	2	3
---	---	---	---

 (35)

AFDELING C: DIE LEERLINGLEIER EN MENSEVERHOUDINGE

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Hanteer soos vir afdeling B asseblief.

31. Die leerlingleier moet kennis dra van konflik hantering

0	1	2	3
---	---	---	---

 (35)
32. Leerlingleierskap word verbeter deur n egte belangstelling in medeleerlinge te hê.

0	1	2	3
---	---	---	---

 (36)
33. Die leerlingleier moet kennis dra oor hoe om kritiek te hanteer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (37)
34. Die leerlingleier moet aandag gee aan die persoonlike behoeftes van elke lid van die groep

0	1	2	3
---	---	---	---

 (38)
35. Die leerlingleier moet wanneer hy teenstand van sy medeleerlinge ervaar, eerlik selfkennis en selfinsig kan toepas.

0	1	2	3
---	---	---	---

 (39)
-

AFDELING D: VOOGONDERWYSER EN DIE LEERLINGLEIER

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Hanteer soos vir afdeling C asseblief.

36. Die voogonderwyser moet sy geloofsoortuiginge teenoor die leerlingleier uitlewe

0	1	2	3
---	---	---	---

 (40)

37. Die leerlingleier het behoefte aan steun van die voogonderwyser vir die uitvoering van sy taak

0	1	2	3
---	---	---	---

 (41)
38. Die voogonderwyser moet as effektiewe skakel tussen die personeel en leerlingleier optree

0	1	2	3
---	---	---	---

 (42)
39. Hy moet waak teen oormatige werkbelading van die leerlingleier

0	1	2	3
---	---	---	---

 (43)
40. Hy moet die leerlingleiers deurentyd beoordeel en evalueer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (44)
-

AFDELING E: DIE LEERLINGLEIER EN BESTUUR

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT

Hanteer soos vir afdeling D asseblief.

41. Die toepassing van dissipline is die belangrikste taak van die leerlingleier

0	1	2	3
---	---	---	---

 (45)
42. Die kennis en toepassing van vergaderingsprosedures is onmisbaar vir die leerlingleier

0	1	2	3
---	---	---	---

 (46)
43. Die leerlingleier moet opgelei word om te organiseer

0	1	2	3
---	---	---	---

 (47)
44. Die leerlingleier moet geleer word hoe om kontrole toe te pas ten einde te verseker dat die gestelde doelstellings bereik sal word

0	1	2	3
---	---	---	---

 (48)

45. Die leerlingleier moet opgelei word om alle kommunikasiekanale effektief te gebruik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (49)

46. Die leerlingleier moet geleer word hoe om probleme op te los

0	1	2	3
---	---	---	---

 (50)

47. Die leerlingleier moet geleer word hoe om te beplan

0	1	2	3
---	---	---	---

 (51)

48. Die leerlingleier moet onderrig word, hoe om voor 'n groep mense op te tree

0	1	2	3
---	---	---	---

 (52)

49. Die leerlingleier moet oor kennis van groepsdynamika beskik

0	1	2	3
---	---	---	---

 (53)

AFDELING F: OPLEIDINGSPROGRAM VIR LEERLINGLEIERS

50. Rangskik die volgende inhoude wat in 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers ingesluit kan word, in volgorde van belangrikheid:

- | | | | | |
|------|--|---|--|------|
| 50.1 | Handhawing van goeie menseverhoudinge | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (54) |
| | | | | |
| 2 | Handhawing van skoordisipline | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (55) |
| | | | | |
| 3 | Vermoë om vergaderings te lei | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (56) |
| | | | | |
| 4 | Optredes tydens skoolfunksies | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (57) |
| | | | | |
| 5 | Organisering van skoolfunksies | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (58) |
| | | | | |
| 6 | Skakelwerk tussen personeel en leerlinge | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (59) |
| | | | | |
| 7 | Optrede teenoor leerlinge wat hulle wangedra | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (60) |
| | | | | |
| 8 | Groepdinamiese tegnieke | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (61) |
| | | | | |
| 9 | Kommunikatiewe en bestuursvaardighede | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (62) |
| | | | | |
| 10 | Teorie en praktyk van leierskap | <table border="1"><tr><td> </td></tr></table> | | (63) |
| | | | | |
-

51. Watter aspekte word na u mening nie deur die vrae in die vraelys gedek nie?

52. Watter wenke sou u aan die hand kan doen in h opleidingprogram vir leerlingeiers op die sekondêre skool?

STUUR ASSEBLIEF DIE VOLTOOIDE VRAELYS VOOR OF OP 31/05/1984
TERUG AAN:

Mnr. J.M. Theunissen
Die Hoërskool Waterkloof
Posbus 25085
MONUMENTPARK
0150